DIE GESKEIDENHEID TUSSEN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA EN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1950 - 1995

André Jansen
B.A. Th.B.

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Theologiae Magister in die Departement Dogmatologie en Ekklesiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. A. le R. Du Plooy

POTCHEFSTROOM

1996

INHOUDSOPGAWE:

VOORWOORD.....vii

ii

VOORWOORD

Die hoogste lof en grootste dank kom God die Here toe. Die Seun van God het vir Hom ‘n gemeente, uit die hele menslike geslag, tot die ewige lewe uitverkies deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof. Hy vergader, beskerm en onderhou hierdie gemeente van die begin van die wêreld af tot die einde toe. Daarvan is ek ‘n lewende lid (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21).

Met groot dankbaarheid gee ek graag aan die volgende persone en instansies erkenning vir ondersteuning en hulp met hierdie studie.

Hannelie, my vrou, het my met die grootste geduld, liefde en selfopoffering aangemoedig, ondersteun en raad gegee. Ons kinders, Hillerie, Irene en Samuel-Anton, het my op baie maniere bewustelik en onbewustelik aangemoedig en moes self baie opoffer.

My ouers, Anton en Gerda Jansen, was ‘n groot stimulus in my teologiese vorming en het baie bygedra tot die vorming van hierdie studie. Ek is hulle besondere dank verskuldig. My broers, Michiel, Roel en Johannes, asook my skoonouers, Taetse en Hillegonda Vorster, het my op verskeie maniere gedurende my studie ondersteun en aangemoedig.

Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria was baie behulpsaam deur hul argiewe en ander geriewe beskikbaar te stel. Talle lidmate,

asook die predikante (di. N. Droomer, F.J. Bijzet en J. Visser) het uit hul pad gegaan om my soveel moontlik te help, by te staan en aan te moedig in die studie deur bronne beskikbaar te stel en leersame gesprekke te voer.

My studieleier, prof. A. Le R. Du Plooy, het met waardevolle kritiek, groot geduld, en bekwame leiding die voltooiing van hierdie werk moontlik gemaak.

Gert Coetzee, my vriend, het waardevolle raad gegee en veral met uiterste bekwaamheid die taalkundige versorging gedoen.

Ek gee graag erkenning aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat ‘n beurs vir die studie aan my toegestaan het. Menings en gevolgtrekkings in die studie is die van die outeur en geensins die van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) nie.

Wierdapark

Centurion

April 1996

iv

INLEIDING

PROBLEEMSTELLING

Nederlandse immigrante uit die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrygemaakt) het in Suid-Afrika in 1950 ‘n eie kerkverband, onafhanklik van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, gestig onder die naam “Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika” (Bijzet., 1992:11,12; VGKSA, s.j.:5,6). Hulle het verskeie besware aangevoer waarom hulle nie kon aansluit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Vandag bestaan in Suid-Afrika die twee kerkgemeenskappe, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA), reeds sedert 1950 onafhanklik van mekaar.

Albei kerkgemeenskappe handhaaf die Skrif, onderskryf dieselfde belydenis en gebruik die Dordtse Kerkorde. Kragtens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis voldoen albei aan die kenmerke van die ware kerk. Tog is daar geen sigbare eenheid nie (GKSA, 1970:44; GKSA, 1976:396,397; GKSA, 1979:25; NGB art. 28,29; VGKSA, s.j.: 12).

Daar is tans geen teken van eenwording en gemeenskap tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie. Daar kan tereg verwys word na ‘n geskeidenheid tussen dié twee kerkgemeenskappe.

Dit wil voorkom asof die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar dat eenheid in Skrif, belydenis en kerkorde tussen hulle en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan. Hierteenoor kom dit voor asof die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie díe eenheid (in Skrif, belydenis en kerkorde) aanvaar nie. Sy beskouing spruit voort uit sy betrokkenheid in die kerklike stryd in Nederland (1942 tot 1946).

'n Historiese beskrywing of wetenskaplike ontleding oor die geskeidenheid (verhouding) tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is nog nie gedoen nie. Om díe rede het daar nog geen publikasies of ander studies oor hierdie onderwerp verskyn nie.

Die kerk is die liggaam van Christus en mag daarom nie verdeel word nie. Die kerk is tot eenheid geroep (Jn 11:51,52; 17:11). In een land mag nie twee of meer kerke bestaan wat dieselfde leer, diens en tug het, maar nie een is nie (GKSA, 1955:37).

Teen dié agtergrond ontstaan die vrae na die werklike redes vir die geskeidenheid en gebrek aan eenwording, asook of die geskeidenheid sonder meer aanvaar mag word.

DOELSTELLING

Die studie het ten doel om die redes vir die gebrek aan eenheid uit die oorspronklike bronne na te vors en die implikasie(s) daarvan aan te dui. Die studie wil histories navors waarom daar tot hede nog nie eenheid bewerk kon word nie.

Sodoende kan die studie moontlik bydra tot beter wedersydse begrip en die moontlike beëindiging van geskeide verhoudinge en uiteindelik tot ware eenheid in Christus.

TERREINAFBAKENING

Die studie konsentreer op die historiese ontwikkeling van die probleem van geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe sedert die Vrymaking binne die Gereformeerde Kerken in Nederland (1942). Die geskeidenheid is in 1995 steeds ‘n werklikheid. Die studie sal die probleem van die geskeidenheid tot 1995 beskryf. Die bepaalde dogmatiese-, konfessionele- en kerkregtelike verskille sal in die omskrywing van die historiese ontwikkeling aangedui word.

Die studie volg ‘n historiese benadering.

Die omskrywing van die historiese ontwikkeling van die verhouding sal indringende navorsing van toepaslike relevante kerkraadsnotules en sinodebesluite insluit.

BASIESE HIPOTESE

Die basiese hipotese wat vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar word is dat die oorsake vir die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die volgende behels: verskille in kerkbegrip, gebrek aan goeie kommunikasie, kerksentrisme, verskille in vertolking van die begrip "kerklike korrespondensie" en die interpretasie van die geskiedenis van die Vrymaking.

BRONNE

Die studie is 'n literatuurstudie waarin op primêre historiese bronne, naamlik kerkraadsnotules, -korrespondensie, en -besluite asook sinodebesluite, gespreksdokumente van die gespreksdeputate en persoonlike gesprekke met belanghebbendes gekonsentreer word. In soverre dit lig werp op die onderwerp word ook sekondêre bronne, soos boeke, artikels en inligtingspamflette, gebruik.

Primêre bronne kom hoofsaaklik uit die argiewe van die **Gereformeerde Kerk Die Kandelaar** en die **Vrye Gereformeerde Kerk in Pretoria** asook die **argief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**. Die argiewe is nie wetenskaplik genommer of gedokumenteer nie. Riglyne deur Van der Merwe (1972), asook die gebruik van argivale bronne in *Studia Historiae Ecclestiasticae - Journal of the Church History Society of Southern Africa* en deur die Departement Geskiedenis van die PU vir CHO is veral gevolg. Genoeg sekondêre bronne is beskikbaar.

Voldoende bronne is beskikbaar om hierdie studie te regverdig.

METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie is ‘n kerkhistoriese literatuurstudie met die doel om die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe te beskryf.

In die tweede hoofstuk sal die redes vir die stigting van beide kerkgemeenskappe kortliks geskets word om tot beter insig in die geskeidenheid te lei. Die rede hiervoor is dat beide kerkgemeenskappe vanuit bepaalde redes ontstaan het wat bepaalde ooreenkomste toon.

Elke kerkgemeenskap se perspektief van die geskeidenheid word kronologies in afsonderlike hoofstukke omskryf. Die rede waarom die historiese verloop van elke kerkgemeenskap se kontak met en benadering van die ander kerkgemeenskap afsonderlik beskryf word is om ‘n kronologiese lyn te behou. ‘n Verdere rede is om aan die leser ‘n volledige eenheidsperspektief te bied van elke kerkgemeenskap se benadering van die ander kerkgemeenskap.

In die slothoofstuk sal tot ‘n sintese en gevolgtrekking gekom word deurdat die twee lyne saamgeknoop word.

BEGRIPSOMSKRYWING

Na afloop van die Vrymaking in Nederland (1942-1944), wat veroorsaak het dat die Gereformeerde Kerken Nederland geskeur het, het beide kerkgemeenskappe, onafhanklik van mekaar, die naam "Gereformeerde Kerken Nederland" gehandhaaf. Die byvoegsels "synodaal" en "vrijgemaakt" is egter in korrespondensie tussen hakies bygevoeg ten einde verwarring te voorkom. In die studie sal hierdie gebruik gehandhaaf word. Daar sal na die kerkgemeenskap waarvan kerke hulle vrygemaak het, verwys word as die "Gereformeerde Kerken Nederland (syn.)". Na die kerke wat hulle vrygemaak het, sal verwys word as die "Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.)".

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het tot in 1982 bekend gestaan as die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, met "kerk" as enkelvoud. Sedert die Nasionale Sinode van 1982 staan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bekend onder "kerke" in die meervoudsvorm. Wanneer na hierdie kerke in 'n bepaalde tydvak verwys word, sal die amptelike benaming, soos op daardie tydstip in gebruik, gehandhaaf word.

Die Afrikaanse taal en terminologie in sommige aanhalings is dikwels vreemd en onbekende Afrikaans. Dit is wel woordeliks korrek aangehaal en moet as 'n vermenging van Afrikaans en Nederlands beskou word deur Nederlandse immigrante wat nog nie ten volle in Afrikaans onderlê was nie.

DIE STIGTING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA EN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Hierdie hoofstuk stippel kortliks die redes uit wat gelei het tot die stigting van die Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika én die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die redes vir die ontstaan van die twee kerkgemeenskappe stem gedeeltelik ooreen. Die redes word aangedui om 'n beter begrip van albei kerkgemeenskappe te gee, en om die opvallende geskeidenheid te probeer aantoon. Hierdie hoofstuk wil nie die ontstaansgeskiedenis van albei kerkgemeenskappe in detail uiteensit nie, omdat dit nie die doel van die studie is nie. (Vergelyk Jooste, 1958; Spoelstra, 1961 en Kruger, 1957 vir 'n volledige beskrywing oor die ontstaansgeskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vir die ontstaansgeskiedenis van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vergelyk C. Veenhof, 1949; Jansen, 1989 en Van der Kooy)[1]

Uiteraard moet die redes vir die ontstaan van die kerk gesoek word in Christus, as die Bron en Hoof van die kerk wat sy liggaam is (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21). Die vertrekpunt is altyd die eenheid in Christus, maar hierdie hoofstuk wil slegs die faktore aantoon wat in die ontstaan van die twee kerkgemeenskappe 'n rol gespeel het.

Eers word die redes vir die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aangedui. Daarna dié van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

---

[1] R. van der Kooy: Dertig jaar Vrymaking in Suid-Afrika (Kerk en Woord, November 1980 vol. 28, no. 11, pp. 189-192); R. van der Kooy: Kerkgeskiedenis in Pretoria (Kerk en Woord, Januarie tot November 1982 vol. 30, no's. 1-10).

REDES VIR DIE STIGTING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA IN 1859

INLEIDING

Die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het op 10 en 11 Februarie 1859 te Rustenburg plaasgevind. Die gelowiges wat hul individueel en spoedig ook as kerke by hierdie nuwe kerklike gemeenskap gevoeg het, was bekend as 'Doppers' (Spoelstra, 1984:2). Hoewel hierdie geskiedenis volledig beskryf is, vestig ek graag die aandag op enkele aspekte wat myns insiens vir hierdie studie relevant is.

Geloof en godsdiens het die Doppers se lewens van dag tot dag beheers. Hul geïsoleerde leefwyse en ongeletterdheid het albei hiertoe bygedra. Vanweë hul isolasie was die kerk na hul oordeel slegs die infrastuktuur waar genademiddele bedien is (Kruger, 1957:82-105; Spoelstra, 1984:2; Van der Vyver, 1958:193-198).

Om dié rede gaan dit nie by die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859 by Rustenburg oor 'n kerkgenootskap nie. Alles het gewentel om die vraag na die bediening en oor wat in die plaaslike gemeentes aan die orde was. Daar het nie 'n afskeiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk of die Nederduitse Gereformeerde kerkstruktuur plaasgevind met die doel om 'n derde genootskap te stig nie. Die afgestigtes het slegs 'n eie gemeente gevorm waarin hulle op die grondslae van die Reformasie, soos omskryf deur die Sinode van Dordtrecht 1618/19, bedien en regeer wou word.

Plaaslike kerkwees was hul dryfkrag: “daar is geen sprake van ‘n superstruktuur Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika agter die gemeente wat die gemeente wil verteenwoordig nie” (Spoelstra, 1984:2).

AGTERGROND

Met die toenemende sentralisering in die kerkregering sedert die sinode van 1824 en die stigting van meer gemeentes onder die Noordoostelike grensboere sedert 1830, het die lidmate ongewone gedagtes en benaderinge in die eredienste teëgekom as dit waaraan hulle gewoond was. Hulle het dit “nuwighede” genoem, byvoorbeeld: Evangeliese Gesange, bidure, herlewingspreke (Kruger, 1957:82-105; Spoelstra, 1984:3; 1989:62, Van der Vyver, 1958:193-198).

Die kerklike stryd rondom die liturgie het begin met die Evangeliese Gesange-kwessie as ‘n fokuspunt. Die “Doppers” was aan “huisdienste” gewoond. Die meeste van hulle kon slegs vier keer per jaar eredienste in die naaste gemeente bywoon, omdat hulle te ver van die kerke af gewoon het. Die liturgie waaraan hulle in hul “huisdienste” gewoond was, was baie eenvoudiger en meer basies as dié in die kerkgeboue. Gevolglik het hulle vreemde elemente in die liturgie ontmoet waaroor hulle vrae gevra het (Kruger, 1957:82-105; Spoelstra, 1984:3; 1989:61,62; Van der Vyver, 1958:193-198).

Die beswaardes het nie beswaar teen “strukture” van die kerk gehad nie, maar teen aspekte van die bediening (Spoelstra, 1989:65). Die stigting van ‘n eie denominasie, of afskeiding, was ook nie vir hulle belangrik nie. Hulle het ten alle koste gepoog om lojaal binne die eenheid van geloof, aanbidding en dissipline volgens die besluite van Dordtrecht in 1618/19 te bly (Spoelstra, 1984:2; 1989:61).

Hulle het kritiese vrae gevra, byvoorbeeld of dit werklik nodig was om te verander? Wie het die veranderinge verlang, die Here of die mense? (Spoelstra, 1989:63). Spoelstra (1984:3) meen dat die behoefte aan en weerstand teen verandering deur ‘n gesagskwessie beheers is.

As gevolg van die standpunt oor die gesag het twee groepe na vore getree. Die een groep meen dat alle gesag aan God alleen behoort. Die ander groep vra: wat wil die mense hê? Hierdie laaste groep word getipeer as Liberaliste wat meen dat die meerderheid van die vrye individue die hoogste gesag verteenwoordig. Wat wil die meerderheid in die kerk of sinode hê? Hulle het onverdraagsaam gebots met “diegene wat aan die solas van die Hervorming wou vashou: “genade alleen, Skrif alleen, geloof alleen” (Spoelstra, 1984:3).

Die mense wat tevrede was met die Skrif alleen het hierdie nuwe gees in die Evangeliese Gesange in die eredienste teëgekom. Dit het die vraag by hulle laat ontstaan: “Is dit volgens God se Woord?” (Spoelstra, 1984:3). Hulle beswaar was dat die Evangeliese Gesange ‘n “nuwe Evangelie” bevat (Jooste, 1958:30,33-43; Spoelstra, 1989:64).

DIE KERNOORSAAK VIR AFSKEIDING: IS DIT VOLGENS GOD SE WOORD?

Teen dié agtergrond meen Spoelstra dat die vraag oor die aard van bediening en kerkregering sentraal was. Die geskil oor die Evangeliese Gesange het ontaard in ‘n kwessie oor kerkregering. Volgens watter gesag handel die kerkvergaderings en wie se gesag wou die beswaardes gehoorsaam? Hy meen dat dit nie die Evangeliese Gesange was wat die breuk tussen die kerke afgedwing het nie, maar wel die “onversetlike po-

ging om dit af te dwing" (Spoelstra, 1961:226). Sover dit sake van die godsdiens aangaan wou Gereformeerdes nie gedwing wees nie (Jooste, 1858:30,31,33-43; Spoelstra, 1961:226ev). Hy verwys na 'n brief van die kerkraad van Reddersburg aan professor H. De Cock op 14 Januarie 1860 waarin hulle sê dat hulle deur sinodebesluite verplig word. Daar word min of nooit gevra of die besluite volgens God se Woord is nie (1984:4,5).

Van der Vyver (1958:244) meen dat die kwessie van Evangeliese Gesange slegs die puntjie van die ysberg, die vuurhoutjie, die aanleidende oorsaak tot die uiteindelike ontploffing, was. Dit was slegs die sneller wat die skoot oor die Liberalisme en Metodisme in die kerk laat afgegaan het.
Ooreenkomstig Artikels 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het mense hulle in 1859/60 afgeskei om weer 'n Skrifgebonde bediening op plaaslike vlak daar te stel.

> "Gereformeerd wees is in 1859 bepaal en genormeer met die vraag "Is dit volgens God se Woord?" en nie deur wat wil die meerderheid, of wat wil die pous of wat wil die sinode nie. Hoe maklik kan die gesagspool nie van die Skrif na die amp, die kerk of selfs die demokrasie skuif nie!" (Spoelstra, 1984:5).

In dieselfde verband meen Van der Vyver (1958:77) dat die afdwinging van sinodebesluite 'n uiterste konsekwensie van die Liberalisme is. Spoelstra gaan verder deur dit ook as 'n manifestasie van die Kollegialisme te beskryf (1989:65).

As gevolg van die onversetlike afdwinging van sinodebesluite het gelowiges intuïtief tot die slotsom gekom dat plaaslike bediening en kerkregering, soos hulle dit ervaar

het, nie aan die kenmerke van die ware kerk beantwoord nie. Mense wat aan die gesag van God se Woord gehoorsaam wou wees, is deur kerkgesag vervreem en in isolasie gedryf. Hulle is deur predikante en kerkvergaderings as "deurboorders van die liggaam van Christus" bestempel en vervolg, omdat hulle hulself nie deur die sinodebesluite wou laat bind nie. Hulle vertoë om begrip is geïgnoreer (Jooste, 1958:30,33-43; Spoelstra, 1989:60; 64,65).

AFSKEIDING 1859

Die herlewing binne die kerke het sterk toegeneem. Die Modernisme en die Liberalisme het regstreeks 'n groeiende invloed hierop gehad. So het die herlewing in 1859, volgens Spoelstra, hand aan hand saamgeloop met die afskeiding van die Doppers (1961:231,232: 1989:67).

Die uiteindelike stryd wat op 11 Januarie 1859 in Pretoria tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk besleg is, was nie 'n stryd oor Evangeliese Gesange of oor die verhouding van kerk en staat of oor ander dinge nie. Dit was 'n beslissing oor die innerlike karakter van die kerk (Spoelstra, 1961:231).

Die Doppers se gevoelens tydens die afskeiding word soos volg beskryf: "They only had the passion to worship God according to their conscience. Their priority was the ministry of the congregation, according to the standards of the Synod of Dordrecht" (Spoelstra, 1989:72).

Daarom het hulle ernstige besware gehad teen die hiërargie of kerkheerskappy, die oorheersing, onreg en die onderdrukking van die minderheid (Spoelstra, 1989:74). By die besluit van die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk op 11 Januarie 1859 het die Doppers gesê dat die gewetensdwang - wat die sinode se besluit, naamlik dat die Evangeliese Gesange wel gesing sal word, by hulle ontketen het, die pous baar, al is hy nog maar klein en swak (Spoelstra, 1961:232). Volgens hulle is die Sola Scriptura beginsel sodoende vervang deur die gesentraliseerde gesag van die meerdere vergaderinge wat 'n wêreldse karakter aangeneem het (Spoelstra, 1989:75,76).

Die persone wat hulle losgemaak het van die Nederduitsch Hervormde Kerk het aangedui dat hulle as "eene Vrije Gereformeerde Kerk" wou voortbestaan, "overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen zoo als die zich te Dordtrecht in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard... de kerkorde gewijzigd naardat onze tegenwoordige omstandigheden vorderen" (Spoelstra, 1961:233). Terselfdertyd word die hoop en bede uitgespreek dat die kerk weer een sal word (Spoelstra, 1961:233).

KONKLUSIE

Een van die belangrikste redes vir die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was die handhawing van Skrifgesag in die kerk en kerkregering. Van der Vyver (1958:244) noem die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sy diepste wese 'n verset, 'n reformatoriese daad teen die Liberalisme van die negentiende eeu. Hy meen dat die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die greep van die Liberalistiese Kollegialisme magteloos in sy reformatoriese roeping gestaan en hopeloos gefaal het. Dieselfde redes sou by die Vrymaking (1942 -

1944) ‘n rol speel wat tot die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou bydra.

REDES VIR DIE STIGTING VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA IN 1950

Die ontstaan van Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet verstaan word teen die agtergrond van die Vrymaking (1942-1944) in die Gereformeerde Kerken Nederland.

DIE VRYMAKING - ‘N REFORMASIE

In die hitte van die Tweede Wêreldoorlog het die Gereformeerde Kerken Nederland op 11 Augustus 1944 geskeur. Dit was die gevolg van ‘n stryd wat reeds met die Afskeiding in 1834 begin het. Hierdie skeuring staan as die Vrymaking bekend (Deddens, 1994:65; Veenhof, 1949:416).

DIE TWEE VERNAAMSTE REDES

Een van die twee belangrikste redes wat tot die Vrymaking aanleiding gegee het was leerstellig van aard. Die sinode van die Gereformeerde Kerken Nederland van 1942 het Dr Abraham Kuyper se leer van die veronderstelde wedergeboorte aanvaar, wat inhou dat verbond en verkiesing een is. Die tweede beswaar was kerkregtelik van aard. Dieselfde sinode van 1942 het plaaslike kerke se regeertaak oorgeneem en sy gesag op

hulle afgedwing. Só, byvoorbeeld, het die sinode professore K. Schilder en S. Greydanus geskors, omdat hulle hulself nie aan die sinode se besluite wou onderwerp nie. Talle predikante, ouderlinge, diakens, en selfs kerkrade is ook geskors (Jansen, 1989:11; Te Velde, 1994:44,45,47,48,50-61; Veenhof, 1949:416,441-446).[2]

"VRIJGEMAAKT"

Die geskorstes het hulle op 11 en 13 Augustus 1944 "vrijgemaakt" van die Gereformeerde Kerken Nederland. Hulle het hulleself as die wettige voortsetting van die Gereformeerde Kerken Nederland, die Gereformeerde Kerke van die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886, beskou en het gevolglik ook as die Gereformeerde Kerken Nederland bekend gestaan (Deddens, 1994:65; Jansen, 1989:11; Veenhof, 1949:416,441-446). Albei kerkgemeenskappe staan bekend as die Gereformeerde Kerken Nederland. Die gebruik bestaan by albei kerkgemeenskappe dat wanneer die een na die ander verwys die toevoeging (vryg.) vir "Vrygemaakt" of (syn.) vir "Synodaal" gedoen word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die toevoegings deurgaans bygevoeg word om verwarring te voorkom.

---

[2] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Begeleidende skrywe by Om de Unica Catholica, gerig aan alle gereformeerde predikante en professore in Suid-Afrika (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking, 1949, pp. 1,2.); AGKdK C. van der Waal: Skrywe van die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerke te Pretoria aan die sinode van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom van 1955, 1954, pp. 1-7; AGKdK J. Berghout: Verslag van samesprekings met Kommissie II van die sinode van 1955 te Potchefstroom, 31.1.1955, pp. 1-8; AGKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Dr van der Waal en broeders van die sg. Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 31.1.1955, pp. 1-10.; AGKdK C. van der Waal: Brief van die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Innesdal i.s. die Vrymaking, 20.12.1966, pp. 1-5.

'N REFORMASIE

In 1955 vertel Dr C. Van der Waal van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan Kommissie II van die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat die Vrymaking nie 'n rebellie was nie. Die doel was om in eenvoud, met moeite en in verdrukking terug te keer na die Drie Formuliere van Enigheid en die Dordtse Kerkorde deur die verwerping van die skolastiese leer en toepassing van die `Hervormde kerkregering'. Hulle het hulself vry gemaak van die verkeerde leer en sinodekrasie van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Die Vrygemaaktes het die Vrymaking as 'n Reformasie beskou (GKSA, 1955:37-40).[3]

DIE VRYMAKING WERK NA SUID-AFRIKA DEUR

Die Vrymaking sou ongetwyfeld na Suid-Afrika deurwerk, aangesien talle Nederlanders ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika geëmigreer het.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA WEERHOU HOM VAN UITSPRAAK

Van die Nederlandse immigrante wat na die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika geëmigreer het, het aansluiting by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gesoek. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het egter steeds korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), van wie die Gereformeerde Kerken Nederland

[3] AGKdK J. Berghout: Verslag van samesprekings met Kommissie II van die sinode van 1955 te Potchefstroom, 31.1.1955, pp. 1-8; AGKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Dr van der Waal en broeders van die sg. "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika", 31.1.1955, pp. 1-10.

(vryg.) hul vrygemaak het, onderhou. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wou nie ‘n uitspraak oor die Vrymaking maak nie, aangesien die sinode gemeen het dat die Vrymaking ‘n interne aangeleentheid in Nederland was wat nie die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika raak nie.[4] Gevolglik het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) nie beoordeel of veroordeel ten opsigte van die leer- en regeerkwessie nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het gemeen dat sy roeping ten opsigte van hierdie kerke een van getuienis was.[5] Die Vrygemaaktes het hierdie reaksie as ‘n onderskrywing en goedkeuring van die dwaling van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika beskou.[6]

DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die Vrygemaaktes het gemeen dat indien hulle lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sou word hulle die Vrymaking sou verloën en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se optrede kondoneer. Solank as wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sou onderhou sou die Vrygemaaktes nie korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kon voer nie. Daarom het die Vrygemaaktes besluit om tot kerkstigting

---

[4] AGKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met drs van der Waal en broeders van die sg. Gereformeerde kerk van Suid-Afrika, 31.1.1955, p. 5,6.; AGKdK J. Berghout: Verslag van samesprekings met Kommissie II van die sinode van 1955 te Potchefstroom, 31.1.1955, pp. 4,5.7,8; AGKdK C. van der Waal: Brief van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die sinode van 1957 van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika , 2.1.1957, pp. 1-3. AGKdK J. Kamphuis: Blywende roeping, 6.9.1965, p. 2.; AGKSA (K) J.L. de Bruin: Brief van die Gereformeerde Kerk Innesdal insake besware van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, p. 2.; AGKdK C. van der Waal: Brief van die “Gereformeerde Kerk van Pretoria” [VGKSA] aan die sinode van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika.s.j. p. 6.

[5] AGKdK J. Kamphuis: Blywende roeping, 6.9.1965, pp. 3,4.

[6] AGKdK C. van der Waal: Brief van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1957 aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1958, 2.1.1957, p.1.; AGKdK Brief aan “Geachte Heer Bakker” van die “kerkeraad”, 11.7.1951, p. 1.

oor te gaan.[7] Die Vrye Gereformeerde Kerk is op 8 Oktober 1950 onder leiding van Ds F.A. den Boeft van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) gestig (Jansen, 1989:12).[8] Die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou egter van tydelike aard wees. Indien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sinode van 1952 korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sou staak, sou die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika weer ontbind word.[9]

KONKLUSIE

Soos die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859, wou die Vrymaking en die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die suiwer leer en kerkregering beskerm en handhaaf. Albei kerkgemeenskappe het ontstaan uit ‘n begeerte om die suiwerheid en eenvoud van die Skrif in die Woordbediening en kerkregering te handhaaf. Daarom het albei as Vrye Gereformeerde Kerke bekend gestaan. Gevolglik kan gesê word dat die redes vir die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bepaalde ooreenkomste toon wat ‘n invloed sou hê op hul soeke na eenheid.

---

[7] AGKdK C. van der Waal: Brief van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1955, 24.1.1955.; AGKSA (K) Notule van vergadering van deputaatskap vir korrespondensie, 30.8.1950; AGKSA (K) S. du Toit: Verklaring.

[8] AGKSA (K) S. du Toit: Verklaring - Notule van vergadering van deputaatskap vir korrespondensie, 30.8.1950.

[9] AGKSA (K) Notule van vergadering van deputaatskap vir korrespondensie, 30.8.1950.; AGKSA (K) du Toit: Verklaring.; AGKSA K) Namens deputaatskap vir korrespondensie: brief aan alle predikante en kerkrade, September 1950.

DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE SOEKE NA EENHEID: HUL BENADERING TOT EN EVALUERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BENADERING

Die Vrymaking was nie maar ‘n eenmalige gebeurtenis wat spoedig vergeet sou kon word nie. Die skeuring in die Gereformeerde Kerken Nederland sou ook ‘n invloed op die Gereformeerde kerklike lewe in Suid-Afrika hê. Die Nederlandse immigrante in Suid-Afrika afkomstig uit die Vrymaking sou ‘n besliste rol hierin speel.

Hierdie hoofstuk bespreek die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se probleme in ‘n soeke na eenheid: hul benadering tot en evaluering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sedert die Vrymaking. Die handelinge van verskeie sinodes van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika asook verslae van hierdie kerke se deputate word hoofsaaklik vir hierdie doel in die hoofstuk gebruik. Die meerderheid tersaaklike verslae, briewe en rapporte wat in die argief van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is, is as bylaes in die betrokke Acta Synodi opgeneem as primêre bronne.

Met die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1950 was die naam van hierdie kerkgemeenskap vir ‘n tyd lank ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die meervoud kerke as enigste verskil. Ter wille van duidelikheid sal deurentyd na Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwys word.

1949 - 1953: EERSTE KONTAK MET DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Immigrante uit die Vrymaking in Nederland na Suid-Afrika het sedert die Tweede Wêreldoorlog aansluiting by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gesoek (Douma, 1994:279). Hulle het egter ernstige bedenkinge oor die verhoudinge van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) gehad. Vanweë hul bande met die Vrymaking (1942 - 1944) het hulle gemeen dat hulle nie die Vrymaking kan verloën deur by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as lidmate aan te sluit solank as wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy bande met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) handhaaf nie. Indien hulle wel by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sou aansluit, sou hulle deur hul optrede die Gereformeerde Kerken Nederland se optrede tydens die sinode van 1942 tot 1944 goedkeur en by implikasie die leer oor die veronderstelde wedergeboorte en die tug- en skorsingsreg van die sinode van die Gereformeerde Kerken Nederland van 1942-1944 onderskryf (Douma, 1994:279,280).

In 1949 stuur J.C. Jansen, een van die Nederlandse immigrante uit die Vrymaking wat hom in Suid-Afrika gevestig het, ‘n eksemplaar van Veenhof (1949) se boek oor die Vrymaking met ‘n begeleidende brief aan elke predikant en teologiese professor van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, asook aan alle Gereformeerdes uit die Vrymaking in Suid-Afrika.[10] Die boek beskryf die gebeure rondom die Vrymaking (1942-1944) breedvoerig. In die brief word die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgeroep om kragtens die eenheid van die geloof te handel en die waarheid te laat seëvier deur

[10] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Aan al die Gereformeerde Predikante en Professore in Suid-Afrika, 1949 (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking, pp. 1,2); AGKdK J.C. Jansen: Aan alle vrijgemaakte Gereformeerden in Zuid-Afrika, Augustus 1949.

die band met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) te verbreek. Die brief meld dat daar ‘n aantal Gereformeerdes in Suid-Afrika uit die Vrymaking in Nederland is wat die eenheidsband met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wil opneem en handhaaf.[11] Hulle worstel egter met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se band met ‘n kerk wat die Bybelse spoor verlaat het, naamlik die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Daarom roep die brief elke predikant en professor op om die boek van Veenhof (1949) te bestudeer, sodat alle onkunde rakende die Vrymaking uit die weg geruim kan word. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word ook gewys op sy verantwoordelikheid om ondubbelsinnig te antwoord op die ware eenheid, ‘n antwoord wat Jesus Christus waardig is. Luidens ‘n mededeling in 1994 van mnr A. Jansen, seun van J.C. Jansen, het slegs een predikant op hierdie brief en boek gereageer. Die predikant het negatief gereageer op die oproep om die Vrymaking as ‘n reformatoriese gebeurtenis te erken.[12]

J.C. Jansen, wat ‘n leidende rol onder die immigrante na Suid-Afrika uit die Vrymaking gespeel het, het in verskeie briewe aan alle immigrante na Suid-Afrika uit die Vrymaking (1942 - 1944) en ook in Nederlandse kerklike blaaie na die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verwys as ‘n valse kerk wat van die gereformeerde leer volgens Artikels 27, 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis afgedwaal het.[13] Hy meen dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika afvallig geword het van die Woord van die Here en hom aan verwêreldliking en vervlakking oorgegee het. Hierdie feite kan vol-

[11] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Aan al die Gereformeerde Predikante en Professore in Suid-Afrika, 1949. (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking, p. 2).

[12] Mededeling van A. Jansen aan die skrywer. (Klankopname in besit van die skrywer).

[13] AGKdK J.C. Jansen: Geachte Heer en Broeder van den Berg, 3.7.1950; AGKdK H. Smit en J.C. Jansen: Brief gezonden aan br U. Huizinga te Orkney, 27.9.1950; AGKdK De Kerkeraad van Pretoria: Aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland, 1.11.1950; AGKdK J.C. Jansen: Brief uit Pretoria, 6.10.1950 (Groniger Kerkblad, pp. 5,6); K.Schilder: Persschouw, 28.10.1950.

gens hom duidelik in die prediking, die gebrek aan tug, die swak bywoning van die erediens en swak besef van die amp gesien word. Die immigrante uit die Vrymaking beleef in Suid-Afrika iets van die woorde van die Here Jesus: "hulle het My gehaat, hulle sal julle ook haat" en ook "'n dienskneg is nie groter as sy heer nie". Jansen het so gereageer na sy herhaalde mislukte oproepe aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en predikante in verband met die Vrymaking (1942 - 1944), maar ook nadat hy hierdie kerke getoets het.[14]

Bogenoemde optredes, reaksies en standpunte sou die aanleiding wees tot die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1950 deur Ds F.A. den Boeft van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.). In 'n brief aan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) stel die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat met die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die "Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opnieuw tot openbaring gekomen" het.[15]

Bijzet se opmerking (1992:12) dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nooit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika self beoordeel het en as valse kerk bestempel het nie, is gevolglik nie waar nie. Die brief van die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) staaf dit. Die ontkenning van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as ware kerke kom duidelik daarin na vore, maar ook in die feit van die stigting van 'n afsonderlike kerkverband.[16]

---

[14] AGKdK J.C. Jansen: Geachte Heer en Broeder van den Berg, 3.7.1950; AGKdK H. Smit en J.C. Jansen: Brief gezonden aan br U. Huizinga te Orkney, 27.9.1950; AGKdK De Kerkeraad van Pretoria: Aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland, 1.11.1950; AGKdK J.C. Jansen: Brief uit Pretoria, 6.10.1950 (Groniger Kerkblad, pp. 5,6); K.Schilder: Persschouw, 28.10.1950.

[15] AGKdK De Kerkeraad van Pretoria: Aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland, 1.11.1950.

[16] Op. Cit.

Die immigrante uit die Vrymaking het uit ‘n kerklike milieu van stryd gekom wat reeds sedert 1834 met die Afskeiding, die Doleansie in 1886 en deurgaans sedert 1905 in die kerke in Nederland gewoed het. In Suid-Afrika het hulle die teenoorgestelde aangetref - geen stryd nie. Aangesien hulle met ‘n kritiese ingesteldheid opgegroei het, het hulle die kerklike lewe krities bejeën en dit uiteraard gemeet aan die situasie in Nederland. Die gebrek aan reaksie was vir hulle teleurstellend. Dit sou die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n werklikheid maak wat in 1995 steeds voortduur.

1954: DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE BEOORDELING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die eerste sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vind in 1954 onder die naam Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika plaas. Dit is veelseggend. In die “slotwoord” aan die einde van die sinode verwys Ds C. Van der Waal na die “eerste synode van de herstichte Gereformeerde Kerken in Suid-Afrika”. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sien sy bestaan onder die naam “Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika” as die wettige voortbestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA, 1954:1). Daarmee word die bestaansreg van die Afrikaanse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ontken. Tydens die sinode motiveer Ds C. van der Waal sy opmerking uit Jesaja 54:1:

> “Jubel, onvrugbare vrou, jy wat geen kinders in die wêreld gebring het nie, jubel en juig, jy wat geen geboortepyne geken het nie, want jy, verstote vrou, gaan nou meer kinders hê as een wat getroud is, sê die Here.

> "Hier word opdracht gegeven tot kerkinstituering, ook voor de kerk van deze eeuw" (VGKSA, 1954:20,21).

Hy meen dat die Sara-belofte aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gegee is, omdat hulle getrou is en nie 'n kompromis wil aanvaar soos die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika doen nie (VGKSA, 1954:20,21).

In sy openingswoord merk Ds van der Waal op dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika een kan wees, omdat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die "tucht spelen en het pad der oecumene plaveien, of in compromissen-zoeken sterk zijn" (VGKSA, 1954:4). Hy verwys na die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as die "zogenaamde Enkel-Gereformeerde Kerk" (VGKSA, 1954:4). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskou dit as 'n aanslag op die vryheid en gereformeerdheid van die kerk wanneer hy met so 'n kerk een sou word (VGKSA, 1954:4). Só regverdig Van der Waal die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die sinode het nie sy verhouding met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verder bespreek nie, aangesien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op sy sinode van 1955 sy verhouding met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) - en indirek ook met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika - sou bespreek. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wou wag om te kyk wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika besluit alvorens verder oor die verhouding met die Gereformeerde Kerk in

Suid-Afrika gepraat word. Die begeerte word wel uitgespreek dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se arbeid sal deurwerk tot die vereniging van alle reformatories gesindes in Suid-Afrika, "in deze tijd waarin Rome en Oecumene onder de naam van Jeruzalem, het ware Jeruzalem bedreigen" (VGKSA, 1954:4).

Hierdie sinode teken die geskeidenheid wat tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan het baie skerp en duidelik. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word as 'n bedreiging vir die ware gereformeerdheid in Suid-Afrika beskou. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat hulle steeds op die suiwer pad is.

1954 - 1957: VERMANING AAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Sedert die sinode van 1954 het die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria voortdurend met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geskakel oor dié twee kerkgemeenskappe se geskeide verhouding. Die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria stel aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van 1957 voor om by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy teleurstelling uit te spreek en beswaar aan te teken oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se voortgesette korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Die sinode besluit om by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika daarop aan te dring dat hy sy band met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek weens die deformasie in daardie kerke (VGKSA, 1957:11,12).

In ‘n brief op 2 Januarie 1957 aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika “betreur” die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se vorige besware, soos deur die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria genoem, ingegaan het nie. In ‘n vorige skrywe het die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gewys op die hiërargie van die Gereformeerde kerken Nederland (syn.), die sektariese leer in daardie kerke en die simpatie vir die ekumene by die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) (VGKSA, 1957:23-25).[17]

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika lei uit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit van 1955 af dat laasgenoemde een in leer en kerkregering met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) is en derhalwe hul valse leer en kerkregering kondoneer.[18] Drie vrae word aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestel nadat weer op die verkeerde leer en kerkregering van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) gewys is:

> 1 “Is dit in ooreenstemming met die gereformeerde belydenis, wat u voorgee om te handhaaf, as u korrespondensie in die engere sin onderhou met kerke wat bó die drie Formuliere van Enigheid nog ander Verklarings handhaaf?
>
> 2 “Is dit in ooreenstemming met u kerkorde as u in die engere sin met kerke wat die hiërargie invoer, korrespondeer?
>
> 3 “Is dit in ooreenstemming met die tradisies van die Afskeiding, sowel in Nederland as in Afrika, as u intiem korrespondeer met dié wat die deurbraak bevorder?”.[19]

---

[17] AGKdK Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: Aan die Sinode van die Geref. Kerk in Suid-Afrika, wat gehou sal word in 1958 D.V., 2.1.1957, pp. 1,2,3.

[18] Ibid.1.

[19] Ibid. 2.

Met “deurbraak” word die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se betrokkenheid via die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) by die Internasionale Sendingraad en ook die Wêreldraad van Kerke bedoel. Die invloede van die deurbraak het ‘n negatiewe uitwerking op die reformatoriese kerke (VGKSA, 1957:23-25).

Die sinode spreek ook sy verontwaardiging uit oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se definiëring van sy korrespondensie met die Vrygemaaktes wat “in ruimere sin” (VGKSA, 1957:24) geskied. Die Ekumeniese sinode van 1946 se definisie van “ruimere korrespondensie” (VGKSA, 1957:24) beteken dat ruimere korrespondensie gesoek kan word met kerke wat “enigsins (min of meer) afwyk” (VGKSA, 1957:25) van die Gereformeerde belydenis. Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bedoel die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat eersgenoemde afwyk van die gereformeerde belydenis. Dit is volgens hulle onmoontlik. Hulle roep die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) as ware kerke te erken (VGKSA, 1957:24,25).

1958 - 1960: VERMANING AFGEWYS

‘n Brief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1958, gedateer 29 November 1960, dien op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van 1961.[20] [21] Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word ingelig dat die sinode

[20] AGKSA (K) I.J. Lessing: Ernstige beroep op grond van Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis tot eenwording, 29.11.1960.

[21] Die Acta van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1958 het geen verwysing, rapport of besluit in hierdie verband nie. ‘n Kopie van die brief is nie in die Argief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskikbaar nie, maar is wel in die argief en acta van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika opgeneem.

van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy besluit van 1955 herhaal, naamlik dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika steeds korrespondensie voer met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word ingevolge Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Openlike Verklaring ernstig opgeroep om hulle by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te voeg as kerke wat een is in belydenis en kerkregering (GKSA, 1955:41; VGKSA, 1960:10).

Die deputate vir kontak met binnelandse kerke van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika rapporteer dat hulle geen kontak met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gehad het nie. Hulle rapporteer wel dat die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1958 "heeft in geen enkel opzicht gereageerd op onze laaste schrijven" (VGKSA, 1960:11). Hoewel 'n brief sedertdien wel van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ontvang is meen die deputate tog dat dit skadelik en sinloos is om verdere kontak met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te hê, solank sy houding nie verander nie (VGKSA, 1960:11).

Die sinode besluit om die volgende brief aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te rig:

> "De Synode heeft met leedwezen Uw brief van 29 November 1960 voor kennisgeving aangenomen, aangezien dit een afwijzing is van het besluit onzer Synode van 2 Januari 1957" (VGKSA, 1960:10).

Die betrokke deputate word van hul pligte onthef. Nuwe deputate word nie aangewys nie (VGKSA, 1960:10).

Twee vrae ontstaan na aanleiding van hierdie besluit. Het die deputate se opmerking oor die nutteloosheid van verdere kontak ‘n besluit van die sinode geword? Impliseer dit geen verdere kontak met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie? Die brief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika laat ook vrae ontstaan. Die antwoord aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herhaal slegs die besluit van die 1955-sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die brief maak wel verskoning dat die sinodebesluit van 1958 nie vroeër gestuur is nie. Tog is daar geen besluit in die Acta van 1958 in hierdie verband genotuleer nie.

1963: GETUIENIS AAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

In samesprekings (die presiese datum is onbekend) tussen deputate van die twee kerkgemeenskappe het die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ‘n antwoord van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevra oor sy siening of die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ‘n ware of valse kerk is. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate moes ook aandui wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nog skei (VGKSA, 1963:9,10).

Die 1963-sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het besluit om die deputate vir korrespondensie met buitelandse kerke van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) te versoek om getuienis te lewer aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in antwoord op laasgenoemde se versoek. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal self ook so ‘n getuienis aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

stuur. Die getuienis sal die betrokke konfessionele, kerkregtelike en ekumeniese aspekte wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se geskeidenheid met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika raak, behandel (VGKSA, 1963:9,10).

Die deputate vir korrespondensie met buitelandse kerke van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika lewer verslag oor Dr. C. van der Waal se samesprekings op 24 Mei 1962 met die betrokke deputate van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) in Nederland insake die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die verslag beskryf in hooftrekke wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot op hede gedoen het om die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika uit die weg te ruim, soos volg:

- Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het dogmatiese en kerkregtelike getuienis aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gelewer insake die Vrymaking. Ds C. Van der Waal het die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1955 toegespreek insake die Vrymaking en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA, 1955:37). Die reaksie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op albei toeligtings was: “er is voor jullie geen plaats” (VGKSA, 1963:3).
- In 1957 het die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n getuienis met drie kernsake (dogmaties en kerkregtelik) aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestuur;
- In 1949 het J.C. Jansen die boek van C. Veenhof (1949) wat die redes vir die Vrymaking in detail bespreek met ‘n begeleidende skrywe aan elke predikant

en teologiese professor van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika asook aan elke immigrant na Suid-Afrika uit die Vrymaking gestuur (VGKSA, 1963:3).[22]

Die deputate meen dat die situasie in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op 'n krisis afstuur. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het volgens hulle kerklik só onverskillig geraak dat hulle die Vrymaking hoogs waarskynlik sou goedkeur indien dit so versoek sou word. Dit is hierdie oppervlakkigheid wat die oorsaak was dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika nie meer as valse kerk nie, maar as "susterkerk" aanvaar het. Vanweë dié onverskilligheid is daar 'n voortdurende verslapping van die tug in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA, 1963:3).

Die deputate van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) wys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op sy taak om voortdurende kontak met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika na te streef (VGKSA, 1963:4).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is bekommerd dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oppervlakkig is in sy besluite en optredes en dat daar nie erns gemaak word met die werklike betekenis van "gereformeerd wees" nie.

---

[22] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Aan al die Geref. Predikante en professore in Suid-Afrika, 1949. (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking, pp. 1,2); AGKdK J.C. Jansen: Aan alle vrijgemaakte Gereformeerden in Zuid-Afrika, Augustus 1949.

1963 - 1966: OPROEP AAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Die sinode van 1963 het besluit om in ‘n getuienis aan die eerskomende sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1964 op die “afwijking” in leer, diens en tug by die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) te wys (VGKSA, 1963:9). Hierdie afwyking behels:

- die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se verbintenis met ekumeniese sending- en ander rade, soos die Internasionale Sendingraad en die Wêreldraad van Kerke;
- die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se verhouding met die Nederlandse Hervormde Kerk asof die redes vir die Afskeiding van 1834 nie meer geld nie;
- die verbastering van die gereformeerde kerkreg deur hierdie kerke (VGKSA, 1966:9).
-

Die getuienis verklaar dat hierdie sake die gevolg is van die rampspoedige kerkstryd van 1944, “toen een los-van-de-belijdenis-beweging, gesteund door een conservatistische ortodoxie, gereformeerde belijders uitwierp, waarna voor leerdwang een oecumenistische leervrijheid (actualistische Schriftbeschouwing, invoering van een ongereformeerd gezangenbundel, hoogkerkelijke liturgische vrijheden enz.) en wereldgelijkvormigheid (slecht kerkbezoek, dans, bioscoop, e.d.) in de plaats kwamen” (VGKSA, 1966:9). Met inagneming hiervan behoort die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) voort te sit nie. Alvorens hy nie tot dié stap oorgaan nie sou die geskeidenheid tussen die Vrye Gerefor-

meerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gehandhaaf bly.

Die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het gemeen dat daar sake in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is wat die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe geldig maak. Tog was die voortgesette band van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) die grootste faktor wat tot die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe bygedra het.

1972 - 1974: SAMESPREKINGS OOR KORRESPONDENSIE EN TOETSING

Na ‘n paar jaar van woelinge en probleme binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika weer op laasgenoemde se sinode in Desember 1972 aan die orde gekom. Die deputate vir kontak met binnelandse kerkformasies lê ‘n lywige verslag aan die sinode voor waarvan die sinode met dank kennis neem (VGKSA, 1972:35,66-80).[23]

Die verslag noem dat twee rondes samesprekings met die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika plaasgevind het, naamlik op 31 Julie 1972 en
2 Oktober 1972. Tydens hierdie samesprekings is kerklike korrespondensie, die Vrymaking, die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die konflik

[23] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, 1972, pp. 1-11.

van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die "buiten-verband" Gereformeerde kerke in Nederland breedvoerig bespreek.[24]

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat kerkverbande mekaar behoort te toets alvorens daar in kerkverband getree kan word. Die sinode van 1972 het die wedersydse toetsing van kerkverbande bespreek om vas te stel of albei kerkgemeenskappe aan die kenmerke van die ware kerk volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis voldoen (VGKSA, 1972:66,67).[25]

Vervolgens is dit nodig om 'n oorsig te gee oor die inhoud van die twee rondes samesprekings tussen die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en dié van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, omdat dit belangrike lig werp op die redes vir die geskeidenheid en ook die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na eenheid belig.

GESKEIDENHEID TEN REGTE OF TEN ONREGTE?

Aan die begin van die samesprekings het die twee groepe deputate die basis vir hul gesprek uitgespel. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika én die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika staan op die grondslag van die Heilige Skrif soos dit in die Drie Formuliere van Eenheid bely word. Albei het gelewe volgens die Dordtse Kerkorde (VGKSA, 1972:68).

---

[24] Ibid. 1-11.

[25] Ibid. 1-11.

Die deputate van albei kerkgemeenskappe het opdrag van hul onderskeie sinodes ontvang om kontak te bewerkstellig (GKSA, 1970:80; VGKSA, 1972:35). Die kern van die samesprekings op 31 Julie 1972 het gehandel oor die vraag of die "kerklike geskeidenheid daar tereg of ten onregte is en of daar paaie gevind kan word om tot eenwording te geraak" (VGKSA, 1972:68).[26] Hierdie vraag is gebore uit die soeke na die redes vir die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika naas die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en waarom daar tot hede nog geen eenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bewerk kon word nie.

Die antwoord van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hierop het drie punte omvat:

1. Die feit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika steeds korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) onderhou.

2. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het sedert die Vrymaking nie meer saamgeleef nie. Albei kerkgemeenskappe sal eers deeglik ondersoek en getoets moet word of hul steeds die kenmerke van die ware kerk, volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, toon.

3. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het verneem dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook kontak soek met die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) waarvan Dr. C. Van der Waal die predikant was. (Na 'n skeuring binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1969 het hierdie kerk onafhanklik van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voortbestaan.)[27] Indien die

---

[26] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, 1972, p.1.

[27] AGKdK H.J. Nauta: Verantwoording van de "akte van voortsetting", Mei 1969. pp. 1-42.

> Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met hierdie kerk een sou word, is kontak met die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie verder moontlik nie, "solank as die 'gemeenskap pr. dr. C. Van der Waal' hom nie bekeer nie" (VGK-SA, 1972:68).[28]

Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan die geskeidenheid dus ten regte.

GESKEIDENHEID AS GEVOLG VAN KORRESPONDENSIE

Tydens die tweede samesprekings op 2 Oktober 1972 het die deputate hul slegs by die eerste beswaar, naamlik die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se volgehoue korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), bepaal. Hulle wou in diepte oor al die oorsake van die geskeidenheid praat en het verkies om die oorsake afsonderlik en nie alles tydens een samespreking te hanteer nie (VGKSA, 1972:69).

> "... Die 'kerklike geskeidenheid' tussen die Gereformeerde Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerke vind sy oorsprong in die korrespondensie van Die Gereformeerde Kerk met `kerke' o.m. in Nederland sinds die uur van die Vrymaking" (VGKSA, 1972:69).

Hierdie opmerking dui die hoofbeswaar teen kerklike eenheid met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan, naamlik die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken

[28] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, 1972, p. 1.

Nederland (syn.). Dít is die oorsaak van die geskeidenheid. Dit is opmerklik dat verskillende besware dikwels geopper word, maar slegs die saak van korrespondensie kom telkens aan die orde en word in diepte bespreek. Dit dui daarop dat die ander sake ondergeskik was aan die saak van korrespondensie. Die eksterne verhoudinge van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kom sterk onder die loep, terwyl sy interne lewe min aandag ontvang.

'N AANTAL VRAE

'n Aantal vrae is tydens die samesprekings gevra:

Ten opsigte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika:

1. Waarom het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nooit op die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se argumente insake die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se volgehoue korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), asook laasgenoemde se deelname aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, ingegaan nie?
2. Hoe moet die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se volgehoue korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), ondanks indringende waarskuwings teen die volgehoue verval binne dié kerke Skriftuurlik, konfessioneel en kerkregtelik verantwoord word?

Ten opsigte van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.):

4 Kon die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika redelikerwys van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) verwag om uit hul eie inligting oor die Vrymaking aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te stuur, sonder dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika daarvoor gevra het?

5 Het die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met reg die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se aanbod tot korrespondensie geweier vanweë laasgenoemde se deelname aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en sy volgehoue korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.)?

Ten opsigte van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika:

6 Kon die Gereformeerde immigrante uit die Vrymaking in Nederland hul band met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) verbreek deur by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan te sluit, terwyl die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) na die Vrymaking opgesoek het nie?

7 Sou die immigrante wat by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aansluit die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) as ware kerke van Christus erken as gevolg van die amptelike korrespondensie wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) handhaaf, ondanks die feit dat hulle in 1942-1944 die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) as ontrou verklaar het vanweë die kerke se onskriftuurlike eise en onkerkregtelike sinodalisme (VGKSA, 1972:74,75).[29]

[29] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, 1972, pp. 6-11.

Die ondertoon van die vrae was van so ‘n aard dat dit hoorders dwing om ten gunste van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en téén die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te antwoord.

VERSKILLENDE DEFINISIES VAN `KORRESPONDENSIE’

Uit die samesprekings het geblyk dat die twee kerkgemeenskappe verskillende standpunte oor “korrespondensie” huldig. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika onderskei tussen korrespondensie in “enger” en “ruimer” sin (GKSA, 1955:161). Die sinode van hierdie kerke (GKSA, 1961:526,528-529) stel die moontlikheid dat ‘n kerk in een land korrespondensie met meer as een kerk in ‘n ander land, met wie daar eenheid in leer, diens en tug bestaan, gelyktydig kan voer.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) onderskei nie tussen “enger” en “ruimer” korrespondensie nie. Hulle verwerp die gebruik om korrespondensie met meer as een kerk in ‘n ander land gelyktydig (dubbele korrespondensie) te handhaaf en ook die onderskeid tussen korrespondensie in enger en in breër sin, as onskriftuurlik (VGKSA, 1972:76,77).[30] Korrespondensie verg volgens hulle, een kerkverband, al is die kerke in verskillende lande geleë en het hulle verskillende name.

Hulle voer aan dat wanneer ‘n kerk nie nougeset volgens die Skrif, belydenis of kerkorde leef nie, korrespondensie met so ‘n kerk onmoontlik is. Indien korrespondensie reeds met so ‘n kerk bestaan, sal daardie kerk gewaarsku en vermaan word tot beke-

[30] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, 1972, pp. 4,5.

ring. Korrespondensie sal verbreek word wanneer die betrokke kerk of kerkverband hom "als niet-gereformeerd" (VGKSA, 1972:77,78) openbaar en alle pogings vergeefs blyk te wees.

BESWAAR TEEN DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA, 1972:79) het tydens die samesprekings ook beswaar aangeteken teen die bestaan van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en in besonder die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se betrokkenheid daarby. Die Dordtse Kerkorde erken nie die bestaan van "ekumeniese sinodes" nie. Aldus hom tree die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie op volgens die Dordtse Kerkorde nie. Deur sy lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode onderhou die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gemeenskap met kerke wat hulself nie meer aan die Skrif bind nie en die gereformeerde belydenis verlaat. Die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) is so 'n kerk. As verdere voorbeeld verwys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se onlogiese verhouding (VGKSA, 1972:79).

> "Die Gereformeerde Kerk in S.A. wat in die G.E.S.[31] 'kerklike' gemeenskap met die N.G. Kerk onderhou en wat tegelyk die kerklike geskeidenheid van die N.G. Kerk[32] as 'n goddelike gebod bly beskou en stel, handel sodoende met die daad teen die 'afskeidingsgebod' soos dit in art. 28 Ned. Gel. Bel. Skriftuurlik gestel is" (VGKSA, 1972:79).

---

31 *"G.E.S."* is Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en later die Gereformeede Ekumeniese Raad.

32 *"N.G."* Kerk in Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

VERLOËNING VAN DIE "OU GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND"

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) beteken dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy korrespondensie met die "ou Gereformeerde Kerken in Nederland" van voor die Vrymaking met die daad verbreek het. Die "ou Gereformeerde Kerken in Nederland" het aan die genade van die Here vasgehou, terwyl die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) dit nie meer handhaaf nie deurdat hulle dwaling en onbybelse kerkregering handhaaf wat meer van mense afhanklik is. Dit beteken dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika na die Vrymaking korrespondensie met 'n nuwe kerkverband gesluit het, naamlik die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Laasgenoemde kerke is nie dieselfde kerke as die Gereformeerde Kerken in Nederland van voor die Vrymaking nie. Deur sy volgehoue korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) tolereer die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die afwyking van die Skrif, belydenis en kerkorde van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tree ook nie meer op volgens die merkteken van die ware kerk nie, naamlik om alles te verwerp wat teen die suiwere Woord van God indruis (VGKSA, 1972:79).

Hierdie opmerkings en vrae insake korrespondensie is in die vorm van 'n memorandum aan die betrokke deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestuur nadat dit in die samesprekings tussen die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bespreek is. Dit sou op die eerskomende sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1973 behandel word.

KORRESPONDENSIE: 'N HINDERNIS VIR TOETSING

Die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1974 het in opvolging van die samesprekings tussen die deputategroepe besluit dat die kontak met die deputate vir ekumeniese sake van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika voortgesit moet word en dat die saak van korrespondensie "grondig bespreek" (VGKSA, 1974:16) moet word, voordat toetsing van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan plaasvind. Die deputate kry ook opdrag om vas te stel hoe die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1973 op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se memorandum van 1972 gereageer het, asook om die gesprek voort te sit. Die deputate moet alles in hul vermoë doen om "ewentuele vrugbare kontak" (VGKSA, 1974:17) met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te bewerkstellig.

1975 - 1976: ONBEVREDIGENDE SAMESPREKINGS

Die samesprekings wat in opvolging van die gesprekke in 1972 sou plaasvind, ná die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n memorandum aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestuur het, het weens onbekende redes nie plaasgevind nie. Op 29 September 1975 - eers drie jaar later - het die twee groepe deputate weer samesprekings gevoer. Die deputate het gerapporteer dat die samesprekings onbevredigend was, maar verduidelik nie waarom nie (VGKSA, 1976:14). Dit is inderdaad moontlik dat dit onbevredigend was, omdat die samesprekings na 'n belowende begin in 1972 vir drie jaar lank tot stilstand gekom het en weer van voor moes begin met 'n verkenning, oorsig en agenda vir bespreking.

Die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het tydens die samesprekings op 29 September 1975 wel hul blydskap uitgespreek oor die moontlikheid dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika waarskynlik korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in 1976 sou verbreek (VGKSA, 1976:14). Die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) het daarop gewys dat die belangrikste rede vir die afsonderlike bestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met hierdie besluit van die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgehef is.[33] Professor J. Kamphuis van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se mening was dat die "slagboom" nou opgehef was. Daar was volgens hom geen rede meer vir die voortgesette geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.[34]

Daar was egter steeds kwessies, vrae en beswaardheid wat eenwording op die tydstip onhaalbaar gemaak het. Sowel die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) het kommer en teleurstelling uitgespreek dat die opskorting van korrespondensie nie oor die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se dwalings oor die leer en regering in 1942-1944 gegaan het nie. Aldus hulle het die feit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy verhouding met hierdie kerke na die Vrymaking voortgesit het, die trou van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan die eenheid van die geloof vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ongeloofwaardig gemaak. Daarby is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se uiteenlopende reaksies op die Geelkerken-saak van 1927 in Nederland en die Vryma-

[33] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) A. Jansen: Kamphuis aangehaal in 'n brief aan die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan), 3.4.1976, p. 7.

[34] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) A. Jansen: Kamphuis aangehaal in 'n brief aan die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan), 3.4.1976, p. 7; AGKdK J. Kamphuis: Blywende roeping, 6.9.1965, p2.

king van 1942-1944 vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n raaisel. Waarom het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wel op die Geelkerken-saak gereageer en nie op die Vrymaking nie (VGKSA, 1976:39)?[35]

In antwoord op die opmerking, tydens die samesprekings op 29 September 1975, van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onkerkregtelik geïnstitueer was, was die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se verweer dat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode verkeerd en eensydig ingelig was. 'n Uitspraak van 'n meerdere vergadering ontneem nog nie 'n kerk die plig om die waarheid te toets nie (VGKSA, 1976:39,40). Hierdie opmerking word nie nader verduidelik of gestaaf nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se tweede argument in hul verweer was:

> "In die tweede plek kon die broeder wat die eerste aanleiding tot die instituering van die Vrye Gereformeerde Kerk geword het, nie sonder voorwaardes van die kant van die Gereformeerde Kerk as lid aanvaar word nie" (VGKSA, 1976:40). Hierdie "broeder" was J.C. Jansen wat Veenhof se boek (1949) insake die Vrymaking aan die predikante en professore van die Gereformeerde Kerk gestuur het.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se reg erken om te weet watter sake die twee kerkgemeenskappe steeds skei,

---

[35] AGKSA (E) R.F. van den Berg: Verslag van die samesprekings van die deputate, 1974.

afgesien van die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Hulle sou daarop ingaan, maar nie voordat die saak van die korrespondensie bevredigend opgelos is nie. Solank as wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Woord van God en die belydenis handhaaf, soos die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit doen, is dit die twee kerkgemeenskappe se opdrag om met mekaar te praat, sodat vasgestel kan word watter een van die twee kerke afwyk van die kenmerke van die kerk. Vereniging het alleen betekenis wanneer albei mekaar herken as kerke van Jesus Christus (VGKSA, 1976:41).[36]

Dit lyk asof bogenoemde stelling gemaak is met die standpunt dat een van die twee kerkgemeenskappe verkeerd móét wees. Die vraag is of een van die kerke noodwendig verkeerd is? Dit kom voor asof daar eerder geredeneer word vanuit die perspektief van die kerk as instituut, ‘n organisasie.

Die twee groepe deputate kom op die volgende ooreen:

1. Om nie meer oor die Vrymaking (1942 - 1944) te praat nie;
2. Om te praat oor die sake wat die twee kerkgemeenskappe op daardie tydstip skei en oor hoe om tot eenheid te kom;
3. Dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se begeerte aan hul eie sinode van 1976 bekend sal maak, naamlik dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sal verbreek en korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) sal aangaan;

[36] AGKSA (E) R.F. van den Berg: Verslag van die samespreking van die deputate, 1974, p. 4.

4. Dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds kontak met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wil bly handhaaf (VGKSA, 1976:41).

Die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1976 gee aan die deputate opdrag om voort te gaan om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te toets om sodoende duidelikheid te verkry oor wat die twee kerkgemeenskappe op daardie tydstip nog skei (VGKSA, 1976:14). Die toets van kerke was vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika belangrik, reeds sedert sy ontstaan in 1950. Klaarblyklik het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gemeen dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vanweë sy versuim om die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) te toets saam met dié kerk dwaal. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wou die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as kerkverband toets en nie individuele kerke nie (VGKSA, 1976:14).

Teen die agtergrond van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se teleurstelling oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se versuim om ‘n uitspraak oor die Vrymaking (1942 - 1944) te maak, blyk die eerste punt van ooreenkoms, hierbo genoem, naamlik dat daar nie meer oor die Vrymaking (1942 - 1944) gepraat sou word nie, eerder ‘n toegewing as ‘n werklike oortuiging van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te wees. Die feit dat dit ‘n toegewing was blyk ook uit die gesprek oor hierdie saak op die sinode, waarin heelwat beswaar oor hierdie “ooreenkoms” geopper is. Die toegewing is waarskynlik gedoen ter wille van die gladde verloop van die gesprek en nie omdat die geskil oor die Vrymaking nie meer vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n belangrike geskilpunt was in sy geskeidenheid van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

1976 - 1980: VERDERE TOETSING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat opdrag ontvang het om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te toets rapporteer op die sinode van 1976 dat hulle hul opdrag uitgevoer het. Die riglyne waarvolgens getoets moes word, is nie deur die vorige sinode uitgestippel nie. Die deputate meld ook nie wat die meriete vir hul optrede was nie. Hulle het wel die geskiedenis van die ontmoetings tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, asook verskeie preke van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, bestudeer. Hul bevindinge is geboekstaaf in ‘n dokument getiteld “Die ekumeniese roeping van die kerk” wat ook aan die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestuur is. Sedert die sinode van 1976 het twee ontmoetings tussen die twee groepe deputate plaasgevind waartydens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sy vrae oor onder andere die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se verhoudinge met ander kerke aan die orde gestel het (VGKSA, 1978:38).

Volgens die deputate kom die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se verhouding met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in die Gereformeerde Ekumeniese Sinode neer op erkenning van voortgesette korrespondensie met daardie kerke (VGKSA, 1978:38).

Na aanleiding van die samesprekings meen die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat “kerkverband” - die institusionele - newegeskik is aan die “lewe en

werk" van die kerk, wat die kerk tot kerk maak. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika plaas 'n oordrewe aksent op die kerkverband en is institusioneel ingestel, meen Spoelstra.[37]

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate merk op dat die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets het nie, maar wel onderneem het om dit te doen. Ondanks die gemeenskaplike basis van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, bestaan daar tog duidelike verskille. Die deputate versoek die sinode van 1978 om in 'n brief aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy standpunt oor hierdie verskille uiteen te sit en sy gesprek met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika voort te sit (VGKSA, 1978:38).[38]

Na aanleiding van die rapport van die deputate het die sinode besluit om 'n brief aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1976 te rig (VGKSA, 1978:6). Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word gewys op die standpunte van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat hulle soos volg motiveer:

8 **Die verbreking van korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.)**

9

[37] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) B. Spoelstra: Telefoongesprek met M.J. Boersema, 10 Junie.; AGK-dK M.J. Boersema: Aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 15.10.1977.

[38] AGKdK M.J. Boersema: Aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 15.10.1977.

10 Die besluit van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1976 om korrespondensie met hierdie kerke op te skort is vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in stryd met dieselfde sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit om die gesprek tot herstel van die eenheid voort te sit (VGKSA, 1978:26,27).

11

12 Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moes die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika alle bande en kontak met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het. Verbreking van korrespondensie beteken dat geen gesprek verder gevoer word nie, omdat eenheid nie meer bestaan nie. Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beteken die besluit om die gesprek voort te sit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika eenheid met kerke, die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), handhaaf wat juis die gebrek aan eenheid ignoreer (VGKSA, 1978:27).

13

14 Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word verkwalik dat hy die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) nie teregwys nie. Die verwarring word groter deurdat die korrespondensie in enger sin in 1976 opgeskort is. Nou bly ‘n soort korrespondensie in ruimer sin of ‘n “ecclesiastical fellowship” (VGKSA, 1978:27) oor. Tog is die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bly dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in 1976 gestaak het, maar is spyt dat dit nie oor die “regte keuse” (VGKSA, 1978:27), naamlik die Vrymaking in 1942-1944 was nie.

15

16 **Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deelname aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.**

17

18 In reaksie op die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se opmerking in 1977 dat die term “sinode” misleidend is en dat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nie ‘n sinode in die ware sin van die woord is nie, meen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat die samekomste van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode die name “gereformeerd”, “ekumenies” en “sinode” nie werd is nie.[39] Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode is nie ‘n geleentheid tot getuienis en gesprek soos wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aanvoer nie, maar ‘n “gevaarlike invalspoort vir elke wind van lering” (VGKSA, 1978:27). Dit word gemotiveer deur die teenwoordigheid van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika met wie die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie een is in leer, diens en tug nie. Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) die Gereformeerde Ekumeniese Sinode as ‘n geleentheid om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te beïnvloed (VGKSA, 1978:27). Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika moet nie net die internasionale samekoms toets nie, maar ook individueel elke kerk wat deel is van daardie samekoms. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deelname aan hierdie liggaam maak sy opskorting van korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) kragteloos (VGKSA, 1978:27).

19

20 Die `dubbele korrespondensie’ in enger sin.

[39] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) B. Spoelstra: Telefoongesprek met M.J. Boersema, 10 Junie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontken die Skriftuurlike grond vir `dubbele korrespondensie'. Dit beteken dat daar berus word in die verdeeldheid wat tussen kerke in 'n bepaalde land bestaan. Kerke moet krities getoets word aan die Skrif, belydenis en kerkorde en moet nie net op hul naam getakseer word nie. Dit word al hoe belangriker namate al hoe meer sektes onder die naam "kerk" funksioneer. As voorbeeld word die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit om in korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) (Binnenverband) te tree genoem, terwyl die identiteit van daardie kerke nog nie eens vasgestel is nie en hulle nie deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika getoets is nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan nie weet of hulle gereformeerd is nie. Hulle weet byvoorbeeld nie eens watter kerkorde hierdie kerke gebruik nie (VGKSA, 1978:28).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen nie dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy bande met die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, met wie die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ook korrespondensie het, en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) (buitenverband) soseer moet verbreek nie, maar dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika moet protesteer teen die bestaan van verskillende kerke in Nederland. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika moet 'n "posisiekeuse" (VGKSA, 1978:27) doen en nie bang wees vir wat mense daaromtrent dink, sê of doen nie (VGKSA, 1978:27,28). Presies hoe dit gedoen behoort te word, word nie verduidelik nie.

Die sinode opper ander sake waaroor hy bekommerd is in sy brief, naamlik:

- die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se kritiek op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,
- sy waardering vir die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan),
- en sy waardering vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA, 1978:6).
- Hierdie sake word nie verduidelik of gemotiveer nie.

Buiten die brief kry die deputate ook opdrag van die sinode om "ooreenkomstig hulle versoek in bepaalde sake met die deputate van die Geref. Kerk in S.A. saam te werk en so gou moontlik die gesprek op die een fondament voort te sit" (VGKSA, 1978:29). Hulle ontvang toestemming van die sinode om meerdere vergaderings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as waarnemers by te woon en ander uitnodigings op hul meriete te beoordeel en moontlik te aanvaar (VGKSA, 1978:29).

Die betekenis van die "een fondament" waarvan gepraat word, is onduidelik. Die besluit is egter belangrik, omdat dit 'n geleentheid bied tot groter skakeling met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat moontlik nuwe insigte en begrip tot gevolg kan hê en ook vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waardevol kan wees in sy toetsing van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

'n Veelseggende gebeurtenis het in 1978 gevolg. Dit sou die twee kerkgemeenskappe nog 'n treetjie nader aan mekaar en tot beter begrip van mekaar bring. Die deputate het uitvoer gegee aan die sinode van 1978 se besluit dat deputate meerdere vergade-

rings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan bywoon. Ds J. Kapteyn en Ds W. Boessenkool het die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1979 bygewoon en volop geleentheid ontvang om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se saak te stel (VGKSA, 1980:25).

1976 tot 1980 was ‘n belangrike tydvak in die gesprekvoering tussen albei kerkgemeenskappe wat veral op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se eksterne verhoudinge gefokus het. Drie besware is gemotiveerd gestel. Opdrag is ook tot nouer samewerking gegee. Die besware sou nie die enigste wees nie.

1980: BYKOMENDE BESWARE

Die hoofsaak van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1980 is ‘n vraag na die rede vir die geskeidenheid tussen die twee kerke:

> “indien ons met die GKSA een is in leer, diens en tug, watter prinsipiële redes het ons dan nog om die uitnodiging tot hereniging nie te aanvaar nie?” (VGKSA, 1980:10).

In die antwoord hierop word die volgende praktyke en gebreke by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as besware aangevoer:

- die praktyk van kanselruil in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met predikante van die N.G. Kerk in Suid-Afrika;
- amptelike samewerking met ‘n grootskeepse opwekkingsbeweging volgens Amerikaanse model;
- oppervlakkige lewenstyl;
- sabbatsontheiliging;
- swak bywoning van die erediens saans;
- “bowendien bestaan daar ‘n sterk neiging tot deputate-regering” (VGKSA, 1980:10).

Soos met vorige klagtes teen die interne lewe van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word bogenoemde stellinge nie verder gemotiveer, verduidelik of uitgebou nie. Die gevolg is dat die stellinge in die lug bly hang en nie ‘n positief-kritiese evaluering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika waarop in samesprekings verder uitgebou kan word, gee nie. Gevolglik lyk dit asof die doelpale verskuif is in terme van belangrike klemverskuiwings wat plaasgevind het deur die byvoeging van dié besware. Hierdie besware fokus in teenstelling met die vorige besware op die interne lewe van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode (1980:12) weier die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika om te reageer op die oproep om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te toets. Die handhawing van die Skrif, belydenis en kerkorde moet nie net teoreties onderskryf word nie, maar ook in die praktyk gehand-

haaf word. Alleen as die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets word, kan eenheid in leer, diens en tug bewys word. Dit hou in dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nog nie as ware kerk kan erken nie. Die moontlikheid tot eenheid het egter wel ontstaan sedert die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het (VGKSA, 1980:11,12). Maar die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan die verlede met betrekking tot die gebeure van die Vrymaking en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se reaksie daarop moeilik vergeet. Dit bly vir hulle verswarend dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geweier het om ‘n uitspraak te lewer oor die Vrymaking (VGKSA, 1980:12). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het tog weer op sy sinode van 1980 oor die erkenning van die Vrymaking gepraat al het die deputate in 1975 ooreengekom om nie weer daaroor te praat nie (VGKSA, 1976:14; VGKSA, 1980:12). Hang die erkenning van ‘n kerk as ware kerk af van ‘n ander kerk se erkenning van hom as ware kerk?

Die memorandum wat deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1972 opgestel het vir samesprekings met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is nooit met die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bespreek nie. Die rede hiervoor is onbekend. Die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1980 besluit dat die memorandum nou weer deel word van die deputate se opdrag. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sou ook versoek word om waarnemers na die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se eerskomende sinode van 1982 te stuur om deel te neem in die behandeling van die rapporte van die deputate vir kontak met binnelandse kerkformasies en buitelandse kerke (VGKSA, 1980:12). Hierdie versoek aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het nooit plaasgevind nie. Die deputate meen dat hulle nie die vrymoedigheid daartoe gehad het nie vanweë die Ge-

reformeerde Kerk in Suid-Afrika se houding in die afgelope tyd (VGKSA, 1982:6). Hulle verduidelik nie wat hierdie houding behels het of die presiese meriete vir hulle optrede was nie.

Die besware teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word dus al hoe meer. Aanvanklik was die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) die enigste beswaar. Dit het aangegroei tot meer besware waarvan sommige swaarder geweeg het as ander. Besware is ook opgedeel tussen besware oor eksterne en interne aspekte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Uit die acta van die sinodes word dit toenemend opvallend dat die verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) by die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode en die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika mekaar nie heeltemal gevind het in die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se argumente en besware teen eenwording met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie. Die verteenwoordigers het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se groeiende toenemende besware onverstaanbaar gevind, asook die feit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot op hede die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie as ware kerk wou definieer nie (VGKSA, 1980:9-12). Hierdie is ‘n opvallende gebeurtenis. Die volgende sinode sou dié verwarring aanspreek.

1982: NOG DRIE HINDERNISSE

Die sinode van 1982 neem uiteindelik kennis, na aanleiding van die deputate se memorandum, dat daar “slegs” (VGKSA, 1982:6) drie sake was wat eenwording met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verhinder het, naamlik:

1. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode;
2. Die praktyk van dubbele korrespondensie; en
3. Die "nie-toetsing" van verskillende kerke (VGKSA, 1982:6).

Daar is nog ander sake wat gehinder het, maar wat nie genoegsame rede was om eenheid te verhinder nie. Op 'n vraag of die beoordeling van die kerklike tug in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie ook by bogenoemde besware gehoort het nie, het die sinode geoordeel dat dit nie op plaaslike vlak van gemeente tot gemeente beoordeel kan word nie, maar dat slegs 'n kerkverband getoets kan word (VGKSA, 1982:6).

Die sinode kom tot die gevolgtrekking dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie in die Gereformeerde Ekumeniese Sinode tuishoort nie en sy bande daarmee behoort te verbreek. Ook, meen hy, die praktyk van dubbele korrespondensie is teen die Woord van God wat in 2 Timoteüs 2:19 opdrag gee om van alle ongeregtigheid afstand te doen. (Die sinode van 1984 het hierdie besluit herbevestig, maar met weglating van die verwysing na die Skrif en in besonder 2 Timoteüs 2:19 nadat die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) beswaar teen die gebruik van die teks aangeteken het en die deputate besef het dat dit té sterk geformuleer is (Bijzet *et al.*, 1990:59; VGKSA, 1984:10)). Daarom behoort die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy besluit van 1958 te herstel soos dit was voor die besluit tot dubbele korrespondensie geneem is. Die feit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verskillende kerkverbande nie toets nie, plaas die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onder verpligting om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika soveel moontlik te help met toetsing. Die wyse van toetsing, asook die rede hiervoor, word nie gestel nie. Die sinode sê wel dat daar met ywer en versigtigheid volgens die Woord van God besluit moet word watter

kerkverband in ‘n bepaalde land die ware kerk is. Die praktyk dat predikante van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Woord in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) bedien het voordat daardie kerk getoets is as die ware kerk, moet veroordeel word (VGKSA, 1982:6,7).

Die deputate het in opdrag van die sinode van 1980 ‘n memorandum voorberei en aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate gestuur waarin die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se drie besware (hierbo genoem) in detail uitgewerk en bespreek word. Tydens ‘n vergadering tussen die twee groepe deputate op 18 Mei 1981 is hierdie memorandum in diepte bespreek. Hierna het die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verslag gelewer aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1982 (GKSA, 1982:372; VGKSA, 1982:31-56).

In die lig van die drie besware lig die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in dat dit vir eersgenoemde kerke nog nie moontlik is om korrespondensie met laasgenoemde aan te gaan nie (VGKSA, 1982:31). Die besware word vervolgens afsonderlik toegelig.

BESWARE TEEN DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

Wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, is die Gereformeerde Ekumeniese Sinode ongereformeerd, omdat die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) ook lid is van die sinode. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskou die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) as ongereformeerd gesien sy leerstellinge oor

die verbond, sy binding aan sinodebesluite en sy wyse van kerkregering. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se beskouing is dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika deur sy lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode meegehelp het om die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) te veroordeel. Hy het in elk geval nie eens die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) geleentheid gebied om hul saak te stel nie (VGKSA, 1982:33,34).

Voorts, sê hulle, is die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nie ekumenies nie, want ander kerkverbande soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en ‘n aantal Indonesiese Kerke wat lid is van die Wêreldraad van Kerke, is uitgenooi om lid te word. Hierdie kerke handhaaf nie die Gereformeerde Kerkorde van Dordtrecht 1618/19 nie, terwyl dit die aanvanklike reëling by die stigting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode was dat slegs kerke met die gereformeerde kerkorde van Dordtrecht 1618/19 lid sou wees. Selfs die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) het nie dieselfde Kerkorde nie. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het daarin ekumenies vals geword, aldus die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1982:33,34).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1982:34) is ook van mening dat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode geen sinode is nie. Die Dordtse kerkorde ken nie ‘n internasionale sinode nie. ‘n Sinode is volgens Artikel 30 van die Dordtse Kerkorde ‘n kerklike vergadering waar kerklike sake op kerklike wyse hanteer word. Dit gebeur nie by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat as die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Gereformeerd wil bly

moet “hy hom laat red uit hierdie verkeerde geslag (Deut. 32:5; Hand 2:40; Psalm 1:1)” (VGKSA, 1982:34).

DIE PRAKTYK VAN `DUBBELE KORRESPONDENSIE’

Met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit dat dubbele korrespondensie met meer as een kerk in ‘n bepaalde land moontlik is, het hy volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, vir die pluriformiteitsteorie gebuig. Dit beteken dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika berus in die sondige werklikheid van die kerklike gebrokenheid en verskeurdheid in ‘n bepaalde land en self niks doen om die eenheid tussen die betrokke kerke te heel nie. Pleks daarvan trek die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy skouers op soos met die Vrymaking en sê dat dit niks met hom te doen het nie (VGKSA, 1982:35).

> “Ons kan dit kortliks so stel dat die Sinode wil korrespondeer met kerkverbande in een land terwyl sodanige kerkverbande in eie land nie probeer om tot eenheid in gehoorsaamheid te kom nie. Slegs waar die eenheid gevorm is deur die gehoorsaamheid, is dit duursaam. So moet in gehoorsaamheid gewerk word aan die saamvergadering van die ware christgelowiges” (VGKSA 1982:36).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1982:36) begryp nie hoe die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dubbele korrespondensie met kerke in ander lande kan en wil handhaaf, maar nie tuis nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is ook lid van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode waar die Gereformeerde Kerk in

Suid-Afrika en hulle saampraat, maar in Suid-Afrika het hulle niks met mekaar te doen nie.

KERKVERBANDE WORD NIE GETOETS NIE

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwys in 1982 na die sinode van die Gereformeerde Kerken Nederland in 1914 wat gesê het dat dit nodig is om op mekaar ag te gee dat nóg in leer, nóg in diens en tug van die Woord van God afgewyk word. In dié lig verwys 1982 se sinode na die korrespondensie wat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1976 met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het. Eweso "die plig van 1946 bly rus op u om asnog die werk van die Here in die Vrymaking van sy kerke te toets" (VGKSA, 1982:36).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika illustreer op sy sinode in 1982 die noodsaak van toetsing verder deur te vra of die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wel die Nederlandse Gereformeerde Kerken (Buitenverband) getoets het voordat korrespondensie met hulle in 1979 aangeknoop is. Hoe weet die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika watter kerkorde hierdie kerke handhaaf? Die plig om die waarheid te toets geld ook ten opsigte van die binnelandse kerke, soos die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA, 1982:37).

Op die sinode verwys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ook na die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) wat gevra het om in die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgeneem te word. Indien dit sou gebeur, sal

die moontlikheid vir die vereniging van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika totaal uitgeskakel word. “Want hierdie groep - en ons betreur dit om dit te moet sê - is nóg met ons nóg met u een in leer, diens en tug nie” (VGKSA, 1982:37,38). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) met hierdie opmerking tot ‘n valse kerk genegeer. Die vraag is of sy beskouing beteken dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika deur die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) ook valse kerk geword het?

Ná die relaas besluit die sinode van 1984 - daar was ‘n “windstilte” (Bijzet *et al.*, 1990:59) in die kontak sedert 1982 - egter dat gesprek met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wel voortgesit moet word, al is die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgeneem (VGKSA, 1984:10). (Sedert sy opname staan die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) as die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar bekend).

Tydens die laaste twee sinodes is besware teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geopper. Drie daarvan is as struikelblokke op die pad na eenheid voorgehou. Geen uitspraak is oor die res van die besware gemaak nie. Opvallend is dat daar nie onderskei is tussen kerklike swakhede en dwalinge nie, wat nie dieselfde is nie. Dit lyk asof swakhede en dwalinge oor dieselfde kam geskeer word.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou nie by hierdie drie besware alleen bly nie en dit selfs byna heeltemaal wysig.

1984 - 1986: 'N LAASTE POGING MET NUWE BESWARE

Al kontak wat deputate tussen 1984 en 1986 met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehad het, was om laasgenoemde deur middel van skriftelike korrespondensie te waarsku teen hul korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daarin weer eens opgeroep om die Nederlandse Gereformeerde Kerken deeglik te toets (Bijzet *et al.*, 1990:59,60; VGKSA, 1986:84).[40]

Die sinode van 1986 het besluit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n Bybelse roeping het om kerklike eenheid te soek met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika volgens die Here Jesus se gebed in Johannes 17 en in ooreenstemming met Artikels 27 - 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (VGKSA, 1986:23).

Die sinode bevestig dat daar vier sake is wat eenheid verhinder:

- Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode;
- die korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken;
- die probleme ten opsigte van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar; en
- probleme ten opsigte van die uitoefening van die tug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA, 1986:23).

[40] AVGKSA Deputate vir kontak met Binnelandse kerkformasies: Brief aan die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika insake die Nederlands Gereformeerde Kerke (NGK), 18.12.1984.

•

Volgens die sinode van 1986 kan die kwessie van die uitoefening van die tug, soos wat dit in ‘n plaaslike gemeente funksioneer of nie funksioneer nie, nie as ‘n beswaar op tafel gebring word nie, omdat slegs ‘n kerkverband getoets kan word en nie elke gemeente afsonderlik op plaaslike vlak nie. Hy voeg tog die tug op sy lys van besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by, omdat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van mening is dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie die tug toepas nie (VGKSA, 1986:23).

Hierdie sinode gee opdrag aan deputate om die gesprek voort te sit ten einde die hindernisse uit te klaar. ‘n Dokument moet opgestel word, waarin die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se standpunt deeglik uiteengesit word (VGKSA, 1986:23). Volgens Bijzet *et al.* (1990:60) was die doel van dié dokument om daarmee ‘n beroep op die volgende sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te doen om hierdie hindernisse uit die weg te ruim en “desnoods ‘n oproep tot wederkeer tot die GKSA kan laat uitgaan” (VGKSA, 1986:24). Die sinode beslis dat die gesprek na 35 jaar se vrugtelose gesprekke met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot ‘n punt gevoer moet word, hetsy positief of negatief. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal steeds positiewe getuienis na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitstraal deur middel van persoonlike kontak en publikasies of welke wyse ook al geskik mag wees (VGKSA, 1986:23,24).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou die gesprekke tot op ‘n punt toe voer, maar ook net tydelik.

1987-1988: KONTAK BEËINDIG

Die sinode van 1987 besluit om ‘n positiewe brief aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te rig, waarin eerstens op die ooreenkomste tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gewys word, naamlik dat albei die Heilige Skrif, dieselfde belydenis, die Dordtse Kerkorde en dieselfde ondertekeningsformulier vir ampsdraers handhaaf (VGKSA, 1987:15).

Die brief vra egter begrip vir die bestaan en redes vir die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat “om Gods wil” (VGKSA, 1987:16) gedoen is as “‘n daad van gehoorsaamheid” (VGKSA, 1987:16). Tog word die begeerte uitgespreek om “skouer aan skouer te staan teen die aanvalle van die duiwel” (VGKSA, 1987:16) en dat hulle hulle daarom nie wil isoleer van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Die brief stel ook dat Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken (syn.) vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n onoorkomelike probleem is. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word ernstig versoek om sy korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken te heroorweeg op grond van al die inligting wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds by ‘n vorige geleentheid aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verskaf het (VGKSA, 1987:16).

Buiten hierdie struikelblok is daar steeds ‘n paar sake wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hinder en waaroor gepraat moet word. Hierdie besware handel oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, die probleme rondom die Gereformeerde Kerk die Kandelaar, en die hantering van die kerklike tug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die versekering word gegee dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n hartlike begeerte het om met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te verenig (VGKSA, 1987:17).

In 1988 vergader die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika weer om die antwoord van die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Januarie 1988 te bespreek. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het oor die belangrikste voorwaarde tot eenwording, naamlik die opskorting van korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken, besluit dat die korrespondensie voortgaan en nie gestaak word nie. Die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem kennis dat die res van die brief feitlik nie gefigureer het op die sinode nie (Bijzet, 1990:60; VGKSA, 1988:24).

> “Daarmee het ons tot ‘n punt gekom waarin verdere gesprekke oor kerklike eenwording met die GKSA tans nie sinvol is nie” (VGKSA, 1988:24).

Die sinode besluit om die samesprekings met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voorlopig te staak. ‘n Brief wat die besluit verduidelik word aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig (VGKSA, 1988:24, 47, 48). ‘n Nuwe wending sou tog intree.

1990: 'N NUWE WENDING

Ondanks die feit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1988 besluit het om kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te staak, gee die sinode van 1990 opdrag aan die deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke om die belemmerings vir kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met dié kerke se deputate te bespreek (VGKSA, 1990:66).

Die beweegrede vir die hervatting van kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is nie duidelik nie, maar is waarskynlik na aanleiding van die aanbeveling wat op die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1991 sou dien om sy lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Raad te beëindig. Daar is nie 'n amptelike besluit deur die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1990 om weer kontak te bewerkstellig nie. 'n Besluit hieroor sou eers in 1992 geneem word (VGKSA, 1992:26,27). Die sinode in 1992 skep egter die indruk dat dit nie die bedoeling was dat kontak tussen die twee kerkgemeenskappe gestaak word nie. Daarom het die gesprek in 1990 oor kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarskynlik normaal voortgegaan.

Die sinode van 1990 aanvaar 'n aanbeveling van die deputate om paslik op die besluit van die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1991 oor opskorting van lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Raad te reageer, met dien verstan-

de dat dit slegs gedoen word indien die besluit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deurgevoer word (VGKSA, 1990:29).

Die sinode bespreek ‘n voorstel van die deputate om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekwalifiseerd as ware kerke te erken. Die argument is dat die erkenning van kerke as ware kerke nie impliseer dat daar geen belemmering vir kerklike vereniging is nie.

> “Daar kan nog baie ernstige probleme wees wat ‘n hereniging in die pad staan. En m.b.t. tot die GKSA is daar ook sodanige probleme” (VGKSA, 1990:28).

Die sinode besluit egter om nie die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ware kerk te erken nie. “Solank as wat ons by die GKSA ‘n simplistiese redenering vermoed of selfs raakloop, sal so ‘n uitspraak die saak nie duideliker maak nie” (VGKSA, 1990:28). Die sinode meen dat daar eers weer besin moet word oor besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die besware moet geweeg word om vas te stel in welke mate dit die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se beoordeling van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beïnvloed. Die deputate moet die hooflyn van die geskeidenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die volgende sinode voorlê. Die memorandum moet aandui dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie telkens nuwe verskonings opper om nie tot kerklike eenheid te kom nie, maar dat dit telkens slegs simptome is wat wys dat die Gereformeerde Kerke in

Suid-Afrika nie dieselfde kerkbegrip as die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika handhaaf nie (VGKSA, 1990:28).

Die rede vir hierdie besluit van die sinode is moeilik om te verstaan. Sedert 1950 is talle besware teenoor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika genoem. Derhalwe is die besluit om eers weer na te dink oor watter besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan, onduidelik. Die besware is immers reeds duidelik. Die besluit skep die indruk dat die sinode nie gereed was om die voorstel goed te keur nie en gevolglik nie die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ware kerke wou erken nie. Dit is opvallend dat die sinode die bevinding van die memorandum reeds vooraf vaslê en opdrag gee wat die bevinding moet wees.

Met die volgende sinode sou die laaste twee sinodes se besluite rakende die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika heroorweeg word. ‘n Nuwe rigting sou ingeslaan word.

1990-1992: OPNUUT KONTAK

Op die sinode van 1992 - twee jaar later - dien die besluit van 1988 om kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te staak weer én die rapport van die deputate insake die hooflyne van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit word afsonderlik bespreek.

DIE MISVERSTAND VAN 1988

Die sinode van 1990 kom tot die gevolgtrekking dat die sinode van 1988 se besluit om kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te skort ‘n misverstand was. Die indruk is deur die sinode van 1988 se besluit gewek dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se beswaar teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken só swaar weeg dat dit eenwording met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika totaal onmoontlik maak. Die deputate van 1988 se sinode verduidelik aan die sinode dat die opskorting van kontak nie die bedoeling was nie. Dit is “...‘n punt van ondergeskikte belang... Die saak bly nog steeds ‘n probleem” (VGKSA, 1992:26). Met die “saak” (VGKSA, 1992:26) bedoel die deputate die saak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken. Daardie korrespondensie is steeds ‘n probleem, maar nie ‘n obstruksie vir gesprek nie.

Die sinode gaan akkoord dat die besluit van 1988, naamlik dat kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onmoontlik geword het, teruggetrek word. Die rede:

> “... aangesien hiermee ‘n te sware lading aan die korrespondensie van die GKSA met die Nederlandse Gereformeerde Kerken gegee is. Dit beteken nie dat daardie korrespondensie voortaan as onbelangrik buite bespreking kan bly nie, maar dat die saak nie by voorbaat as ‘n struikelblok vir verdere ontmoeting beskou mag word nie” (VGKSA, 1992:27).

Die deputate dui hiermee aan dat korrespondensie nie noodwendig ‘n belemmering vir kontak met kerke is of kan wees nie. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onder die swart bevolkingsgroepe bestaan in twee afsonderlike sinodes. Gestel dat deur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sendingwerk ‘n selfstandige gemeente ontstaan. Die betrokke gemeentes van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die spesifieke dorp of stad sal mekaar ongetwyfeld herken as ware kerke. Hoe moet aan dié bepaalde Vrye Gereformeerde Kerk verduidelik word dat kontak met daardie Gereformeerde Kerk onmoontlik is en dat hulle nie met hierdie gemeente kan verenig nie?

> “Moet hulle sê dat dit onmoontlik is vanweë die bande wat daardie kerke nou maar eenmaal met die blanke GKSA het, omdat daardie blanke GKSA weer bande met kerke in Nederland het wat nie ten volle Gereformeerd is nie? Watter broeder of suster sal dit verstaan?” (VGKSA, 1992:78,79).

Wat die saak van korrespondensie betref kom die deputate in hul verslag tot die gevolgtrekking dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds in die beoefening van korrespondensie albei vorme van korrespondensie - in enger en in ruimer sin - handhaaf.[41] Dit “...terwyl daar helaas algemeen en verhullend wel in alle gevalle van eenheid in leer, erediens en kerkregering gepraat word. Die verskillende praktyk van korrespondensie geskied onder ‘n eenvormige teorie wat die verskille nie laat uitkom nie” (VGKSA, 1992:84). Die deputate meen dat dit des te meer ‘n rede vir hulle is om die hele saak van korrespondensie nie langer as ‘n onoorbrugbare hindernis vir voortge-

[41] Bijzet, F.J. *et al.* 1990. “Van strydbaarheid tot diensbaarheid”; VGKSA, 1992, pp. 67-100.

sette kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te beskou nie (VGKSA, 1992:84).

NUWE VERKENNING EN KONTAK

Die deputate se rapport insake die hooflyne van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kom vervolgens ter sprake.

Die sinode herbevestig weer eens, soos in 1987, “dankbaar” (VGKSA, 1992:27) dat daar sake is waarin die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ooreenstem, naamlik die eenheid op grond van Skrif, belydenis en kerkregering, asook dat albei kerkgemeenskappe dieselfde ondertekeningsformulier vir ampsdraers handhaaf (VGKSA, 1992:27,28).

Deur dié herbevestiging onderskryf die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die drie kenmerke van die ware kerk volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis voldoen. Een ekstra saak word bygevoeg. Hierdie konstatering roep die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, volgens die sinode, op tot ‘n nuwe inisiatief van toenadering om tot moontlike erkenning te kom (VGKSA, 1992:28).

Die verslag fokus veral op drie sake, naamlik 1) herkenning of erkenning, 2) die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika intern en 3) die werklike kernbeswaar. Dit word afsonderlik bespreek.

HERKENNING OF ERKENNING?

Deputate kry opdrag om in samewerking met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate te besin oor ‘n sinvoller manier waarop die twee kerkgemeenskappe mekaar kan ontmoet as net deur deputate. Die doel van so ‘n ontmoeting moet wees “‘n moontlike inhoudelike en vrymoedige erkenning van mekaar as kerke van die Here Jesus Christus” (VGKSA, 1992:28). Gemeentes behoort ook hul bes te doen om kontak met plaaslike kerke van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te soek. Ontmoetings moet nie aan die deputate alleen oorgelaat word nie (VGKSA, 1992:28).

Die besluit om tot ‘n moontlike erkenning van mekaar te kom staan in kontras met die voorafgaande konstatering van die “sake waarin ons ooreenstem” (VGKSA, 1992:27), omdat die sinode daarin erken het dat sowel die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Heilige Skrif, dieselfde belydenis en die Dordtse Kerkorde handhaaf. Erkenning van mekaar word bepaal deur die herkenning van die kenmerke van die ware kerk in ‘n kerk. Die deputate bevestig hierdie stelling in hul verslag aan die sinode (VGKSA, 1992:86). Volgens Nederlandse spraakgebruik praat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na aanleiding van Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis van “ware kerk” (VGKSA, 1992:86). Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daarteenoor praat van “eenheid in leer, diens en tug”. “Omdat dieselfde bedoel word, kan ons by die Afrikaanse spraak-

gebruik aansluit" (1992:86). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen die feit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die drie kenmerke van die ware kerk nastreef beteken nog nie dat dit wel in die praktyk gebeur nie (1992:86).

Voordat erkenning kan plaasvind, moet daar eers herkenning van mekaar wees. Op sy beurt sal herkenning sin en inhoud aan die formele erkenning gee. Om mekaar te herken is a) kennis van die prediking, b) ontmoeting van die mense en gemeentelike lewe en c) kennisname van mekaar se publikasies en openbare optrede nodig, aldus die verslag (1992:86). Om dit te bewerkstellig is ontmoeting, ook deur lidmate, nodig. Hierdie ontmoetings en erkennings moet op plaaslike vlak in die gemeentes geskied. Dit is trouens die opdrag van Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, naamlik dat elkeen verplig is om hom by die ware kerk waar hy woon te voeg. Sulke ontmoetings kan die kultuurverskille wat tussen die Afrikaanse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederlandse georiënteerde Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan oorbrug (VGKSA, 1992:84-86).

Die vraag het ontstaan of die kenmerke van die ware kerk voldoende is om mekaar te toets. Die deputate is daarvan oortuig dat die amptelike hantering van die kenmerke van die kerk die norm is en nie die "insidentele lewe van die lidmate van die kerke nie". Die kenmerke van die Christene wat ook in Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem word of die gebrek daarvan by lidmate, raak nog nie die kenmerke van die ware kerk nie (VGKSA, 1992:87).

Hierdie kwessie lei gevolglik tot ‘n volgende vraag rakende die interne lewe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA INTERN

Bogenoemde algemene stelling oor ware kerk en erkenning en herkenning van mekaar lei tot ‘n volgende vraag, naamlik hoe die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika intern beoordeel moet word, afgesien van hul buitelandse betrekkinge?

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika erken dat daar nog min oor hierdie aspek gepraat is, aangesien die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sterk op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se eksterne verhoudinge gefokus het. Volgens die deputate het dit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geïrriteer, aangesien die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daardeur besef het dat hy vanweë sy bepaalde buitelandse verhoudinge as valse kerk getipeer is (VGKSA, 1992:79,80). Die deputate meen dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika eers ‘n uitspraak oor die interne lewe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika self moes maak en daarna op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se eksterne bande fokus (VGKSA, 1992:79,80).

Op die vraag watter indruk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekry word wanneer hy aan die kenmerke van die ware kerk getoets word, erken die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika langelaas dat té veel op die swakhede en tekortkominge van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika pleks van op die kernsake gefokus is. Besware soos swak prediking, gebrek aan toepassing van die tug en swak kerkbe-

soek sonder behoorlike aandag aan hierdie sake deur die kerkraad, ‘n té maklike aanvaarding van lidmate van ander kerke sonder behoorlike getuienis, onvoldoende begrip vir volgehoue reformasie en die blootstelling van predikante aan die Liberalisme van die Vrye Universiteit in Amsterdam het wel meriete. Daar is selfs ampsdraers en lidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat oor bogenoemde sake kla. Maar “swak” is nog nie onskriftuurlik nie, aldus die deputate. Swak prediking en onskriftuurlike prediking is nie noodwendig dieselfde nie (VGKSA, 1992:80).

Die sinode erken dat daar ook positiewe dinge oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gesê kan word. Die teologiese skole op Potchefstroom en Hammanskraal streef na deeglike gereformeerde onderwys. Die tug word wel ook toegepas. Net so kry swak kerkbesoek ook aandag. Bande met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode is verbreek. Selfs *Die Kerkblad* (kerklike orgaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) gee duidelike en kragtige leiding (VGKSA, 1992:80,81).

Die deputate kom tot die slotsom dat daar op grond van bogenoemde feite tog meer as genoeg rede is om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika “as kerke van ons Here Jesus Christus te herken wat wil staan op die ou grondslag van die Gereformeerde belydenis en Kerkorde en ook worstel om daarop te bly staan. En dié herkenning moet ons dwing tot ‘n erkenning en tot ‘n nuwe inisiatief van toenadering” (VGKSA, 1992:81).

DIE KERN VAN DIE BESWAAR

Die sinode het die deputate opdrag gegee om die hooflyn van die besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bepaal, sodat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan bepaal of hulle wel telkens nuwe sake byvoeg op die lys van besware (VGKSA, 1990:28).

In ‘n lywige verslag van die deputate wat op die sinode van 1992 gedien het, word gevra wat die werklike hooflyn van besware is, of dit genoegsaam verduidelik is en of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit voldoende raakgesien het of nie. Die verslag verwys na die verskillende memoranda, besprekings, verslae, korrespondensie en samesprekings waardeur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul besware aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekommunikeer het (VGKSA, 1992:72-74).

‘n Afsonderlike hoofstuk in die verslag getiteld, “Samesprekings tussen die GKSA en die VGKSA” (VGKSA, 1992:71) toon die besware soos dit deur die verskillende sinodes van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bepaal is. Die gevolgtrekking waartoe die deputate geraak is: die enkele hoofsaak van al die besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geen erns met sy plig om te toets (eenheid in leer, diens en tug) maak nie voordat korrespondensie of eenheid aangegaan word nie (VGKSA, 1992:71). Die verslag konkludeer dat die kern van die beswaar voldoende en deeglik aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verduidelik is op die verskillende wyses waarop dit aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekommunikeer is (VGKSA, 1992:74).

Die volgende sinode sou verder positief op die nuut ingeslane rigting voortbou.

1994: 'N NUWE BENADERING

Die sinode van 1994 neem met gemengde gevoelens kennis van die rapport van die deputate. Aan die een kant positief insake die samesprekings op 23 Maart 1993 en 12 Mei 1993 met die deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, asook oor die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad se kontak met die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, volgens besluit van die sinode van 1992. Aan die ander kant is die sinode teleurgesteld dat die deputate nie aanbevelings maak of die kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika evalueer nie. 'n Verslag van Ds F.J. Biijzet se besoek aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van Januarie 1994 dien as bylaag by die rapport (VGKSA, 1994:16). Hierdie sake word vervolgens bespreek.

IDEES VIR NOUER SAMEWERKING

Die twee samesprekings tussen die deputaatskappe van die twee kerkgemeenskappe het gefokus op die moontlike maniere waarop die twee kerkgemeenskappe mekaar op 'n plaaslike vlak kan verken. Uit die verslag lyk dit asof dinkskrums gehou is om moontlike idees te genereer. Heelwat moontlikhede is genoem, soos samewerking met 'n Gereformeerde skool wat by die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan, waarnemerstatus op meerdere vergaderinge, samewerking op sendinggebied, teologiese opleiding, Bybelstudies, viering van spesiale feesdae en sterker ekumeniese samewerking. Informele kontakte moet deur die plaaslike gemeentes gereël word. Kansel-

ruil is as ‘n moontlikheid genoem, maar dit kan eers gebeur nadat die onderskeie sinodes hul daaroor uitgespreek het (VGKSA, 1994:71,72). Kanselruil moet egter stelselmatig ingelei word en in drie groepe ingedeel word, naamlik: plaaslik, klassikaal en teologies. ‘n Nuwe verwikkeling is dat elk van die kerkgemeenskappe die ander na hul onderskeie sinodes genooi het (VGKSA, 1994:71).

Wat die teologiese opleiding betref, is die moontlikheid genoem dat professore van die teologiese skool op Potchefstroom met dié van die teologiese skole in Kampen (Broederweg), Nederland, en in Hamilton, Kanada, kan uitruil. Selfs ‘n adviserende kurator wat deur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika benoem word, is ‘n moontlikheid (VGKSA, 1994:72).

Geen aanbevelings word aan die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen nie. Hierdie verslag is slegs ‘n weergawe van die samesprekings. Uit hierdie kriptiese verslag lyk dit of daar vir die eerste keer sedert 1950 werklik in ‘n positiewe en konstruktiewe rigting beweeg word.

INNERLIKE LEWE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die deputate noem ‘n aantal sake wat in besprekings na vore gekom het insake die “interne gang van sake” (VGKSA, 1994:70) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die bron waaruit of waarvandaan hierdie sake kom is onbekend, net so ook die maatstaf wat gebruik is. Die deputate noem alleen ‘n aantal negatiewe sake soos hulle dit by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ervaar:

- die politieke situasie in Suid-Afrika het ‘n onbybelse ekumene by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot gevolg;
- die uitdrukking “een in leer, diens en tug” is betekenisloos indien die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besluite insake die sogenoemde susterkerke in gedagte gehou word. Dit wek groot kommer en moet verder bespreek word;
- die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinodebesluit van 1994 insake die afwysing van die vrou in die amp “is meer negatief as positief” (VGKSA, 1994:70);
- “Wagters-op-die-mure-wees word nie weerspieël in Die Kerkblad nie en artikels wat ‘n waarskuwing wil wees is KP[42] gekleur na ons oortuiging” (VGKSA, 1994:70);
- die eskatologiese perspektief wat teenswoordig baie nodig is, word verwaarloos;
- al bestaan die Broederbond nie meer amptelik nie, is die invloed daarvan beslis nie weg te dink nie. Die deputate noem dit “konfessionele integriteit” (VGKSA, 1994:70). Dit is nie duidelik wat met hierdie aangehaalde opmerking bedoel word nie, aangesien die betekenis daarvan bots met die voorafgaande negatiewe opmerkings.
-

Hierdie besware is kripties vermeld, sonder verdere verduideliking of motivering. Dis vaag en het negatiewe implikasies vir die moontlike oorbrugging van die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe. Die deputate meen dat die benoemde deputa-

[42] *“K.P.“* Die Konserwatiewe Party is ‘n regse politieke party in Suid-Afrika vir blanke Afrikaners.

te die kontakte met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika behoort te benut om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se konfessionele trou en integriteit te bepaal (VGKSA, 1994:70).

INDRUKKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE SINODE VAN 1994

Ds F.J. Bijzet het op uitnodiging die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van 1994 bygewoon. Hy het negatiewe en positiewe opmerkings oor die sinode gemaak wat belangrik is vir insig in die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Bijzet gebruik die term “swakhede” (1994:73) ten opsigte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Volgens hom het afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se uitlatings sy persoonlike vermoedens en evaluering bevestig.

Volgens hom is die grootste swakheid by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode die feit dat die sinode ‘n “uitvoerige” (VGKSA, 1994:73) dik agenda in ‘n baie kort tyd moes afhandel. Dit belemmer behoorlike kommissieverslae en ook deeglike gesprekke. Dit is as sodanig ‘n aanleidende faktor tot “swak” (VGKSA, 1994:73) sinodebesluite, soos wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die verlede dikwels ervaar het, naamlik dat hul briewe nie behoorlik bespreek of beantwoord is nie. Op sy beurt lei dit tot ‘n kleurlose belangstelling in sake en kerke, soos in die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

‘n Ander swakheid in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode is volgens Bijzet, dat politiek ’n sterk, al is dit “ondergronds” (VGKSA, 1994:73), rol speel en besluitneming in talle sake beslis beïnvloed. Die “argeloosheid” (VGKSA, 1994:74) waarmee die sinode die Nederduitse Gereformeerde Kerk benader het, wek groot kommer. Ten opsigte van hierdie kerke is met waardering kennis geneem, terwyl van die “gevaarlike, ongereformeerde ontwikkelinge in daardie kerke“ (VGKSA, 1994:73,74) niks gesê is nie.

‘n Saak wat die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ten nouste raak, was, volgens Bijzet, ‘n voorstel deur ‘n kommissie dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerke eerder by die Deputate vir Ekumeniese Sake tuishoort as by die Deputate vir gesprek met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die rede daarvoor is dat die gesprek met laasgenoemde kerke op eenheid gemik is, terwyl die gesprekke van die ekumeniese deputate met kerke, waaronder die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, “tog minder verreikend is” (VGKSA, 1994:74). Bijzet het die sinode daarop gewys dat eenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nader is as eenheid met die ander twee genoemde kerke. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hom alreeds een in leer, diens en tug met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verklaar, maar nog nie met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk nie. Die saak oor die verwerping van die vrou in die amp deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van 1994 is volgens hom ook ‘n stap nader aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as aan die ander twee kerke (1994:74).

Aan die positiewe kant noem Bijzet (VGKSA, 1994:74-77) dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika duideliker en sterker as in die verlede, tydens die sinode van 1994, die gereformeerde koers gekies het. Dit raak sake soos die Skrifgesag met verwysing na die saak van die vrou in die amp, die totale verbreking van bande met die Gereformeerde Ekumeniese Raad, die sterker houdings jeens die Christian Reformed Church in America, en die samesmelting van die twee teologiese skole van Potchefstroom en Hammanskraal. Laasgenoemde open nuwe deure vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aangesien ‘n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Mamelodi in Hammanskraal studeer het en na Potchefstroom sou oorskuif ná die samesmelting.

Wat die nouer kontak op plaaslike vlak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, meen Bijzet (VGKSA, 1994:76) dat die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad ‘n positiewe getuienis na die Gereformeerde Kerke in die Kaap kan uitstraal met betrekking tot die saak van die Skrifgesag. Hy verwys na die beskrywingspunt insake die vrou in die amp uit die Suidelike Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Sodoende kan die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe mettertyd uit die weg geruim word.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal wel in gedagte moet hou dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika “mooi woorde op papier” (VGKSA, 1994:77) besluite neem, maar dat dit grootliks verskil met “hul dade in die praktyk” (VGKSA, 1994:77).

KONKLUSIE

Op voetspoor van die deputate van 1992 se verslag wil hierdie konklusie slegs samevattend die hooflyne van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se benadering tot die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika trek. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na eenheid: sy benadering tot en evaluering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kom in hoofsaak op besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neer. Veral met betrekking tot onaanvaarbare korrespondensie met buitelandse kerke, die nie-toetsing van kerkverbande en huislike "swakhede" in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se vernaamste beswaar teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1950 was die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) wat, volgens hulle, 'n valse kerk is. Daarmee, en met die weiering om hom uit te spreek oor die Vrymaking, het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit vir die Vrygemaaktes onmoontlik gemaak om by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan te sluit.

Nadat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in 1976 verbreek het, was die volgende beswaar die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (later Raad), want daardeur het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds kontak met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) gehad. Dit het, volgens hulle, geïmpliseer dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die verkeerde leer van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) onderskryf het.

Sedert 1976 het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onomwonde die plig tot toetsing van ander kerkverbande as ‘n pertinente vertrekpunt gekies, alhoewel dit lank reeds onderliggend aanwesig was. Die beoordeling van die Vrymaking, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se verhouding tot die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) na 1976 en die posisie ten opsigte van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode val hieronder.

In 1978 fokus die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op die interne swakhede by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, maar hulle verlaat daardie pad onmiddellik en wend hulle weer tot die aanvanklike hooflyn, die plig tot toetsing.

In reaksie op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se voortdurende beklemtoning van “eenheid in leer, diens en tug” merk die sinode van 1978 dat daar eers bepaal moet word of die twee kerke wel een is in leer diens en tug in die praktyk, met ander woorde of dit wel gehandhaaf word en nie net in teorie bestaan nie.

Sedert 1980 bepaal die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hom in hoofsaak by die hooflyn van 1978. Die saak van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) wat in die verband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika opgeneem is, word ook by die lys gevoeg. Net so word die saak van die uitoefening van die tug in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by die lys gevoeg en sou dit heelwat aandag ontvang.

Sedert 1992 het die sinode ‘n ander, minder drastiese koers ingeslaan en meer op plaaslike verkenning begin fokus om mekaar sodoende te leer ken, te toets en tot moontlike eenheid te beweeg - ‘n besluit wat klaarblyklik byval by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevind het. Die sinodes van 1992 en 1994 laat positiewe indrukke in terme van die moontlike oplossing van die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Met hul verslag van 1992 het die deputate hand in eie boesem gesteek deur die foute uit te wys wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sy benadering tot die geskeidenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gemaak het, naamlik dat té veel op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se optrede na buite gefokus is en té min op die interne sake, asook die plaaslike skakeling met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Bijzet *et al.* (1990:42) erken dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika self heelwat struikelblokke in die pad tot kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerol het.

Die hoofbeswaar teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is dat hy nie erns met sy plig tot toetsing volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis maak nie en sake slegs oppervlakkig benader, aldus die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE SOEKE NA EENHEID: HUL BENADERING TOT EN EVALUERING VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het nog altyd in ‘n unieke verhouding tot sy stamland, Nederland, gestaan. Die kerklike lewe in Nederland het ‘n besliste invloed op die breë kerklike gebied van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehad. Ook wat die probleme op kerklike gebied betref, was die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds betrokke deur in die voetspore van die Afskeiding in 1834 in Nederland te loop en met die Doleansie mee te leef. Die eerste predikant van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Ds Dirk Postma, was afkomstig uit die Afskeiding in 1834. Ook het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deurentyd standpunt ingeneem oor beskerming van die gereformeerde leer. Die skeuring van die Gereformeerde Kerken Nederland in 1942 sou ongetwyfeld ‘n invloed op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hê, aangesien talle immigrante uit die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) én die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou word. Toe die eerste immigrante uit die Vrymaking die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1949 begin konfronteer oor die Vrymaking, kon die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie sy oë en ore daarvoor sluit nie.[43]

Hierdie hoofstuk beskryf die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se benadering tot en evaluering van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daar word hier kennis geneem van die naamsverandering in 1982 van die Gereformeerde Kerk in Suid-

[43] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Aan al die Predikante en Professore in Suid-Afrika, 1949 (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking pp. 1, 2).

Afrika na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die naam wat ooreenstem met die tydperk wat ter sprake is word gebruik.

1942 - 1945: VRYMAKING NIE BESPREEK NIE

Die nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat in 1942 en 1945 vergader het, het geen melding gemaak van die kerklike stryd en die gevolglike Vrymaking wat in 1942 in die Gereformeerde Kerken Nederland plaasgevind het nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy gebrek aan insae in die Vrymaking verkwalik. [44] Hulle was van mening dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie moeite gedoen het om inligting te kry nie. Andersins sou hy wel, spoedig, ‘n uitspraak sinvolle uitspraak kon gelewer het.

1946 - 1950: ‘N AFWAGTENDE HOUDING

Die deputate vir korrespondensie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ontvang in April 1946 ‘n brief van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) om ‘n afgevaardigde na hul eersvolgende sinode in 1946 in Nederland te stuur. Die deputate antwoord dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode reeds verby is, maar dat hul brief aan die eersvolgende sinode voorgelê sou word (GKSA, 1955:38).

---

[44] AGKSA (K) J.G. Meijer: Memorandum, pp. 4, 5.

Hieruit blyk dat daar in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wel bekendheid met die Vrymaking in Nederland was, maar dat dit tot dusver nog nie deur ‘n sinode bespreek is nie.

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat in Januarie 1949 vergader het, besluit:

- om nie afgevaardigdes na die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se sinode te stuur nie, aangesien so ‘n stap die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in gedrang sou bring;
- om ‘n afwagtende houding in te neem, aangesien die situasie in Nederland nog baie wisselvallig is;
- dat hy hoop en vertrou dat die breuk in die kerke in Nederland herstel sal word deur God se genade (GKSA, 1949:290).

Tydens samesprekings tussen die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1975 het eersgenoemde se deputate dit só gestel: “omdat die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1949 verklaar het dat die verklaring van 1946 vir Suid-Afrika nie bindend is nie, was daar niks in die pad van die Vrygemaaktes om aan te sluit by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie”.[45]

[45] AGKSA (K) R.F. van den Berg: Verslag van samesprekings tussen deputate van beide kerkgemeenskappe, 29.9.1975.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se standpunt was dus dat sy weerhouding van ‘n uitspraak oor die Vrymaking juis die deure vir die immigrante uit die Vrymaking oopgemaak het om by hom aan te sluit.[46] Daar was geen struikelblok vir aansluiting by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

‘n Brief waarin die sinode van 1949 sy besluite aandui, is aan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestuur, maar antwoord is nooit van een van die twee kerkgemeenskappe ontvang nie (GKSA, 1955:38,39).

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se “afwagtende houding” sou ‘n sleutelrol speel in die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe.

1950 - 1952: DS F.A. DEN BOEFT, DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA EN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Op 15 Augustus 1950 ontvang die deputate vir korrespondensie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ‘n brief van Ds F.A. den Boeft van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) waarin hy verklaar dat hy opdrag ontvang het van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) om kontak te soek met die deputate vir korrespondensie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika “om de nog steeds niet opgeloste kwestie

[46] Ibid.

van correspondentie tusschen de Geref. Kerken in Holland en uw kerk nader onder oogen te zien" (GKSA, 1952:154).

Na 'n ontmoeting met Ds Den Boeft op 30 Augustus 1950 reik die deputate 'n "verklaring" aan alle kerkrade en predikante uit wat ook aan Ds den Boeft oorhandig is (GKSA, 1952:154). Die verklaring, noem die volgende:

- dat die gesprek oor korrespondensie tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) gehandel het;
- die deputate het die sinode van 1949 se besluite aan Ds den Boeft herhaal;
- kerkrade word daarop gewys dat Ds den Boeft "lidmate van sy kerk nie kan en sal aanraai om by ons kerk aan te sluit voor en aleer die saak van korrespondensie nie gereël is nie. Hy sal ook nie preekbeurte in ons kerk waarneem nie, selfs al sou hy daartoe versoek word";[47]
- dat 'n kerk onder leiding van Ds F.A. den Boeft gestig gaan word, omdat die "lidmate van sy kerk nie tot 1952 (wanneer die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode vergader) sonder die bediening van die Woord en sakramente kan bly nie".[48] Na die sinode van 1952 sal die te gestigte kerk weer ontbind word, wanneer korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) opgeskort is.

Geen reaksie is egter van hom of van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) op die "verklaring" ontvang nie. Uit Nederlandse koerante word egter verneem dat "deur

[47] AGKSA (K) S. du Toit: Verklaring insake 'n onderhoud tussen deputate vir korrespondensie (GKSA) en ds F.A. den Boeft, 1950.

[48] AGKSA (K) S. du Toit: Verklaring insake 'n onderhoud tussen deputate vir korrespondensie (GKSA) en ds F.A. den Boeft, 1950.

De Geref. Kerken (onderhoudende artikel 31) in Suid-Afrika ‘n gemeente gestig is onder die naam `De Vrye Gereformeerde Kerk’” (GKSA, 1952:153). Op die bewoording van hierdie berig reageer die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika per brief op 24 Januarie 1955. Die sinode word daarop gewys dat die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) nie die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geïnstitueer het nie. Die instituering het “van alhier wonende lede uitgegaan”.[49] Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word daarop gewys dat die gestigte kerk nie deel is van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) nie. Hulle handhaaf wel kerklike korrespondensie met mekaar (Douma, 1994:279). Dit is nie die kerk in Nederland wat ‘n kerk in Suid-Afrika gestig het nie.

Die Sinode van 1952 wys deputate aan om die volgende sinode te adviseer oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se verhouding met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) (GKSA, 1952:154-156).

Dit is opmerklik dat die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1952 wél besluit om deputate aan te wys om die betrokke saak te ondersoek, terwyl die deputate vir korrespondensie met buitelandse kerke dit reeds in 1949 aanbeveel het. Die kommissie wat die deputate se rapport behandel het, het hierdie voorstel gemaak (GKSA, 1949:173).

Sedert hierdie sinode sou die gesprek met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika parallel verloop. Van die ont-

[49] AGKSA (K) C. van der Waal: Brief aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1955 insake die instituering van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika , 24.1.1955.

binding van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou tot hede geen sprake wees nie.

1955: GESPREK OOR KORRESPONDENSIE

'n Versoek dien tydens die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1955 deur "Kommissie II" dat die sinode 'n versoek van Drs. C. van der Waal van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal aanhoor insake engere korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die versoek behels dat Drs. C. van der Waal die sinode onder andere toespreek in verband met die redes vir die bestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[50]

Die kommissie voer die volgende vier redes vir sy versoek aan:

- sodat die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika inligting kan verkry oor die redes vir die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika;
- sodat 'n persoonlike onderhoud insake die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se versoek tot korrespondensie gevoer kan word;
- aangesien daar in een land net een gereformeerde kerkverband behoort te wees en waar dit nie die geval is nie, daar ernstig gestreef behoort te word om tot een kerkverband te kom;
- sodat helderheid oor die saak verkry kan word, wat nog nie erkenning van die "Art. 31 kerk" (GKSA, 1955:37) beteken nie.

[50] GKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Drs van der Waal en broeders van die sg. "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika", 3.1.1955, pp. 1-10.

Die Acta van die sinode noem nie wat die sinode oor die versoek van Drs. Van der Waal besluit het nie, maar Drs. Van der Waal is wel aangehoor. Hy het die Vrymaking verduidelik asook die besware teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Verder is vrae deur die kommissie aan hom gevra.[51] Die kommissie het bevind dat daar formeel gesien geen beletsel was om "ook" (GKSA, 1955:39) korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) aan te gaan nie, "aangesien hierdie Kerk `een' is met ons Kerk **'in kerkregering sowel as in leer'**" (GKSA, 1955:39).

Wat die praktyk van korrespondensie betref ontstaan daar egter vrae, omdat die Vrygemaaktes (lidmate van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.)) tot daadwerklike kerkstigting in Suid-Afrika oorgegaan het. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vra die volgende vrae:

- Moet die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika uit die kerkstigting van die Vrygemaaktes aflei dat hulle die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie meer een met hulle ag in belydenis en kerkregering nie en dat hulle nie meer behoefte het aan korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie?
- Is die feit dat daar nog nie formele korrespondensie tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) bestaan nie genoegsame rede tot stigting van 'n eie kerk?

[51] Op. Cit. pp. 3-10.

- Indien die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie negatief op die eerste vraag antwoord nie, wat is dan hul bedoeling met die stigting van ‘n eie kerk (GKSA, 1955:39,40)?

Die sinode maak dit duidelik dat hierdie vrae die wese van die hele saak raak en versoek daarom ‘n antwoord hierop van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.).

Die sinode besluit ook:

> “gelyktydige korrespondensie van ‘n kerk in een land met kerke in verskillende kerkverband in ‘n ander land is moontlik met inagneming van die ondergeskeidenheid tussen korrespondensie in enger en korrespondensie in ruimere sin” (GKSA, 1955:40).

Die sinode beskryf “korrespondensie” as volg:

> “dat kerke hulle kansels vir mekaar oopstel, die sertifikate vir lidmaatskap wederkerig as geldig erken, lidmate oor en weer sal toelaat aan die nagmaalstafel, en afgevaardigdes oor en weer na sinodes stuur - in die verstandhouding dat kerke één sal wees in kerkregering sowel as in leer. Dit veronderstel kerkverband tussen kerke van dieselfde belydenis en kerkregering” (GKSA, 1955:39).

Tog besluit die sinode dat gesien sy bestaande korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) engere korrespondensie met die Gereformeerde Kerken

Nederland (vryg.) nie moontlik is nie. Slegs ‘n noue en broederlike kontak is moontlik, gesien die eenheid in belydenis en kerkregering. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het wel die plig om na eenheid te soek, ook in kerkverband. Derhalwe doen die sinode ‘n ernstige beroep op grond van artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om hulle by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te voeg as kerke wat een is in belydenis en kerkregering (GKSA, 1955:40,41).

Die werklike rede vir hierdie besluit ondanks bogenoemde onderskeid, is onduidelik. Dit is opvallend dat engere korrespondensie nie aangebied word nie, alhoewel erken word dat die betrokke kerke wel een is in leer, diens en tug, en albei mekaar erken en herken as ware kerke.

Die sinode se bedoeling met “‘n noue en broederlike kontak gesien die eenheid in belydenis en kerkregering” (GKSA, 1955:40,41) is onduidelik. Dit wil hieruit voorkom asof die sinode nog nie volle duidelikheid het oor sy bedoeling met dubbele korrespondensie in ruimere en engere sin nie. Andersyds sou hieruit afgelei kon word dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie dubbele korrespondensie in engere sin met hierdie kerke wou handhaaf nie.

Die sinode wys nie weer deputate aan om hierdie saak verder te voer nie, behalwe om beswaar by die owerheid aan te teken “teen die gebruik van die naam van die “Gereformeerde Kerk” deur die pasgestigte kerk” (GKSA, 1955:41). Albei kerkgemeenskappe het in hierdie stadium dieselfde naam, naamlik “Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika” gebruik. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die term “kerk” in

die meervoud gebruik, terwyl die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit in die enkelvoud gebruik het (GKSA, 1955:41).[52]

Die besluit van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om hierdie naam te gebruik laat die waarneming ontstaan dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika misken het as 'n kerk wat met hom een is in belydenis en kerkregering. Volgens Drs. Van der Waal en H. Smit van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die wettige voortsetting van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.[53]

Die gesprek oor korrespondensie is verwarrend, aangesien dit lyk of die sinode onseker is oor wat hom te doen staan. Hy erken die noodsaak van een kerk in 'n land, maar erken tog ook die bestaan van meer as een kerk naas mekaar in 'n land. Hierop sou die gesprekke dieper ingaan.

1958: GEEN KORRESPONDENSIE OF KONTAK MOONTLIK NIE

In antwoord op 1955 se sinodebesluite verneem die sinode van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) dat daar nie van korrespondensie of kontak tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) spraake kan wees nie (GKSA, 1958:48). Die Acta en argief van die Gereformeerde Kerk in

---

[52] AGKSA (K) S.P. van der Walt: Brief insake die naam van die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 29.11.1954.

[53] AGKdK H. Smit: Aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland, 1.11.1950; AGKdK (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Drs. van der Waal en broeders van die sg. "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika", 31.1.1955.

Suid-Afrika meld nie die redes vir hierdie besluit nie.

Wat die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, rapporteer die deputate vir korrespondensie met binnelandse kerke net dat wat die naamgewing van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref die gesprek afgehandel was. Niks word genoem oor die gesprek insake korrespondensie nie (GKSA, 1958:75). Die deputate het egter nie die opdrag daartoe gehad het nie.

Aangesien hierdie studie nie oor die verhouding tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) handel nie, word daar nie nou verder op hierdie punt ingegaan nie. Tot dusver het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika noue kontak met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.), asook met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehad. Vanaf 1958 sou die gesprek tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika meer onafhanklik verloop, hoewel daar tog van tyd tot tyd weer raakpunte sou wees.

1961: GELYKTYDIGE KORRESPONDENSIE IS MOONTLIK

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1961 vervang 1958 se besluit dat engere dubbele korrespondensie gelyktydig met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) onmoontlik is. Hy besluit nou dat gelyktydige kerklike korrespondensie (in enger sin) van ‘n kerk in een land met kerke in verskillende kerkverband in ‘n ander land waarmee daar eenheid in

leer, diens en tug is, wel kan bestaan. Die rede hiervoor is dat die verdeling en geskeidenheid wat in een land heers, nog glad nie die kerke in ander lande in daardie geskilpunte betrek nie, omdat hulle nog nie noodwendig geraak word deur sake wat elders die gemoedere verdeel nie (GKSA, 1961, 528-529).

Hiervan verskil die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika drasties van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat meen dat leer- en regeergeskille in kerke in ‘n bepaalde land wel kerke wat met hulle in korrespondensie staan betrek op grond van die eenheid wat bestaan. Hierdie verskil in siening sou al sterker word.

1964: NIE-BLANKE PREDIKANTE BEROEP

Ds J. Vonkeman van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) versoek die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1964 dat die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika “nie-blanke” studente uit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as predikante mag beroep. Die sinode keur hierdie versoek goed (GKSA, 1964:300,301). Die kerke wat deur hierdie te beroepe predikante gestig sal word, sal binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika val.

Geen verdere gesprek of terugvoer vind plaas oor die verhouding tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie. Dit wil voorkom asof die gesprek oor korrespondensie tussen die Gereformeerde Kerk in

Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot stilstand gekom het. Die rede hiervoor is waarskynlik die dooie punt wat bereik is oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se voortgesette korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) (vergelyk die hoofstuk oor die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit om ‘n “afwagtende houding in te neem” (GKSA, 1949:290; VGKSA, 1966:9) is in hierdie stadium steeds van krag. Ten opsigte van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebeur daar nie veel nie, behalwe dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n getuienis aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestuur het insake die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) (VGKSA, 1966:9).

Die ooreenkoms oor die beroep van nie-blanke studente is opvallend. Dit lyk asof dit op ‘n wedersydse erkenning van mekaar dui op grond van eenheid in leer, belydenis en kerkregering. Hierdie besluit weerspreek die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe toenemend. Wat swart predikante en -gemeentes betref, is daar wel samewerking, wedersydse erkenning en aanvaarding, maar andersins geen.

1966: DIE GEREFORMEERDE KERKEN NEDERLAND (SYN.)

Die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1966 rig ‘n skrywe aan die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1967 waarin hulle op die afwyking in leer, diens en tug in die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) wys. Daarvolgens kom die belydenis in die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) al meer in die greep van die Neo-Modernisme. Selfs die Humanisme sypel ongetwyfeld al sterker deur. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika versoek die sinode van

die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika of hulle hierdie saak nader mag toelig op laasgenoemde kerk se sinode van 1967 (GKSA, 1967:44).

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika neem kennis van die skrywe (GKSA, 1967:44) en gaan nie op hierdie saak in nie. Die motivering hiervoor is onbekend.

Aangesien dit ‘n wesenlike saak is wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hier aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika probeer uitwys en verder wil toelig, is dit moeilik om te begryp waarom die sinode van 1967 volgens die Acta (1967:44) slegs kennis neem van hierdie brief en dit nie verder behandel nie. Dit is ook onduidelik waarom die sinode die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se brief nie beantwoord of hulle op hulle versoek aanhoor nie.

Tog besluit die sinode om engere korrespondensie aan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) aan te bied. Hierdie besluit volg op ‘n rapport van studie-deputate oor korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.). Hierdie besluit is belangrik, omdat dit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se verhouding tot die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika raak. Eenheid met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) sou eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika impliseer (GKSA, 1967:446,447).

Die sinode motiveer sy besluit soos volg:

1. hy is oortuig daarvan dat daar eenheid in kerkregering en in leer tussen die twee kerke is;
2. dat vanweë die besluit van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1961 insake dubbele korrespondensie, korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) én die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) moontlik is;
3. die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) was in 1955 in korrespondensie sonder dat geoordeel is oor die geskilpunte met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.);
4. die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gee op grond van bogenoemde nie gehoor aan die eis van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) dat verbreking van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) voorwaarde vir korrespondensie is nie (GKSA, 1967:446,447).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou egter nie korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aangaan voordat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie sy engere korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het nie (vergelyk hoofstuk oor Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika).

1967: BROEDERLIKE GESPREK EN VERMANING

Nadat die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1967 korrespondensie aan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.), en by implikasie ook die Vrye Ge-

reformeerde Kerke in Suid-Afrika aangebied het, wys die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) dit van die hand.

> "Wij willen nog eens aantonen dat het inderdaad onmogelijk is, naar uitwijzen van het heilig evangelie, zowel correspondentie te voeren met de vrijgemaakte kerken als met de synodale kerken" (GKSA, 1970:79).

Hierdie kerke verwerp die moontlikheid van dubbele korrespondensie veral gesien hul besware teen die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.).

Hierdie saak met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) raak die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika weer eens ten nouste, aangesien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in die pad staan van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) én die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se verlangde korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (vergelyk hoofstuk oor Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika).

Die sinode van 1967 het besluit:

> "Die sinode glo dat die Skrif ons tans die weg van broederlike gesprek met en vermaninge, waar nodig, teenoor die Gereformeerde Kerken Nederland voorhou en dat broederlike bande nooit oorhaastig verbreek mag word nie" (GKSA, 1970:80).

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vermaan die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) oor hul "onbroederlike, hovaardige en radikale veroordeling" (GKSA, 1970:80) van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.).

Uit bogenoemde reaksies word dit duidelik dat die twee kerkgemeenskappe verskillende standpunte ten opsigte van korrespondensie huldig en dat dit mede beïnvloed word vanuit albei se historiese verloop en ontwikkeling. Die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) het kort tevore 'n kerkstryd deurleef wat in 1942 op die spits gedryf is. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het bykans 'n eeu laas enigsins met 'n kerkstryd te doen gekry.

Hierdie situasie moet verstaan word teen die agtergrond dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom tot op hede nog nie werklik vergewis het van die werklike gebeure van die kerkstryd rondom 1942 tot 1944 in Nederland nie. Hy het die redes vir die kerkstryd nog nie werklik in diepte behandel nie. Die sinode het wel in 1949 die mening gehuldig dat die kerkstryd niks met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te doen het nie en 'n suiwer huishoudelike aangeleentheid van die kerke in Nederland is (GKSA, 1949:290).[54]

Dit is opvallend dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, ten spyte van dringende oproepe van sowel die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) as die Vrye Gerefor-

[54] AGKSA (K) R.F. van den Berg: Verslag van samesprekings tussen deputate van beide kerkgemeenskappe, 29.9.1975.

meerde Kerke in Suid-Afrika, sy besluit van 1949, naamlik om die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) te evalueer en te toets in sy leer, nog nie heroorweeg het nie.

Die sinode van 1970 se opmerking dat hy wel broederlike gesprekke met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) voer en hulle vermaan waar nodig, is teenstrydig, aangesien rapporte van die deputate vir korrespondensie tot 1970 niks laat blyk het dat vermaning en broederlike gesprek ter sprake was nie, asook wat die aard en inhoud daarvan was nie.

Uit die besluit van die sinode van 1970 blyk wel dat die sinode reeds bekommerd was oor die suiwerheid van die leer van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) hoewel dit oor ander aspekte gehandel het as wat in die Vrymaking (1942 - 1944) ter sprake was (GKSA, 1970:80).

1973 - 1974: KORRESPONDENSIE GEWEEG

Sedert die sinode van 1973 sou die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy aandag met betrekking tot kerklike verhoudinge sterk fokus op die Gereformeerde Kerke Nederland (syn.).

Tydens die sinode van 1973 dien ‘n minderheidsrapport insake die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), asook ‘n verslag van die deputate vir ekumeniese sake waaroor die sinode besluite neem (GKSA, 1973:82). Dieselfde deputate voer in 1974 samesprekings met die

Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hulle antwoord hiertydens op die besware van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[55] Vervolgens word die drie sake afsonderlik bespreek.

KORRESPONDENSIE BEVRAAGTEKEN

Tydens hierdie sinode dien ‘n minderheidsrapport van ‘n ouderling L. Roeleveld wat die volgende vraag insake die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), met wie die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in korrespondensie staan, vra: ”Is ons nog een met ‘n kerk wat ‘n predikant in sy midde duld (en op sy kansels) terwyl hy openlik dwaalleer verkondig?” (GKSA, 1973:82). Dit is dieselfde vraag wat die Vrygemaaktes aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sedert 1942 gevra het.

Op grond van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se uitspraak aangaande “een nieuw belijden in gemeenschap des geloofs met het belijden der vaderen” (GKSA, 1973:82) aanvaar die sinode, volgens Roeleveld, die quatenus-beginsel van die Nederlandse Hervormde Kerk van die vorige eeu (soos dit in sy kerkorde van 1950 opnuut uitgedruk is). Volgens die minderheidsrapport herroep die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se besluit die ooreenstemming met die belydenis van ons ondertekeningsformuliere. Die minderheidsrapport word egter nie aanvaar nie, maar die sinode maak dit duidelik dat die korrespondensie tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) ernstig bevraagteken word (GKSA, 1973:82,83).

---

[55] AGKSA (E) Samesprekings tussen deputate van beide kerkgemeenskappe, 29.9.1974.

Die saak rakende die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) is hier genoem, aangesien dit die begin van die opskorting van korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sou wees. Op sy beurt sou dit ook een van die rigtingwysers vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se gesprek en soeke na eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wees.

SAMESPREKINGS OP KOERS

Die deputate vir ekumeniese sake rapporteer aan die sinode van 1973 oor hul samesprekings op 31 Julie 1972 en 2 Oktober 1972 met deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die sinode neem kennis van die volgende sake wat bespreek is:

21 a) Die ernstige begeerte van albei kerkgemeenskappe om met die samesprekings voort te gaan in die lig van die roeping van Christus.

22 b) Albei kante soek volle gemeenskap met mekaar op die grondslag van die Skrif, die belydenis en kerkregering;

23 c) Die saak van dubbele korrespondensie;

24 d) Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se definisie van korrespondensie in enger en ruimer sin;

25 e) Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) wat ‘n onoorkomelike struikel-

> blok vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot eenheid met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is (GKSA, 1973:100,101).[56]
>
> 26

Die sinode besluit dat die samesprekings voortgesit moet word en dat die Acta van die onderskeie sinodes van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oorhandig moet word om in die gesprek te help. Met dankbaarheid word kennis geneem van ‘n brief van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 18-20 Desember 1972 waarin gemeld word dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met blydskap van die samesprekings tussen die deputate kennis geneem het en besluit het dat die gesprek voortgesit moet word (GKSA, 1973:101,102; VGKSA, 1972:35).

Die sinode rig ‘n brief met dieselfde gesindheid van waardering en broederlikheid aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA, 1973:102).

BESWARE BEANTWOORD

Op 29 September 1974 voer die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika samesprekings. In antwoord op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se klag dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika weier om uitspraak oor die Vrymaking te lewer, merk die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate op dat die leergeskille oor die “doopkwessie ‘n sui-

[56] Die oorspronklike verslag of afskrifte daarvan kon nie in die argiewe opgespoor word nie.

wer Nederlandse aangeleentheid is, wat nie tot skeuring mog gelei het nie". [57] Die deputate meen dat dit 'n seën is dat hierdie geskil nie in Suid-Afrika ingebring is nie.[58]

Hierdie twee uiteenlopende opmerkings teken die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika duidelik. Buiten die feit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, volgens die deputate, nie uitspraak oor die Vrymaking kon lewer nie, meen hulle dat die "onkerkregtelike instituering" van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n verdere probleem is, aangesien dit nie eers met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bespreek is nie.[59] Net so kan daar nie 'n verband getrek word tussen die kwessie oor die doop in die Vrymaking en die huidige afwyking van die ware leer binne die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika probeer dit wel doen.[60]

Die deputate se reaksie oor die verskeie besware van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word duidelik verwoord in die verslag van die deputate oor die samesprekings. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate meen dat die samesprekings niks gaan oplewer op die trant van "beswaar en antwoord daarop", soos wat die huidige geval is nie.[61] Hulle meen dat die verlede verby is en daar eerder op die hede gelet moet word. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sal die Vrymaking nie as 'n reformasie kan sien nie. Daarom is dit nutteloos om verder daaroor te praat.[62]

---

[57] AGKSA (E) Samesprekings tussen deputate van albei kerkgemeenskappe, 29.9.1974.

[58] Ibid.

[59] Op. Cit.

[60] Ibid.

[61] Ibid.

[62] Ibid.

"Die Vrygemaaktes moet wakker skrik en nie op 'n eilandjie bly leef nie, hulle moet loskom van die abstrakte kerkbegrip om weer waarlik een te wees in die Skriftuurlike geloof. Die warmte wat by die Christelik Gereformeerde Kerk en by die "Vrygemaaktes buite verband" gevind word, mis ons by die Vrygemaakte Kerke".[63]

Die deputate merk teenoor die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate op dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die reg het om te weet waarom die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika steeds in stand is, afgesien van die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word gevra of hulle wel die begeerte het om een met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te word en of hulle die samesprekings wil voortsit.[64]

Albei deputategroepe besluit:

a) om die kwessie van die Vrymaking uit die gesprekke te laat;

b) om te praat oor die sake wat die twee kerkgemeenskappe op daardie tydstip geskei hou;

c) om te praat oor die wyse hoe daar tot eenheid gekom kan word;

d) dat die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se versoek dat eersgenoemde sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sal verbreek aan die volgende

[63] Op. Cit.

[64] Ibid.

sinode van 1976 sal voorlê. Die voorstel behels ook dat korrespondensie met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) aangegaan sal word.[65]

'n Duidelike gespreksagenda is opgestel waarop die volgende gesprekke gebou sou word. Die sinode sou sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) nou ernstig in heroorweging neem. Dit sou die hoop op eenwording met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika versterk.

1976: KORRESPONDENSIE VERBREEK

Die belangrike besluit wat hierdie sinode sou neem sou 'n teleurstelling word vir die gesprek tussen albei kerkgemeenskappe.

Die sinode van 1976 neem met dankbaarheid kennis dat die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) hulle aan die Skrif en belydenis bind. Hy neem kennis dat daar nog drie sake is wat steeds in die weg van korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika staan:

- die feit dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nog nie in korrespondensie met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika staan nie;
- dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika steeds in korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) staan;

---

[65] Ibid.

- dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie handhaaf met “De Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland” (GKSA, 1976:395).

Die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) roep die sinode op om ‘n keuse ten opsigte van hul posisie te maak (GKSA, 1976:395,396).

Die sinode antwoord daarop dat die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) wel ernstig bekyk word en dat hy steeds in gesprek is met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Deputate kry opdrag om voort te gaan met onderhandelings met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA, 1976:396,397).

In ‘n brief aan die sinode beskryf L.A.F. Godschalk, ‘n oud lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aangesluit het, die stryd rondom die Vrymaking (1942 - 1944) in Nederland binne die Gereformeerde Kerken Nederland breedvoerig. Hy doen ‘n beroep op die sinode om:

- deeglik te besin oor sy verhouding met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), wat hy vals noem, deur korrespondensie met daardie kerk op te sê;
- hom grondig en sonder vooroordeel op hoogte te bring insake die kerklike lewe in die ruimste sin van die woord ten opsigte van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; en

- regstreekse samesprekings met deputate van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) te voer om op kort termyn tot korrespondensie te kom (GKSA, 1976:348,350,351).[66]

Na aanleiding van bogenoemde maak hy ‘n belangrike opmerking wat die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika raak. Dit behels dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op ‘n dwaalspoor gelei is deur ‘n “skuldige ontbreek van verantwoorde inligting van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.)” (GKSA, 1976:347) en andersyds “foutiewe voorligting van die Gereformeerde Kerken Nederland (synodaal)” (GKSA, 1976:347). Volgens hom is dit die hoofsaak waarom die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nooit tot ‘n verantwoorde beoordeling van die Vrymaking (1942 - 1944) gekom het nie. Op sy beurt het dit weer aanleiding gegee tot die lang gesprek oor korrespondensie al dan nie met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.). Dit verklaar die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se klaarblyklike onbegrip van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware teen hul korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) (GKSA, 1976:347).

Volgens Godschalk (GKSA, 1976:349) kan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) aangaan sonder om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ware kerk te erken nie. Die erkenning of ontkenning van die een behels ‘n ontkenning of erkenning van die ander. Versuim om tot korrespondensie te kom, impliseer erkenning dat daardie kerke “vals” is.

---

[66] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) L.A.F. Godschalk: 1945 - Voorsetting òf Weerkeer? - 1975, Paasfees 1975, pp. 1-18.; Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) L.A.F. Godschalk: aan die Vrye Geref. Kerke in S.A. en hulle lede en belanghebbendes in Nederland en Suid-Afrika, 16.10.1975, pp. 1-35.

Hy beskryf die situasie van die 25 jaar sedert die Vrymaking voor 1967 as ‘n misverstand.

> “‘n Misverstaan van die syde van die hom van die Afrikaanse lewe isolerende Vrije Gereformeerde Kerke en daardeur van die op hulle rapportasie vertrouende Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak), sodat daar rustig beweer word dat ‘n oorgang na die Gereformeerde Kerk in S.A. wel die ergste is wat ‘n Christenmens in Suid-Afrika oorkom, dat die GKSA deur sy korrespondensie met die (Sinodaal) Gereformeerde Kerk in Nederland laasgenoemde se gewraakte besluite vir sy rekening geneem het en dat die Vrygemaaktes hulle vrymaking verloën, sodra hulle tot die Gereformeerde Kerke in S.A. toetree” (GKSA, 1976:349,350).

Hy meen dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika baie ver gedwaal het van dit wat in die Vrymaking van wesenlike belang was. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het onregmatig ontstaan en is oorgelewer aan dit wat Paulus in Galasiërs 5:15 skryf: “... julle byt en verskeur mekaar”. Hoewel die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geen reg op bestaan in Suid-Afrika het nie, erken Godschalk wel die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) as die ware kerk in Nederland (GKSA, 1976:350).

Oppervlakkig beskou is hierdie opmerking van Godschalk in stryd met sy argument dat die erkenning of ontkenning van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) erkenning of ontkenning van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beteken. Hy ontken die bestaansreg van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, maar beskou hulle nie as valse kerk nie.

Sy redenasie word duideliker met die volgende stelling: “Indien die GKSA en die GKN-artikel 31 tot spoedige korrespondensie kan kom, sal die VGKSA verdwyn, deurdat dit opgeneem word in die GKSA. Sodoende kan dit van groot heil vir die GKSA wees” (GKSA, 1976: 351). Hoewel Godschalk die afsonderlike bestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika naas die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bevraagteken, en selfs ontken, sien hy die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel as ware kerk. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika behoort met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika saam te smelt en een kerkverband te word, aangesien daar niks is wat die geskeidenheid regverdig nie.

Op dieselfde sinode besluit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika om korrespondensie in enger sin met die Gereformeerde Kerken Nederland te verbreek. Hierdie besluit is gebaseer op ‘n “versekularisering van die Evangelie” (GKSA, 1976:302,303) in die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.). Verskillende redes, oorsake en argumente het hier ‘n rol gespeel.[67]

Met hierdie besluit sou die moontlikheid vir korrespondensie met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) werklikheid word. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se vernaamste beswaar, naamlik die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), was nou opgehef.[68] Die opheffing van korrespondensie het egter nie gehandel oor die Vrymaking in Nederland (1942 - 1944), soos wat die

[67] Vir ‘n volledige beskrywing van die sinode se besluit sien GKSA, 1976: 242-322.

[68] AGKdK J. Kamphuis: Blywende roeping, 6.9.1965, p. 2.

Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se eis tot korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verlang het nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se besluit om korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) te staak, het wel in hooftrekke oor die verwêreldliking van die Evangelie gehandel.

1976 - 1979: UITNODIGING TOT KORRESPONDENSIE

In opdrag van die sinode van 1976 (GKSA, 1976:397) het die deputate vir ekumeniese sake samesprekings met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevoer. Wedersydse begrip en respek is teenoor mekaar getoon. Albei groepe deputate het die noodsaaklikheid van die gesamentlike roeping tot eenheid volgens die Woord van God in Suid-Afrika uitgespreek. Daar is ooreengekom dat wedersydse behoud van identiteit en ‘n ooreenkoms van samewerking vir die huidige noodsaaklik is. Albei sou mekaar uitnooi na hulle byeenkomste en vergaderings. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou ook uitgenooi word na die eersvolgende sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1979 (GKSA, 1979:25).

Tydens die samesprekings het die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gereageer op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deelname aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Die naam Gereformeerde Ekumeniese Sinode is misleidend, want dit is geen sinode nie. Tog stel die grondslag van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode die heilige Skrif absoluut.[69]

[69] AGKSA (E) B. Spoelstra: samespreking tussen subkommissie deputate vir ekumeniese sake en deputate van die Vrye Geref Kerk vir binnelandse kerke, 26.10.1977, p. 1.

Betreffende die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se eis naamlik dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor die Vrymaking uitspraak moet lewer, meen die deputate dat die eis irrelevant is en ook nie deur die Vrygemaaktes in 1944 ten opsigte van die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland of in 1952 ten opsigte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedoen is nie.[70]

Die samesprekings en bevindinge moet op die "huidige feitlike" situasie ten opsigte van die onderskeie kerke se standpunte op die "essensialia", naamlik die Skrif, belydenis, kerkorde en liturgie gekonsentreer word.[71] Daarom versoek die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, soos "dit vandag daar is" te konfronteer met hul beoordeling in die lig van die Heilige Skrif en die kenmerke van die ware kerk.[72] "Die onus lê op hulle om aan te toon of die GKSA na hulle mening die ware of valse kerk is".[73]

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate het onderneem om so 'n antwoord uit te werk en by die volgende samesprekings voor te lê.[74] Die argiewe van die kerkgemeenskappe het geen rekords van die volgende samesprekings nie. Derhalwe is die antwoord van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onbekend.

---

70 Ibid.

71 Op. Cit.

72 Ibid.

73 Op. Cit. p. 2.

74 Op. Cit.p.2.

Op die vraag van die deputate of ‘n kerk met ander kerke verantwoordelik op ‘n afgesproke, gereelde of georganiseerde wyse mag praat of handel en of korrespondensie in enger sin en binnelandse eenheid die enigste toelaatbare antwoord is, is nie ‘n antwoord van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate ontvang nie. Die saak het in die lug bly hang en ‘n antwoord is nie geformuleer nie.[75]

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het op ‘n voorstel van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate hulle bereid verklaar om ‘n ooreenkoms met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan te gaan waarin saamgewerk en saamgepraat word oor aktuele sake, soos onder andere die hersiening van liturgiese formuliere of vrae wat deur een kerk na vore gebring word. Die motivering vir die aanvaarding van hierdie voorstel was dat so ‘n ooreenkoms die pad na kerklike eenheid kan oopmaak.[76] Eers in 1994 sou in hierdie rigting gewerk word.

In antwoord op hierdie verslag besluit die sinode van 1979 om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te nooi tot kerklike gemeenskap met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, aangesien “die sake wat in die verlede tussen dié kerk en die GKSA verhinderend was, veelal, indien nie alles, uit die weg geruim is en dié kerk met ons een in diens, leer en tug is” (GKSA, 1979:25). Die deputate het ook die opdrag ontvang om alles in hul vermoë te doen om eenheid te bewerk (GKSA, 1979:25).

Nadat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het, was die deur oop vir “gemeenskap” met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

---

[75] Op. Cit. pp. 1,2.

[76] Op. Cit. p. 2.

Dit is opvallend dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die Acta onder die opskrif "gesprek met ander geloofsgroepe" sorteer wat die gesprekvoering negatief beïnvloed het (GKSA, 1979:25).

Die reaksie van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate op die opskorting van korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), skep die indruk dat die deputate verheug was en eenwording met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika baie sterk oorweeg het. Tog het nuwe besware sedertdien teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ingekom, soos die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou voortaan besaai wees met nuwe besware teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

1980 - 1982: DRIE KWESSIES

Tydens die sinode van 1982 het daar drie belangrike sake ter sprake gekom: 1) die gesprek met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ten nouste raak; 2) die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en 3) 'n appèl insake die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Tydens hierdie sinode is belangrike sake bespreek wat die verhouding tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en

die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika duideliker maak. Hierdie drie sake word vervolgens onder drie afsonderlike hoofde bespreek.

GESPREK MET DIE GEREFORMEERDE KERKEN NEDERLAND (VRYG.)

Die kontak tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word mede beïnvloed deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se gesprek met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.), asook die korrespondensie tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.). Dit is daarom nodig dat aandag gegee word aan die rapport van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deputate insake ekumeniese aangeleenthede wat met ‘n deputaatskap van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) samesprekings gevoer het op 21 April 1980 en 3 Julie 1980.

Die samesprekings het gehandel oor probleme wat korrespondensie tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) belemmer. Die deputate van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) het die volgende probleme aangedui:

- Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se deelname aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, waar die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) ook verteenwoordig is;
- Die probleem van dubbele korrespondensie wat sal ontstaan indien korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) sowel as die Christelijke Gereformeerde Kerken gevoer word;

- Indien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Nederlands Gereformeerde Kerken (vryg.) (buitenverband) sou aangaan, sal dit korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) verhinder, aangesien laasgenoemde nie die Nederlandse Gereformeerde Kerken (vryg.) (buitenverband) erken nie.
- Die feit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika onder die hoof "ander geloofsgroepe" geplaas is, en hul daarmee saam met sektes en ander "groepe" groepeer is vir die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) 'n "probleem" (GKSA, 1982:326,327).

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het hierdie besware teen korrespondensie beantwoord deur die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) daarop te wys dat:

- die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.), asook die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, een is leer, diens en tug. Dit verplig aldrie kerke tot korrespondensie;
- gebrokenheid in kerkregering en eenheid tussen Gereformeerde Kerke in Nederland nie in swart-wit skemas hanteer kan word nie (vergelyk artikel 85 Dordtse Kerkorde).
- die Gereformeerde Kerken Nederland voor die Vrymaking (1942 - 1944) ook ten opsigte van kerke in Suid-Afrika dubbele korrespondensie beoefen het;

- diegene uit die Vrymaking sedert die Vrymaking (1942 - 1944) nie die korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in stand gehou het nie;
- die beswaar oor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) reeds in 1976 opgehef is;
- die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) formele besware aanvoer om korrespondensie met buitelandse kerke wat in leer, diens en tug ooreenstem uit mekaar te hou;
- as gevolg van die feit dat die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) korrespondeer met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en kragtens hul opvatting van geen dubbele korrespondensie met kerke in die buiteland nie, hulle op die stadium nie onbevange met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor die aangaan van korrespondensie onderhandel nie (GKSA, 1982:326,327).

Op grond van bogenoemde meen die deputate dat hulle oortuig is dat "by die Gereformeerde Kerken Nederland (V) 'n foutiewe kerkbegrip aanleiding gee tot 'n objektivering van die `ware kerk' (art. 29 NGB) in sinodale kategorieë" (GKSA, 1982:327).[77] Die dinamiese roeping van die plaaslike kerk om die kenmerke van die ware kerk te openbaar is by die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) ondergeskik aan sistematisasie. Daarin word kerke in sinodale verband as waar en vals in kategorieë geplaas (GKSA, 1982:327).

[77] GKN(V) is die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.).

Uit bogenoemde begin dit duidelik word dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verskil oor 1) wat onder "korrespondensie" verstaan word, en 2) oor "kerkbegrip". Dit wil voorkom asof die Vrygemaaktes klem lê op 'n kerkverband as ware of valse kerk, terwyl die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika meer op die drie kenmerke van die ware kerk as die heilige, algemene Christelike kerk volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis fokus. Die Vrygemaaktes onderhou net korrespondensie met een kerkgemeenskap in 'n bepaalde land, terwyl die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met meer as een kerkgemeenskap in 'n land as moontlikheid voorhou.

Dit is moeilik om te begryp waarom die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) eers op hierdie stadium met ander besware as die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) na vore kom. Noudat die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) opgehef is, word ander besware in die plek daarvan gestel. Dieselfde sou in die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebeur.

GESPREK MET DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

In opdrag van die sinode (GKSA, 1979:25) het die deputate gesprek gevoer met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die volgende nuwe probleme aangedui wat volgens hulle korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verhinder:

- die lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode;

- die praktyk van “dubbele korrespondensie”;
- vermyding of weiering om verskillende kerke te toets;;
- die stryd in die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) sedert 1942-1946 (GKSA, 1982:372).

-
- Die sinode wys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sy antwoord op hierdie vier besware breedvoerig op die volgende:

-

Besware teen lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode:

-

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se beswaar teen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode berus daarop dat hierdie organisasie nie gereformeerd of ekumenies en ook geen sinode is nie. Die invloed van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode op die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is duidelik waarneembaar. Vervolgens het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode seggenskap oor kerke wat dit nie behoort te hê nie. Die feit dat die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in 1946 toegelaat is as lid van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode ná die uitsprake van die sinode van die Gereformeerde Kerken Nederland in 1942, en dat die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) steeds lid is van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode is vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n ernstige beswaar (GKSA, 1982:378).

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode is na 1979 nooit deur die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bespreek nie.

Die sinode antwoord dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nog nooit as ‘n sinode beskou het nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se sinode van 1979 het hom reeds prinsipieel ten gunste van die totstandkoming van ‘n ware ekumeniese sinode uitgespreek met kerke wat in korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika staan. Aangesien die Gereformeerde Ekumeniese Sinode ‘n kontakorganisasie onder die naam “sinode” is, gaan die kritiek van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika teen die lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode as ‘n beswaar teen korrespondensie nie op nie (GKSA, 1982:378).

Die praktyk van “dubbele korrespondensie”

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika stem nie saam dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika korrespondensie met die Christelijke Gereformeerde Kerken én die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) kan handhaaf nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met eersgenoemde kerke is ‘n struikelblok vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA., 1982:372).

Die sinode meld dat dit ondenkbaar is om die band met die Christelijke Gereformeerde Kerken te verbreek ter wille van ‘n ander eenheidsband. Derhalwe sal die Gerefor-

meerde Kerk in Suid-Afrika nie sy korrespondensie met die Christelijke Gereformeerde Kerken verbreek nie (GKSA, 1982:372,373,378).

> "Wat egter wel verwag word is 'n pertinente uitspraak van die GKSA teenoor die Christelijke Gereformeerde Kerke dat hulle met die Geref. Kerken (Vrijgemaakt) Nederland moet saamwerk om tot kerklike eenheid te kom" (GKSA, 1982:373).

Die sinode stel dat sy standpunt insake kerklike geskeidenheid baie duidelik is, naamlik dat twee of meer kerke in een land met dieselfde leer, diens en tug nie langs mekaar mag bestaan nie (GKSA, 1955:37; GKSA, 1982:373).

Nalating om verskillende kerke te toets

Hierdie beswaar is onder andere gerig teen die "sogenaamde Van der Waal-groep in Pretoria" (GKSA, 1982:373). Hierdie groep is die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria (14de Laan) met Dr. C. van der Waal as predikant wat sedert 1969 nie meer deel gevorm het van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie. Hulle is ook die "14de Laan" genoem. Aangesien hulle aansoek gedoen het om in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgeneem te word is die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bekommerd oor hul selfstandige opname as gemeente in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA, 1982:373). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het nie die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) as kerk erken nie, weens verskille oor die leer en 'n tugsaak wat in 1969 op 'n skeuring uitgeloop het (VGKSA,

1982:37,38).[78] (Die aard en omstandighede van die verskille is vertroulik en kan gevolglik nie hier genoem word nie.[79] Dit raak nie die doel van hierdie studie nie).

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is versoek om te motiveer waarom hulle meen dat "die Van der Waal-groep" (GKSA, 1982:373,374) nie een is in leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie en hulle nie as ware kerk erken kan word nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwys na die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) as 'n "groep" of "organisasie" (GKSA, 1982:373,374) , maar nie as kerk nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ook beswaar gemaak dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie ander kerke soos die "Buiten Verband" kerke en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voldoende toets om vas te stel of daar eenheid in leer, diens en tug is in ooreenstemming met die betekenis wat aan die begrip korrespondensie geheg word nie (GKSA, 1982:373).

Die sinode wys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daarop dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kerke steeds toets op grond van offisiële dokumentasie om vas te stel of daar eenheid is in leer, diens en tug (GKSA, 1982:378).

Die Vrymaking 1942 - 1944

---

[78] AGKSA (E) Samespreking tussen 'n subkommissie van die deputate vir ekumeniese sake van die GKSA en verteenwoordigers van die Vrye Geref. Kerk te Pretoria, 16.9.76.

[79] Kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar: Brief aan A. Jansen (jr), 1990.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is bekommerd dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nooit uitspraak gelewer het oor die kerklike stryd in die Gereformeerde Kerken Nederland wat van 1942 tot 1944 geduur het en in besonder oor die uitsprake oor die leer van daardie sinode nie. Hierdie stryd het tot ‘n skeuring uitgeloop en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kon soos enige ander kerk, nie sy oë daarvoor sluit nie (GKSA, 1982:374).

Die besluit van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika om korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) in 1976 te verbreek, was nie vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voldoende nie. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika móés en móét ‘n pertinente uitspraak lewer oor die gebeure in 1942 - 1946, aangesien hulle veronreg voel deur die Gereformeerde Kerken Nederland se besluit in 1942. “Hulle verwag so ‘n uitspraak” (GKSA, 1982:374), aangesien dit die direkte rede was vir die totstandkoming van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Indien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika reeds uitspraak in 1946 gelewer het, sou die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nooit tot stand gekom het nie. Hulle eis dat hierdie onreg wat hulle aangedoen is reggestel word (GKSA, 1982:374).

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika besluit om hom nie uit te spreek oor die besluit van die Gereformeerde Kerken Nederland se sinode van 1942 en daarna nie. Die rede hiervoor is dat die gesprek met die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) opgedra is aan die deputate vir ekumeniese sake. Die belangrikste sake, soos die lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en die praktyk van dubbele korrespondensie, word in die gesprekke met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) behandel. Ge-

volglik word die samesprekings met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die deputate vir ekumeniese aangeleenthede opgedra. Die deputate het opdrag ontvang om alles in hul vermoë te doen om eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bewerk (GKSA, 1982:378).

Konklusie

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is in gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Een saak word egter duidelik. Die besware van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika teen eenwording of korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word al meer. Aanvanklik is duidelik gestel dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) ‘n belemmering is vir korrespondensie. Nadat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) verbreek het, het ander besware na vore getree.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se band met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode is vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n probleem, aangesien die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika daardeur steeds bande en kontak met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) het. Dit beteken, volgens die Vrye Gereformeer-

de Kerke in Suid-Afrika, dat korrespondensie met daardie kerke nog nie werklik gestaak is nie.

Dis belangrik om die verwikkelinge sedert die Vrymaking teen die agtergrond van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se verskillende verwysingsraamwerk oor die Vrymaking (1942 - 1944) te sien. Vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die Vrymaking, en die redes daarvoor, die oorsprong van sy ontstaan. Vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was die Vrymaking (1942 - 1944) ‘n huishoudelike Nederlandse aangeleentheid. Hy het homself nooit formeel hieroor op hoogte gebring nie. Die kommunikasie-gaping oor die Vrymaking (1942 - 1944) oor die jare heen is dus verstaanbaar.

Verskeie groepe deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was tot op hede oor verskillende aspekte in gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit lyk of die feit dat verskillende groepe deputate in gesprek is verwarrend op die kontak inwerk en dat kontinuïteit nie behoorlik behou kon word nie. Die kontak is oorgedra na die deputate vir ekumeniese sake, sodat al die kontak met hierdie kerke by een deputaatskap val. Dit behoort kontinuïteit te verbeter.

OPNAME VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERK PRETORIA (14DE LAAN) IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in 1969 geskeur as gevolg van ‘n leergeskil en ‘n tugsaak. Die kerk wat geskeur het, was in Pretoria. Na die skeuring het die een kerk bekend gestaan as die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria 28e Laan).

Die ander kerk is geken as die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan). Die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) is geïsoleer, aangesien hy nie meer deur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die kerke in Nederland as kerk erken is nie. Die gevolg was dat hy nie korrespondensie met ander kerke kon aangaan of predikante kon beroep nie.[80]

Op 25 Februarie 1981 gee die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) kennis by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se klassis Pretoria-Sentraal dat hulle oorweeg om tot die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika toe te tree. Op 4 November 1981 beroep die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) hom by die klassis Pretoria-Sentraal (Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) op die Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en doen aansoek om as geïnstitueerde kerk in die Klassis Pretoria-Sentraal in die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika opgeneem te word (GKSA, 1982:193).

Die klassis bevind dat die hierdie kerk een is in leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en dat gebrek aan kerkverband die uitleef van die belydenis vir hom onmoontlik maak. Die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) meld wel dat daar praktiese sake is waaroor hulle bekommerd is in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat hulle met die klassis wil uitklaar, maar dat dit nie die wese van die kerk raak nie. Die "praktiese sake" het betrekking op die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se verhouding tot die Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland, en die Nederlandse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GKSA, 1982:190).

[80] AGKSA (E) Samespreking tussen 'n subkommissie van die deputate vir ekumeniese sake van die GKSA en verteenwoordigers van die Vrye Geref. Kerk te Pretoria, 16.9.1976.

Die appèl van A. le R. du Plooy en M. Venter teen die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal van November 1981, asook die minderheidsrapport van B. Spoelstra insake die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, verwys na die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal se redenasie dat die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) en die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (28e laan) steeds noue historiese verbintenis het. Dit sou ‘n hindernis vir die opneem van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wees. “Gevolglik raak dit ons ekumeniese verhoudinge...” (GKSA, 1982:191).

Aangesien die appèl oor formele aspekte rakende die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) handel, is dit nie van verdere belang vir die bespreking van die geskeide verhouding van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

In sy minderheidsrapport reageer Spoelstra op die stelling dat die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se ekumeniese verhoudinge raak. Hy wys daarop dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geen korrespondensie met die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (28e laan) of enige ander kerk uit die Vrymaking onderhou nie. Gevolglik kan dit geen ekumeniese betrekkinge met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika raak nie (GKSA, 1982:196).

Hy meen die gronde waarvolgens ‘n kerk in die kerkverband opgeneem word, kan en mag om geen ander rede as eenheid in leer, diens en tug geskied nie - al sou dit ekumeniese verhoudinge ernstig raak (GKSA, 1982: 196). Die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (28e laan) het niks met die verhouding van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) te doen nie (GKSA, 1982:199).

Spoelstra meen dat eenheid swaarder weeg as ekumeniese verhoudinge. Daarom is die opname van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika belangriker as ekumeniese verhoudinge wat nadelig geraak word (GKSA, 1982:199).

> “Kerke moet met mekaar eenheid in kerkregering aangaan wanneer daar ‘n `gemeen akkoord’ of eenheid in leer, diens en tug bestaan. Dit is ‘n roeping van God wat deur ons kerke ernstig geneem moet word. Dié geleentheid het die Klassis aangegryp terwyl die Partikuliere Sinode die VGK weer buite Klassis Pretoria Sentraal en sonder enige kerkverband laat. Die redes wat hiervoor aangevoer word, is bloot formeel van aard (vermeende prosedure foute, té min studie en moontlike nadelige gevolge). Die appelante *(Gereformeerde Kerk Meintjieskop - AJ)* weeg die roeping tot eenheid wanneer die eenheid in leer, diens en tug vasgestel is, af teen die formele besware wat ‘n toestand van verskeurdheid in die liggaam van Christus bestendig”, sê Spoelstra (GKSA, 1982:198).

Die verskillende nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het by verskeie geleenthede reeds uitgemaak dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika een is in leer, diens en tug (GKSA, 1982:195). Klassis Pretoria-Sentraal het die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) opgeneem in ooreenstemming met die besluite van die kerke in nasionale verband sedert 1955 (GKSA, 1982:197).

KONKLUSIE

Die sinode van 1982 het baie aandag aan die kerke uit die Vrymaking (1942 - 1944) bestee, naamlik die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.), die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan). Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se hantering van die opname en appèl insake die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan), asook sy hantering van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware, is opvallend eenvoudig. Dit laat sekere indrukke.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hanteer die kenmerke van die ware kerk in sy reaksie en optrede. Die indruk is geskep dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds swaarder klem lê op verskillende besware, anders as die oorspronklike beswaar. Daarenteen skep die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die indruk dat hulle ernstige pogings aanwend om korrespondensie en eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bewerk.

1985: TWEE KWESSIES

Twee onderwerpe kom aan die orde tydens die sinode van 1985, naamlik die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se voorwaardes vir kerklike eenheid en die besware rakende die opname van Die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[81]

DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE VOORWAARDES

Die sinode neem weer kennis van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se voorwaardes vir die aangaan van korrespondensie met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA, 1985:609; VGKSA, 1982:16).

Buiten die kwessies van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en dubbele korrespondensie wat, volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, teen die Woord van God is, noem hulle die volgende voorwaardes "alvorens tot groter eenwording gekom kan word" (VGKSA, 1985:609):

- dat hulle die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika behoort te help met die "toetsing" van verskillende kerkverbande;
- dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die "voorgaan in die bediening van die Woord en sakramente in die 14de Laan deur verskillende predikante van die Gereformeerde Kerk voordat die bevoegde kerklike vergaderinge die 14de Laan getoets het" behoort te veroordeel (VGKSA, 1982:16; GKSA; 1985:609).

[81] Van hier af word die gewysigde naam, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gebruik.

Die sinode van 1985 oordeel dat al die voorwaardes wat die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika stel nie oor wesenlike sake gaan wat kerklike eenheid verhinder nie. Die deputate kry opdrag om die gesprek oor kerklike eenheid, asook oor lidmaatskap by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en oor die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se siening van dubbele korrespondensie, voort te sit (GKSA, 1985:612). Oor die twee spesifieke voorwaardes het die sinode hom nie uitgespreek nie.

DIE VRYE GEREFORMEERDE KERK PRETORIA (14DE LAAN) - OPGENEEM

Klassis Pretoria-Sentraal het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate vir ekumeniese sake om advies genader in die beoordeling van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) met die oog op opname in die kerkverband (GKSA, 1985:610).

Die deputate rapporteer die volgende aan die sinode:

> "Na 'n diepgaande gesprek met die VGK (14e laan) en bestudering van stukke wat voorgelê is, het u deputate bevind dat die GKSA en die VGK-14de Laan een is in leer, diens en tug. Die betrokke kerk handhaaf onbevange die gesag van die Skrif, bely die drie Formuliere van Eenheid, aanvaar die Kerkorde en lê klem op die amptelike bediening van die Woord en Sakramente in die plaaslike kerk" (GKSA, 1985:610).

Die sinode neem kennis dat die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) intussen as die Gereformeerde Kerk die Kandelaar in die verband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika opgeneem is. Met hierdie besluit impliseer die sinode dat hy die betrokke predikante se optrede na wie die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onder die vorige subhoof verwys, kondoneer (GKSA, 1985:609).

Die deputate het die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) getoets en beoordeel volgens die drie kenmerke van die ware kerk, hoewel vorige nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds by verskeie geleenthede dieselfde bevinding insake die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (met ander woorde ook die 14de Laan) gemaak het (GKSA, 1955:39; GKSA, 1967:446,447). Die verskil is dat die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) hom by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevoeg het, terwyl die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as kerkverband dit nie gedoen het nie. Die sinode oordeel dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie, aangesien hulle nie meer in kerkverband is of korrespondensie met mekaar voer nie (GKSA, 1985:609).

1987: WEDERSYDSE VERSEKERING

'n Brief van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 19 Oktober 1987 waarin opnuut na eenheid gesoek word, dien op die sinode van 1988.[82] Sake waarin die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ooreenstem, word uitgewys. 'n Kort oorsig word weer eens gegee oor die redes vir die instituering van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

[82] AGKSA (E) Brief van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode aan die GKSA sinode van 1988, 19.10.1987.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het steeds probleme daarmee dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken onderhou. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word weer eens gewys op die genoemde sake wat die twee kerkgemeenskappe skei. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word verseker van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se erns in die soeke na eenheid, maar versoek die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om ernstige aandag aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besware te gee (GKSA, 1988:353-355).

Die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besluit:

I. dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ook die erns besef van die roeping om kerklike eenheid te soek.

II. die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is ook dankbaar vir alles waaroor saamgestem word, insluitende die kenmerke van die ware kerk.

III. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem kennis dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ‘n selfstandige kerkverband optree, maar spreek hom nie uit oor die verloop van die geskiedenis insake die Vrymaking nie.

IV. Wat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se beswaar insake die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken betref, asook die beswaarskrif insake die korrespondensie met hierdie kerke, besluit die sinode dat hy die korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken handhaaf.

V. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word verwys na die deputate vir die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en ekumeniese sake wat opdrag ontvang

het om wedersydse probleme met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bespreek. Hulle kan op dié wyse die sake in hul brief bespreek (GKSA, 1988:356).

Die sinode besluit om die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voort te sit op die basis van hul skrywe van 19 Oktober 1987 (GKSA, 1988:230,259,356).

1988 - 1993: GESPREK OPGESKORT - STEEDS OOP

In ‘n brief van 16 Mei 1988 deel die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika mee dat hulle briefwisseling en gesprekke tussen die deputate oor onderlinge toenadering voorlopig staak. Die rede wat hiervoor aangevoer is, is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se volgehoue korrespondensie met die Nederlandse Gereformeerde Kerken. Volgens hulle het die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met hierdie besluit die kerke verhinder om nader aan mekaar te kom (GKSA, 1991:147).

Tog woon afgevaardigdes die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1991 by, waarskynlik in antwoord op 1982 se uitnodiging. Die afgevaardigdes kry geleentheid om by monde van Ds F.J. Bijzet (predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria) ‘n groeteboodskap namens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode oor te dra (GKSA, 1991:36).

Die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem "met spyt kennis" (GKSA, 1991:149) dat die briefwisseling en gesprekke tussen die deputate oor onderlinge toenadering voorlopig gestaak is. Die sinode besluit dat:

1. dit só aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meegedeel word;
2. die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds oop is vir die voortsetting van die gesprek;
3. intussen 'n afwagtende houding ingeneem word met die hoop dat verdere gesprek weer begin sal word (GKSA, 1991:149,150).

Die sinode aanvaar 'n beskrywingspunt met betrekking tot samesprekings met kerke. Die samesprekings tussen kerke in Suid-Afrika word verwys na die deputate vir ekumeniese sake. Hul opdrag is om in elke voorkomende geval te beoordeel of betrokkenheid by samesprekings tussen kerke sinvol is (GKSA, 1991:267-269). Kriteria en maatstawwe vir hierdie beoordeling word nie aan die deputate gestel nie.

Dit beteken dat die deputate in die lig van bogenoemde beskrywingspunt die sinvolheid van die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet beoordeel. So 'n besluit en uitvoering van die besluite het besliste gevolge wat beteken dat indien die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sinvol bevind sou word, daar baie ernstiger gewerk moet word aan die verhouding. Indien so 'n gesprek nie sinvol bevind sou word nie, is die implikasies ingrypend. Die vraag is egter wat met "sinvol" bedoel word?

1994: DEURE GAAN OOP

Die deputate vir die Gereformeerde Ekumeniese Raad en ekumeniese sake rapporteer aan die sinode van 1994 dat ‘n skrywe aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig is waarin die sinode van 1991 se besluite weergegee is (GKSA, 1994:158).

Ds F.J. Bijzet het ná die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode in 1992 met die betrokke deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geskakel in antwoord op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se brief (GKSA, 1994:145). ‘n Brief van die deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika noem dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op sy sinode van 1992 sy besluit om gesprek met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te skort, herroep het. Die sake waaroor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ooreenstem, roep tot ‘n nuwe inisiatief van toenadering “om tot ‘n moontlike volledige erkenning van mekaar as ware kerke van Jesus Christus te kom” (GKSA, 1994:158,159). Derhalwe is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika versoek om deputate af te vaardig om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te ontmoet. Hierdie ontmoeting het op 22 Maart 1993 plaasgevind. ‘n Subkommissie is aangewys om riglyne neer te lê met die oog op nouer skakeling in die toekoms.

Die sinode van 1994 keur die volgende aanbevelings van die kommissie goed met die doel om die voortgesette gesprek doelgerig te maak en wedersydse begrip en kennis van mekaar te bevorder:

<u>a. Formele skakeling:</u>

I. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word genooi om waarnemers na kerklike vergaderinge van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te stuur. Dit sluit kerkraad- en meerdere vergaderings in. Klassisse in die gebiede waar tans gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan, kan so-danige skakeling ordelik reël.

II. Ten einde die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die geleentheid te bied om die prediking in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beter te leer ken, kan klassisse ook reël dat daar wedersydse geleentheid sal wees om na preke van mekaar te luister en die prediking te bespreek.

III. Waar studente van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by die Teologie-se Skole van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika opgelei word, word die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika versoek om soms, soos by die geval van meerdere vergaderings, ‘n waarnemer na die vergaderings van die Kuratorium te stuur.

b. Informele skakeling:

Ten einde beter begrip en kennis op plaaslike vlak te bevorder word die volgende vir informele skakeling aanbeveel: gesamentlike susters- en jeugbyeenkomste en Bybel-studiegroepe, waar moontlik. Plaaslike kerke moet hiervoor met mekaar skakel (GKSA, 1994:159,160).

Die sinode besluit ook om die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voort te sit met die oog op “nouer kerklike skakeling” (GKSA, 1994:160).

Tydens dieselfde sinode dien ‘n brief van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarin hulle sekere vertaalfoute in die nuwe Afrikaanse vertaling van die belydenis aantoon. Melding word gemaak dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nuwe vertaling van die belydenis met dankbaarheid gebruik. Die nuwe vertaling word as ‘n groot verbetering beskou. Die sinode besluit dat hierdie vertaalfoute aandag moet ontvang met betrekking tot die volgende uitgawe van die belydenis en kerkboek. Studiedeputate is ook vir hierdie doel aangewys (GKSA, 1994:163-165).

‘n Ernstiger strewe om tot eenheid te kom en ‘n groter toegeneentheid jeens mekaar is duidelik in die kontak wat die twee kerkgemeenskappe in hierdie laaste tyd gehad het.

KONKLUSIE

Wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na kontak met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, kan gesê word dat daar inderdaad kontak en gesprek van hul kant was. Uit die historiese lyn blyk dit dat die gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met verloop van tyd al hoe meer momentum begin kry het. Dit wil voorkom asof die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika mettertyd meer aandag aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika begin gee het. Deurgaans was daar ‘n versoenende houding jeens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, hoewel die gesprek nie altyd die nodige erns en aandag ontvang het nie. Met die sinode van 1994 wil dit voorkom asof die gesprek in ‘n bepaalde rigting begin koers kry het. Die gesprek is nog nie afgehandel nie en gaan voort.

In die beskrywing van die kontak tussen die twee kerkgemeenskappe bestaan verskillende definisies rondom spesifieke kwessies soos kerkbegrip en korrespondensie.

Dit lyk asof die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meesal die inisiatief geneem het om kontak te maak, terwyl die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika slegs daarop gereageer het.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se voortdurende nuwe voorwaardes tot eenwording is opvallend, terwyl die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds in 1955 ‘n uitnodiging tot eenwording gerig het.

Die verloop van die kontak met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet verstaan word teen die agtergrond van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se verklaring in 1955 waarin eenheid in leer, diens en tug met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bevestig is. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se argumente en kontak is steeds op hierdie bevinding van 1955 gebou. Die implikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se weiering om uitspraak te lewer oor die Vrymaking (1942 - 1944) het ‘n besliste invloed en impak op die geskeidenheid gehad meer as wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moontlik besef het.

In die volgende hoofstuk word ‘n konklusie gegee met betrekking tot die geskeidenheid deur gevolgtrekkings te maak, faktore wat tot die geskeidenheid bygedra het te belig en ‘n eie gevolgtrekking te gee.

KONKLUSIE

Hierdie hoofstuk verbind en ontleed die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deur 1) enkele gevolgtrekkings van albei kerkgemeenskappe se soeke na eenheid te maak, 2) die vier vernaamste faktore wat tot die geskeidenheid bygedra het te belig, en 3) 'n eie standpunt en gevolgtrekking te gee.

GEVOLGTREKKING

Vervolgens enkele gevolgtrekkings met betrekking tot 1) die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 2) die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na eenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onderskeidelik.

GEVOLGTREKKING: DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE SOEKE NA EENHEID

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskou die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ware kerk wat met hom een is in Skrif, belydenis en kerkregering. In sy brief aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwys Ds P.J. Venter na die Openlike verklaring.[83] Hy wys op die wens en bede wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitspreek dat almal wat saam met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en wens

[83] AGKdK Ds P.J. Venter: Brief aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1954.

om dit saam te bely en te betrag, hartlik uitgenooi word tot die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In hierdie lig het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n paar keer tot kerklike gemeenskap uitgenooi.

Dit is opvallend dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die kontak met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika feitlik net op die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se optrede, toenadering en besluite gereageer het en nie self inisiatief geneem het in die toenadering nie. Deurlopende kontinuïteit het ontbreek, sodat kontak by tye tot stilstand gekom het en ander kere goed op dreef gekom het. Daar is byna geen inisiatief geneem om meer kennis van die Vrymaking (1942 - 1944) te verkry nie of tot eenheid te kom nie, soveel so dat die indruk selfs in die sewentigerjare geskep is dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie veel van die Vrymaking (1942 - 1944) weet nie.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se gebrek aan inisiatief staan in kontras met hul besluit in 1967 oor ekumeniese verhoudinge wat hulle op die volgende drie aspekte baseer het:

1. die kerk is wesenlik kerk van die Here;
2. die kerk is een, omdat die Here van die kerk een is in sy wese en optrede. Dit is ten diepste die grond vir die eenheid van die kerk;
3. die kerk het ‘n universele karakter, omdat hierdie een God - wat die grondslag van die eenheid van die kerk is - se werk en herskepping univer-

seel is. Die kerk het gevolglik ‘n ekumeniese roeping (GKSA, 1967:358-361).

Die eenheid van die kerk as ekumeniese roeping word uitgedruk en bewaar deur die feit dat:

- wat die kerk in wese is, op allerlei wyses tot sigbare uitdrukking kan en moet kom;
- gemeenskap met God eendragtige gehoorsaamheid aan die Woord van God en gemeenskaplike uitdrukking van die geloof beteken;
- dit vir die plaaslike en universele kerk in al sy verskyningsvorme geld;
- die roeping van die kerk is om hierdie eenheid tot uitdrukking te bring in een kerkverband (GKSA, 1967:361-363).

Die sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika meen dat die erns van die implikasies van die verbreking van die eenheid en ekumenisiteit nie oordryf kan word nie. Die roeping tot herstel van hierdie gebrokenheid vereis gevolglik die hoogste erns (GKSA, 1967:363,363).

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika laat hom deur die belydenis lei om eenheid te bepaal en te begrens. Die eenheid rig die kerk in sy ekumeniese roeping na buite. Die kerk het ‘n verantwoordelikheid teenoor die wêreld om die Evangelie uit te dra (Mt 24:14). Dit blyk dus dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel op eenheid

en sy ekumeniese taak gefokus het, maar deur sy gebrek aan kontinuïteit in sy toenadering en inisiatief eenwording as doel van eenheid verhinder het.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se uitspraak in 1927 oor die Geelkerken-saak (wat gehandel het oor die onfeilbaarheid van die Woord van God en uitgeloop het op ‘n geskil oor die kerkregering) is in stryd met die sinode se besluit om nie oor die Vrymaking ‘n uitspraak te lewer nie (GKSA, 1927:20). Die Vrymaking het ook, soos in die geval van die Geelkerken-saak, oor die suiwere leer en kerkregering gehandel. Waarom het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitspraak oor die Geelkerken-saak en ook oor die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) se dwaalleer in 1976 gelewer, maar nie oor die Vrymaking wat ook oor ‘n leer- en regeerkwessie gehandel het?

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se gesprek oor moontlike eenwording met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika laat dink aan sy gesprek met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika wat net soos in die geval van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika reeds tientalle jare duur. Dit bring weer die vraag na vore oor die rede waarom kerke soveel moeite ondervind om tot eenwording te kom?

Gevolglik kan gesê word dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel eenheid met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gesoek het, maar dt bepaalde faktore, optredes en benaderingswyses hulle hiertoe vehinder het.

GEVOLGTREKKING: DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA SE SOEKE NA EENHEID

Net soos by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie ‘n konsekwente en konstruktiewe lyn gevolg nie. By tye het die gesprek doodgeloop weens interne probleme binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die koms van nuwe predikante uit Nederland het ook ‘n sterk invloed hierop gehad. Sommige predikante skep ‘n afkerende indruk ten opsigte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, terwyl ander veral sedert 1990 nie werklik oortuig was dat die afsonderlike voortbestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika naas die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geregverdig is nie. Dit het op sy beurt weer onrustigheid binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geskep, soveel so dat by geleentheid verwys is na ‘n probleem wat ontstaan het naamlik dat die predikante nie meer in die selfstandige bestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika glo nie (De Boer, 1991:17; Van der Kooy, 1992:11).

Nadat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1976 korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) opgehef het, het vrae binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan, omdat sommige lidmate gemeen het dat die groot struikelblok tot eenwording uit die weggeruim is. Prof J. Kamphuis van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) het in hierdie tyd die opmerking gemaak dat die “slagboom” nou opgehef is en dat eenwording nou moontlik geword het.[84]

[84] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) A. Jansen: Brief aan die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan), 30.4.1976.

Nuwe besware is egter bygevoeg terwyl die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie tevrede was dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sy bande met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) totaal afgesny het nie. Die sinode het in 1992 gepoog om die kern van die beswaar sedert 1950 te formuleer. Na hulle mening was die hoofsaak dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie moeite doen met die toetsing van kerkverbande nie. Dit was egter nie die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se geformuleerde beswaar sedert 1950 nie. Die beswaar was slegs teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) wat 'n valse kerk is.[85] Met verloop van tyd het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en sy swakhede beter leer ken en dit op die lys van besware bygevoeg. Terugskouend het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1992 die besware opgesom as dat kerke nie getoets word nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se grootste stryd tot op hede was om te bepaal of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ware of valse kerk van Christus Jesus is. Dit verklaar waarom die sinode van 1992 gesukkel het om die kern van sy beswaar teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te verwoord. Uiteenlopende waarde bepalings is van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat hul nog nooit 'n amptelike uitspraak gemaak het oor die waarheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie. Net so meen hulle dat hulle nog nie die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as valse kerk uitgemaak het nie. Daar is getuienis in korrespondensie waarin lidmate en by een geleentheid, die kerkraad, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as valse kerk bestempel het. 'n Verdere motivering is die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

[85] AGKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Drs Van der Waal en broeders van die sg. "Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika", 31.1.1955, p. 8.

se uitspraak dat die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) valse kerke is deurdat hulle die eerste en derde kenmerke van die ware kerk oortree het. As die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verklaar dat hulle een met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) is in leer, diens en tug beteken dit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saam met hierdie kerke die eerste en derde kenmerke oortree? Hierdie is nie beantwoord nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het eenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gesoek deur onafhanklik naas hierdie kerke voort te bestaan.

Beide kerke aanvaar eenheid met mekaar op grond van Skrif, belydenis en kerkorde, hoewel die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika huiwerig is om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika amptelik as ware kerk te erken.

Na aanleiding van laasgenoemde meen Bijzet *et al.* (1990:14) dat die Herder Hom nie neerlê by die verdeeldheid van die kudde nie. Beide kerke is daarom opgeroep tot blywende verootmoediging en om nie in die sonde te berus nie. Kerklike geskeidenheid tussen kerke met dieselfde belydenis en kerkorde is sonde.

Die kern van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se soeke na eenheid is dat hy steeds nie ‘n amptelike uitspraak oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kon of wou maak nie. Vandaar bogenoemde uiteenlopende uitgangspunte wat verwarring skep.

Dit lyk asof die voortgesette onafhanklike voortbestaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deels toegeskryf kan word aan ‘n vrees om die identiteit van die Vrymaking te verloor. Die ernstige vashou aan die identiteit van die Vrymaking (1942 - 1944) was ook een van die aanleidende oorsake by die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daarom die klagte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie die Bybelse weg by die instituering van daardie kerke gesoek het deur die ware eenheid te soek nie.

Deputate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan) het in 1976 opgemerk dat die Vrygemaaktes die Afrikaanse Gereformeerdes nodig het, maar ook omgekeerd. Daarom moet die leuse en strewe bly om alle Gereformeerdes te verenig. “Dit sal agteruitgang beteken wanneer ons - terwyl daar moontlikhede van vereniging is, indien die korrespondensie slagboom verwyder word - nie verenig nie.”[86] In 1992 en 1994 het die sinodes van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika prakties positief in hierdie rigting begin beweeg.

Gevolglik kan gesê word dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel eenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gesoek het, maar dat bepaalde faktore, optredes en benaderingswyses hulle hiertoe verhinder het. Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

VIER FAKTORE WAT TOT DIE GESKEIDENHEID BYGEDRA HET

[86] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) A. Jansen: Brief aan die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria (14de Laan), 30.4.1976.

Vier faktore speel ‘n leidende rol in die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hulle word vervolgens afsonderlik bespreek.

KULTURELE VERSKILLE

Sonder enige uitsondering het al die lede van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in ‘n steekproef deur Loedolf verklaar dat hulle heeltemal aansluiting gevind het by dié kerk. Hulle het geen probleme ervaar om aansluiting te vind nie, aangesien hulle direk in hul eie kerk, net soos dit in Nederland was, “teruggekom het” (1959:148,149). Hulle het hul eie Nederlandse predikant gehad en die kerk is heeltemal Nederlands. Die Nederlanders wat eers lid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was en toe by die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangesluit het, het gemeen dat hulle moeilik aansluiting by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gevind het, maar baie goeie aansluiting by die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hulle het by die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangesluit, omdat hulle nie wou toelaat dat hulle geestelike lewe in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daaronder ly nie (1959:148,149). Loedolff verduidelik nie wat hulle met “ly” bedoel nie.

Een besliste probleem volgens die lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die feit dat dié kerk sterk aan Nederland blootgestel is wat taal en kultuur betref. Hulle ervaar geen blootstelling aan Afrikaans nie. Sommige van hulle werk selfs net saam met Nederlanders. Die gebrek aan kontak met Afrikaans en die Afrikaanse kultuur was ‘n probleem (1959:148,149).

In 1960 het die voertaal van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika amptelik Afrikaans geword - dit is geleidelik ingelei. Die oorweldigende Nederlands het geleidelik begin afneem, hoewel die blootstelling aan die Nederlandse kultuur en opset steeds in 1995 groot was. Die feit dat predikante steeds vanuit Nederland beroep word en daar opgelei word speel ‘n beslissende rol hierin. Baie lidmate het steeds naby familie in Nederland. Die wortels in Nederland is beslis nie uitgetrek nie (VGKSA, s.j.:4,5,8).

Hierdie kerke het ook hul eie skool. Daarin word aan die kinders die Nederlandse geskiedenis geleer, sodat die beste Nederlandse tradisies in Suid-Afrika oorgedra en voortgedra kan word. Hulle voel dat daar niks so erg is as dat ‘n mens sy agtergrond verloor het nie. Die kinders moet dus grootword in die agtergrond van hul vaderland. Net so moet die kinders kontak met die Nederlandse taal behou. Hulle moet Nederlandse publikasies lees en het selfs onderrig in die Nederlandse taal ontvang (Loedolff, 1959:148,149). Die Nederlandse geskiedenis en -kerkgeskiedenis vorm huidiglik steeds deel van die geskiedenis sillabus. Die kinders word ook steeds aangemoedig om elke week Nederlands te lees hoewel hulle nie meer onderrig in die Nederlandse taal ontvang nie.[87]

Tog is daar ‘n ernstige strewe van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om voluit ‘n Afrikaanse kerk in Suid-Afrika te wees en hulle nie af te sny van die werklikheid van Suid-Afrika waarbinne hulle lewe nie (VGKSA, s.j.:4,5).

[87] AVGKSA Navraag by die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn, 24.4.1996.

Hierteenoor is in samesprekings tussen albei groepe deputate telkens deur die deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beklemtoon dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sy eie geskiedenis, taal, en kultuur het. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet daarvolgens bekyk en verstaan word, met ander woorde in en teen sy eie agtergrond. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sterk aan die kerklike lewe in Europa gemeet, wat nie korrek is nie. Suid-Afrika het 'n eie unieke sosio-ekonomiese en politieke opset.[88]

Albei kerkgemeenskappe praat vanuit hul eie bepaalde historiese agtergrond. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is pas tevore (1942-1944) deur 'n lang kerkstryd in Nederland wat reeds in 1834 begin het. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ongeveer 'n eeu tevore, in 1859, laas 'n kerkstryd geken. Die blootstelling aan kerkstryd het lank reeds by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vervaag, terwyl dit vars in die geheue van diegene uit die Vrymaking (1942 - 1944) in Nederland was. Derhalwe het laasgenoemde die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie vurig ten opsigte van die kerklike lewe ervaar nie. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wou selfs nie in die kerkstryd in Nederland betrokke raak na 1944 nie. Dit is opvallend dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel uitsprake ten opsigte van die Geelkerken saak in 1927 in Nederland gemaak het, maar geweier het om in die Vrymaking betrokke te raak. Een rede hiervoor is, omdat dieselfde verskille oor die leer in die Gereformeerde Kerken Nederland voor die Vrymaking (1942 - 1944) ook in die Gereformeer-

[88] AGKSA (E) R.F. van den Berg: Verslag van die samespreking tussen die deputate vir binnelandse kerkformasies en deputate vir ekumeniese kontakte, 29.9.1975.; AGKSA (K) B. Spoelstra: Samespreking tussen subkommissie deputate vir ekumeniese sake en deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 26.10.1977.; AGKSA (E): Samesprekings tussen Deputate vir ekumeniese sake van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en díe vir binnelandse kerkformasies van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 25.9.1972.

de Kerke in Suid-Afrika teenwoordig was en daar ‘n onuitgesproke vrees vir dieselfde kerkskeuring as in Nederland ook in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was.[89]

Dit blyk dat die verskillende kulturele agtergronde ‘n belangrike faktor is in die geskeidenheid tussen die twee kerkgemeenskappe. Die afsonderlike kulture van beide kerke het eie geestesontwikkeling, geesteslewe, gemeenskapsvorme, gebruike en gewoontes tot gevolg gehad. Op sy beurt het dit bepaalde perspektiewe by beide kerkgemeenskappe geopen wat tot die geskeidenheid bygedra het.

KERKBEGRIP AS FAKTOR

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika handhaaf ‘n beleid van dubbele korrespondensie, waardeur hy meen dat dit moontlik is om korrespondensie met meer as een kerk in dieselfde land te voer. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontken die Skriftuurlikheid van dié praktyk. Hulle voer aan dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hierdeur die geskeidenheid tussen twee kerke in dieselfde land tolereer en selfs goedkeur.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika stel die institusionele sy van die kerk primêr ten koste van die innerlike “geloofsooreenstemming”, meen Spoelstra.[90] Dit kom voor asof die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die kerkbegrip verder neem as wat die bedoeling van die Skrif is. Die eie organisasie word as die enigste aanvaar wat beteken die kerk het as instituut dominerend geword. In navolging van

[89] Mededeling van Anton Jansen aan die skrywer. Volgens hom is dit die opinie en ervaring van verskeie lede uit die Vrymaking ten opsigte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Kassetopname in besit van die skrywer).

[90] Anton Jansen Versameling (Glenstantia) Telefoongesprek tussen M.J. Boersema en prof B. Spoelstra, 10 Junie (1976).

Calvyn, meen Spoelstra dat die liggaam van Christus en die geloof eerste staan, terwyl die instituut nie verkeerd is nie, maar tweede staan. Dit gaan dus oor die hart en nie die instituut nie. Dit is wetties, hooghartig en formalisties om te verwag dat ander kerke (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) moet dink soos wat een spesifieke kerk (Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) dink , meen hy.[91]

Hierteenoor meen Van der Waal (s.j.:15,17) dat die volkskerk gedagte baie sterk ingebed is by die Afrikaner en ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit het die skadusy van die "Afrikanernasie" (Van der Waal, s.j.:15) geword. Dit het, volgens hom, gespruit daaruit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die ander Afrikaners die volksgedagte bo díé van die kerk gestel het en die twee onlosmaaklik aan mekaar verbind het. Die gevolg hiervan was dat daar geen dissipline in die kerk meer was nie, dat die tug verslap het en dat die amp van die gelowige ingesink het (Van der Waal, s.j.:15). Hierdie onverskilligheid en gebrek aan diepgang stel die amp van die gelowige ondergeskik. Dit laat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sonder die onderskeidingsvermoë met betrekking tot die dwalinge binne die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en ander sake soos swak katkisasie, die oordrewe leun op ampsdraers en swak prediking met min eksegese (Van der Waal, s.j.:17)

Volgens Schilder het die praktyk bewys dat die drie susterkerke in Suid-Afrika so verwêreldlik het dat hulle nie meer van mekaar onderskei kan word nie (1950:47). Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het nie meer 'n unieke identiteit nie. Dit veroorsaak dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se kerkbegrip verskil van dié van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

---

[91] Ibid.

Dit is gevolglik duidelik dat beide kerke opereer vanuit ‘n verskillende verstaan van wat kerk en kerkwees werklik behels. Hoewel albei kerk wil wees volgens die kenmerke van die kerk in Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, lê die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voortdurend klem op eenheid in leer, diens en tug met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika volgens sy belydenis van die een heilige, algemene Christelike kerk. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wou ook deur sy kontak en betrokkenheid by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (Raad) en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) ‘n positiewe getuienis uitstraal en die kerke sodoende op die regte gereformeerde weg lei.

Daarteenoor lyk dit asof die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ‘n vorm van onafhanklikheid volg. Hulle fokus op die kenmerke van die ware kerk, maar is van mening dat dit slegs binne een kerkverband in ‘n bepaalde land voorkom. Wanneer korrespondensie met ‘n bepaalde kerk gestaak word, word alle bande met daardie kerk radikaal afgesny. Geen kontak mag met ‘n valse kerk (byvoorbeeld die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en die Nederlandse Gereformeerde Kerken) behou word nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika motiveer sy optrede deur daarop te wys dat hulle tot die uiterste toe gegaan het om daardie kerke op hul foute en/of dwalinge te wys. As daardie kerk nie reageer nie, skud hulle ter handhawing van die suiwere leer en beskerming van die suiwere geloof, die stof van hul voete af.

Gevolglik kan gesê word dat kerkbegrip ‘n bepalende faktor is in die geskeidenheid.

KORRESPONDENSIE-BESKOUING

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika handhaaf in teenstelling met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika slegs korrespondensie met een kerk in ‘n bepaalde land. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hou die moontlikheid oop vir korrespondensie met meer as een kerk in ‘n bepaalde land, waarteen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besware het. Dit beteken volgens hulle dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daarmee die sondige geskeidenheid tussen twee of meer kerke in ‘n bepaalde land goedkeur. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ‘n plig om sulke kerke te wys op hul versoeningstaak.

Tydens die kontak wat die twee kerkgemeenskappe met mekaar gehad het, is verskillende besware teen eenwording telkens genoem. Tog is feitlik slegs die saak van korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en die Nederlandse Gereformeerde Kerken elke keer in diepte bespreek. Ander sake wat genoem is, is nooit werklik in diepte bespreek nie.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het voor die Vrymaking in Nederland korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland gehandhaaf. Na die Vrymaking (1942 - 1944) en die skeuring in die Gereformeerde Kerken Nederland het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) gehandhaaf. Alhoewel die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geweier het om ‘n uitspraak oor die Vrymaking te lewer, het hy in wese dus wel ‘n keuse ten opsigte van sy posisie gedoen. Sy afwagtende houding jeens die gebeure in die Gereformeerde Kerken Nederland het ook ‘n keuse geïmpliseer. Oor die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) se geskille wou hy nie ‘n daadwerklike keuse doen nie.

‘n Onbeantwoorde vraag wat ontstaan het, is of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) genoeg rede is om ‘n afsonderlike kerk te institueer. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se antwoord hierop was dat hulle nie kans gesien het om die kerklike weg in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika enduit te voer nie (Bijzet *et al.*, 1990:37). Bijzet *et al.* (1990:37) vra of dit sonde en ongeloof sou wees indien die Nederlandse immigrante na Suid-Afrika uit die Vrymaking (1942 - 1944) by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou aansluit en sodoende hul beswaar teen die korrespondensie via die kerklike weg laat hoor het? Sou hulle nie juis beter gehoor word as wat die geval vanuit die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was nie? Die anomalie wat hier ontstaan is dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehad het, maar nie kans gesien het om dit langs die kerklike weg te hanteer nie.

Na aanleiding van bogenoemde aspek wys die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate (VGKSA, 1992:77) op die aard van korrespondensie in die veertiger jare. Telefoniese kontak was feitlik onmoontlik, en faksmasjiene en verbindings per vliegtuig het nie bestaan nie. Kontak is per boot gemaak en was nie so vinnig en maklik soos vandag nie. Selfs Nederlanders het moeite gehad om te onderskei wat reg is in die Vrymaking en wat nie. Hoeveel te meer moes die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie in onkunde verkeer as gevolg van swak kommunikasie nie? Dit word bevestig deur Ds P.J. Venter wat in 1954 ‘n brief aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika rig waarin hy noem dat hy vaagweg van die Vrymaking (1942 - 1944) deur geskrifte geleer het.[92] Aan die ander kant het J.C. Jansen uit eie inisiatief ‘n boek

[92] AGKdK Ds P.J. Venter: Brief aan die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1954.

van C. Veenhof (1949) oor die Vrymaking met ‘n begeleidende brief aan elke predikant en professor van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestuur.[93] Slegs van een predikant is reaksie ontvang.[94] Die vraag is of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika werklik op onkunde op grond van die redes wat genoem is in die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate verslag hierbo, aanspraak kan maak? Hulle het wel heelwat inligting ontvang. Hierdie argument van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate hou gevolglik nie water nie.

Bijzet *et al.* (1990:27) meen dat dubbele korrespondensie wel tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan het deur die sendingwerk in Mamelodi, Pretoria. Die gevolgtrekking is dat daar ‘n anomalie in die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was. Op die gebied van sending is nou saamgewerk. Swart predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is deur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroep vir sendingwerk, maar die blankes kon nie tot samewerking kom nie (Bijzet *et al.* 1990:27,28).

In die samesprekings sedert 1976 het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate hulself dikwels afgevra waarom die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie korrespondensie met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ná 1976 wou aangaan nie. Direkte antwoorde is nooit gegee nie. Bijzet *et al.* (1990:35) meen dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie geglo het dat die Gereformeerde Kerke

---

[93] Anton Jansen-Versameling (Glenstantia) J.C. Jansen: Aan al die predikante en professore in Suid-Afrika, 1949 (Vertoë aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in verband met die erkenning van die Vrymaking, pp. 1,2).

[94] Mededeling van A. Jansen aan die skrywer. (Kassetopname in besit van die skrywer).

in Suid-Afrika hul bekeer het en die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) radikaal en duidelik genoeg afgewys het nie.

Dit is opvallend hoeveel nuwe besware sedert 1976 deur die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika teen eenwording met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1976 geopper is, terwyl Dr. C. van der Waal in gesprek met Kommissie II van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se deputate pertinent gesê het dat die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) die enigste rede was vir die instelling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[95]

Die definisie van korrespondensie en die uitlewing daarvan is verskillend verstaan deur beide kerkgemeenskappe. Korrespondensie is ‘n beslissende faktor in die geskeidenheid.

WARE KERK EN/OF EENHEID IN LEER, DIENS EN TUG

Een van die lyne wat die sterkste in die geskeide verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika loop is die vraag of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika volgens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ware kerke is. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het reeds in 1955 verklaar dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika een is in leer, diens en tug (GKSA, 1955:39). Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is volgens die Gereformeerde Kerke in

[95] AGKSA (K) D. Kempff: Verslag van gesprek van Kommissie II met Drs Van der Waal en broeders van die sg. “Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika”, 31.1.1955, p. 8.

Suid-Afrika ware kerk van Christus. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het tot dusver nog nie amptelik tot dieselfde konklusie rakende die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gekom nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat ‘n kerkgemeenskap (denominasie) eers getoets moet word alvorens dit as ware of valse kerk erken kan word. Die maatstaf vir toetsing is of daardie kerk aan die drie kenmerke van die ware kerk, volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, voldoen en dit in die praktyk handhaaf.

Hulle het egter nog nie amptelik begin om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te toets nie. Die toetsing kan eers begin, nadat die onoorkomelike struikelblokke van die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.), die Nederlandse Gereformeerde Kerken en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (Raad), asook die ander bestaande struikelblokke, uit die weg geruim word.

Vanweë bogenoemde redes het die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geweier om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as ware of valse kerke te erken. Teenstrydig hiermee het die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika egter in 1972 gesê dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie optree volgens die merktekens van die ware kerk deur alles wat in stryd is met die Woord van die Here te verwerp nie (GKSA, 1972:79).

Dit is opvallend dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nòg as ware kerk, nòg as valse kerk bestempel en tog Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as maatstaf in die beoordeling van kerke gebruik. Hulle is nog nie gereed om hierdie maatstaf op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toe te pas nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meen dat daar 45 jaar lank gepraat is, terwyl hulle nog nie begin het om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te toets nie (VGKSA, 1992:28). Tog wys die sinode van 1992 op die ooreenkomste tussen beide kerkgemeenskappe. Hierdie ooreenkomste kom ooreen met die kenmerke van die ware kerk volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (VGKSA, 1992:27,28).

In die uitsprake oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is gereeld verwys na sogenaamde probleme en swakhede in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat nie die kenmerke van die ware kerk direk raak nie. Die sinode van 1992 van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika erken selfs dat daar in die verlede na probleme verwys is wat nie die wese van die kerk raak nie, want ‘n swakheid is nog nie noodwendig onskriftuurlik nie. Die vraag van die deputate daaruit is of sulke besware wat nie die wese van die ware kerk raak nie, rede is om nie ‘n bepaalde kerk as ware kerk te beskou of selfs om ‘n uitspraak oor die waarheid van ‘n kerk te weerhou nie?

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinode van 1992 bevind dat hul hoofbeswaar teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nie-toetsing van kerkverbande is. Die feit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kerkverbande nie toets alvorens korrespondensie met hulle aangegaan word nie, is gevolglik die vernaamste en belangrikste rede op grond waarvan die Vrye Gereformeerde Kerke in

Suid-Afrika die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika regverdig.

Dit is vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika belangrik om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie net in teorie as ware kerk te erken nie, maar om hulle ook in die praktyk van leer, diens en tug as ware kerk te herken. Die feit dat ‘n kerk die kentekens van die kerk onderskryf beteken nog nie noodwendig dat daardie kerk dit in die praktyk navolg en onderhou nie. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wil vasstel of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit in die praktyk beoefen. Dan kan hulle tot die slotsom kom of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ware kerk is of nie.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se sinodes in 1990 en 1992 verklaar dat hulle een met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is in leer, diens en tug (VGKSA, 1990:27,28; VGKSA, 1992:27,28). Dit beteken volgens hulle nog nie dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ware kerk is nie. Dieselfde sinode van 1990 besluit om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nog nie as ware kerk te erken nie, maar om eers weer oor die besware teen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te besin. Hierdie twee besluite staan in stryd met mekaar. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besluit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met hom een in leer, diens en tug is beteken volgens hom dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ware kerk is. Vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is hierdie twee uitdrukkings dieselfde. Hierdie twee is egter nie vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dieselfde nie. Om een in leer, diens en tug te wees is nog nie om ware kerk te wees nie, aangesien die kerk dit nie noodwendig in die praktyk uitleef nie.

Dit is opmerklik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verkwalik word, omdat hy in die geskeide verhouding tussen die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) en die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland sou berus en ook nie laasgenoemde kerke sou vermaan om eenheid en versoening by die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) te soek nie.

Dis ook opvallend dat hoewel die eenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nog nie erken word nie, die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tog sy nieblanke studente in Potchefstroom aan die Teologiese Fakulteit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika laat studeer, terwyl die blanke studente na die Teologiese Fakulteit van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) gestuur word vir opleiding (VGKSA, 1993:3; VGKSA, 1994:76).

Ds J.J. Arnold meen dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie ondersoek wou instel na die waarheid van die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) en díe van die Gereformeerde Kerken Nederland (vryg.) onderskeidelik nie. Gevolglik wou die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie die strydpunte tussen die twee kerke bespreek nie. Sodoende het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op ‘n dwaalspoor geraak en verkeerde kerke wat nie met hom een in leer, diens en tug is nie, nagevolg. Hy meen dat vasgehou moet word aan die onderskeid tussen die kerk van Christus en ‘n vereniging van mense. Net so ook aan die feit dat die kerk die vergadering van Christus is.[96]

[96] AVGKSA J.J. Arnold: Inleiding voor de Mannenvereniging - Mijnheer de voorzitter, (1988).

Daar is ‘n opsigtelike verskil tussen die twee kerkgemeenskappe se benadering tot die definiëring en erkenning van ‘n kerk as ware kerk. Hierdie verskil was ‘n mede-bepalende faktor in die geskeidenheid.

Daar bly egter vrae oor wat nie beantwoord is nie.

VRAE WAT NIE BEANTWOORD IS NIE

In aansluiting by bogenoemde vier faktore wat tot die geskeidenheid bygedra het word vervolgens ‘n paar vrae gevra wat nie beantwoord is of waarvan die antwoorde nie binne die doel van hierdie studie val nie en tot verdere studie aanleiding kan gee:

- Waarom wou die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie uitspraak oor die Vrymaking lewer nie? Was dit volgens menings moontlik, omdat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika self bang was vir ‘n skeuring in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aangesien die leer oor die veronderstelde wedergeboorte ook in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sou geleef het? Sou dit verband hou met deputate se opmerking dat dit ‘n seën is dat die geskil in die leer oor die doop en verbond nie in Suid-Afrika ingebring is nie? Waarom het hulle dit gesê?
- Waarom was daar op een persoon na, geen reaksie deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op die uitstuur van C. Veenhof se boek, *Om de Unica Catholica* en die indringende oproep van die begeleidende brief van J.C.

Jansen nie, terwyl die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by tye verontskuldig is oor sy onkunde oor die Vrymaking (1942 - 1944)?

- Was die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se betrokkenheid by die Gereformeerde Ekumeniese Raad ‘n onoorkomelike struikelblok vir eenwording? Was blootstelling aan die Gereformeerde Ekumeniese Raad ‘n noodwendige rede vir geskeidenheid om voort te duur?
- Is ‘n kerk ‘n valse kerk, omdat hy hom nie uitspreek oor ‘n skeuring tussen twee kerke in ‘n ander land nie?
- Bijzet *et al.* (1990:46) vra of die eensgesindheid in die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sterk genoeg is om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te ontmoet?
- Is een kerk se korrespondensie met buitelandse kerke voldoende rede vir ‘n kerk om hom nie by die betrokke kerk te voeg volgens Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie?
- Moes die immigrante uit die Vrymaking hul eers by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aansluit en dan die kerklike weg volg met hul besware teen die Gereformeerde Kerken Nederland (syn.) of nie? Waarom het hulle nie daarvoor kans gesien nie?
-
-
-
-
-

FINALE GEVOLGTREKKING

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika fokus beide op die eenheid in Skrif, belydenis en kerkorde (leer, diens en tug). En tog bedoel elkeen iets anders met hierdie uitdrukking.

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika praat vanuit die perspektief van die kerk as ‘n instituut, naamlik dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die enige ware kerk binne Suid-Afrika is, op grond van leer, diens en tug suiwerheid en die handhawing daarvan.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika fokus op die eenheid met ander kerkgemeenskappe binne die liggaam van Christus op grond van leer, diens en tug.

Eenheid in leer, diens en tug beteken vir die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nog nie noodwendig dat ‘n kerk ware kerk is nie. Die kenmerke van die ware kerk moet eers in die praktyk funksioneer, sodat die ware kerk op grond van sy lewe herken kan word. Daarom herken die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die ware kerk aan die vrugte daarvan, soos bywoning van die erediens, kwaliteit van katkisasie en deeglike prediking.

Die oorsaak van die geskeidenheid tussen die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet gevolglik gesoek word in die verstaan van beide se kulturele agtergrond, kerkbegrip, korrespondensie en die erken-

ning en herkenning van die ware kerk. Hierdie vier begrippe is die bepalende faktore in die geskeidenheid.

ABSTRACT

THE DISCORD BETWEEN *DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA* AND *DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA* 1950-1995

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika and ***Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*** both focus on the **unity** in **Scripture, confession and church order** (teaching doctrine, service and discipline). Yet both hold different meanings to this expression.

Speaking from the perspective of the church as an institute, *Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* hold the view that they are the only **true church** in South Africa on the basis of teaching, service and the purity and upholding of order.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika focus on unity with other church communities within the body of Christ on the grounds of teaching, service and order. They hold the possibility to correspond with more than one church in a specific country at the same time.

To *Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, unity and order do not necessarily imply that a church is a true church. The characteristics of the true church must first be put into practice so that the true church can be recognised by its life. For this reason, *Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* judges the true church by the fruit

it bears, such as attendance of church services, quality of catechism and sound and proper preaching.

The origin of the discord between *Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* and *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* is consequently found in the understanding of both churches' **cultural frame of reference**, concept of what a church is, **correspondence** and the acknowledgement and recognition of the true church. The aforementioned four notions are the determining factors contributing to the **discord**.

KEYWORDS:

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Unity

Correspondence

Cultural frame or reference

Scripture, confession and church order

True church

Discord

BIBLIOGRAFIE

ARGIVALE BRONNE

AGKdK *kyk AGRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK DIE KANDELAAR.*

AGKSA (E) *kyk ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Deputate vir ekumeniese sake.*

AGKSA (K) *kyk ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Deputate vir korrespondensie.*

AVGKSA *kyk ARGIEF VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.*

ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK DIE KANDELAAR. Codonia-laan, Waverley, Pretoria. 1949-1982.

ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Posbus 20004, Potchefstroom, 2522.

a. Deputate vir korrespondensie, 1950 - 1995.

b. Deputate vir ekumeniese sake, 1950 - 1995.

ARGIEF VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Fratesweg, Rietfontein, Pretoria.

HISTORIESE MANUSKRIPTE

ANTON JANSEN-VERSAMELING (GLENSTANTIA). Posbus 33704, Glen-stantia 0010.

PRIMêRE BRONNE

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1927. Handelinge van die drie-en-twinttigste sinodale vergadering. 60p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1949. Handelinge van die 30ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 en volgende dae. Potchefstroom. 360p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1955. Handelinge van die 32ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 26 Januarie 1955 en volgende dae. Potchefstroom. 426p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1958. Handelinge van die 33ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 22 Januarie 1958 en volgende dae. Potchefstroom. 550p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1961. Handelinge van die Vier-en-dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 25 Januarie 1961 en volgende dae. Potchefstroom. 573p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1964. Handelinge van die 35ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 22 Januarie 1964 en volgende dae. Potchefstroom. 552p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1967. Handelinge van die 36ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 17 Januarie 1967 en volgende dae. Potchefstroom. 611p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1970. Handelinge van die sewe-en-dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerkin Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 21 Januarie 1970 en volgende dae. Potchefstroom. 497p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1973. Handelinge van die agt-en-dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerkin Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 21 Januarie 1970 en volgende dae. Potchefstroom. 497p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1976. Handelinge van die nege-en-dertigste sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 10 Januarie 1973 en volgende dae. Potchefstroom. 612p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1979. Handelinge van die veertigste sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 1979 en volgende dae. Potchefstroom. 663p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1982. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika : handelinge van die een-en-veertigste sinode in sitting byeen te Potchefstroom op 6 Januarie 1982 en volgende dae. Potchefstroom. 672p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika : handelinge van die twee-en-veertigste nasionale sinode in Potchefstroom op 8 Januarie 1985 en volgende dae. Potchefstroom. 832p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika : handelinge van die drie-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 5 Januarie 1988 en volgende dae. Potchefstroom. 910p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1991. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika : handelinge van die vier-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 7 Januarie 1991 en volgende dae. Potchefstroom. 799p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1994. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika : handelinge van die vyf-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 3 Januarie 1994 en volgende dae. Potchefstroom. 746p.

GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA. 1954. Acta van de synode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gehouden te Pretoria op 21 en 22 December 1954. Pretoria. 39p.

GKSA *kyk GEREFORMEERDE KERK(E) IN SUID-AFRIKA.*

VGKSA *kyk VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA en ook GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA.*

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1957. Acta van de synode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehouden te Pretoria op 2 Januarie 1957. Pretoria. 24p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1960. Acta van de synode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehouden te Pretoria op 2 en 3 December 1960. Pretoria. 27p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1963. Acta van de synode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehouden te Pretoria op 5 en 6 Juli 1963. Pretoria. 14p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1966. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat gehou is op 19 en 20 Mei 1966 in Pretoria. Pretoria. 33p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1972. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Pretoria op 18, 19 en 20 Desember 1972. Pretoria. 106p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1974. Handelinge van die negende sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Kaapstad op 1-4 Julie en 27,28 September 1974. Kaapstad. 45p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1976. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Pretoria op 2,3,5 en 6 Januarie 1976. Pretoria. 51p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1978. Handelinge van die 13e sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Kaapstad van 12 - 15 April en voortgesit te Pretoria van 6 - 10 Oktober en 17 - 18 November 1978. Kaapstad. 41p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1980. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Pretoria op 11, 12, 14 en 15 April 1980. Pretoria. 40p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, 1982. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Johannesburg op 16, 17, 19 en 20 April 1982. Johannesburg. 73p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, 1984. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Kaapstad van 5 tot 6 April 1984. Kaapstad. 78p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1987,1988. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Johannesburg van 9 - 13 Okotber 1987 en 12 - 14 Mei 1988. Johannesburg. 186p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1990. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Kaapstad van 5 - 9 April 1990. Kaapstad. 147p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1992. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Pretoria van 29 April tot 2 Mei 1992 en Ad Hoc-Sinode gehou op 22 Maart 1991 te Pretoria. Pretoria. 136p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, 1993. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Pretoria. Pretoria. 10p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1994. Handelinge van die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Johannesburg van 4 Mei tot 7 Mei 1994. Johannesburg. 94p.

LITERATUUR

BIJZET, F.J. 1992. Die Vrye Gereformeerde Kerke begeer ‘n meer intensiewer kontak met die GKSA (1). *Die Kerkblad*, 95(2905):11-12, Desember 2.

BIJZET, F.J. 1992. Die Vrye Gereformeerde Kerke begeer ‘n meer intensiewer kontak met die GKSA (2). *Die Kerkblad*, 95(2906):13-14, Desember 16.

BIJZET, F.J. et al. 1990. Tussen stryd en diensbaarheid : die uitstraling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria. 60p.

BYBEL. 1954. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat en oorgesit uit die oorspronklike tale. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

D'ASSONVILLE, V.E. 1980. Kerkgeskiedenis in 30 lesse. Potchefstroom : Marnix. 116p.

DE BOER, E.A. 1991. Die toekoms van die VGK in Suid-Afrika. *Mededelingsblad van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria,* 22(8):16,17. 28 April.

DEDDENS, D. 1994. De Vrijmakingsvergadering van 11 Augustus 1944. (In Deddens, D. en te Velde, M., red. Vrijmaking - Wederkeer : Vijftig jaar Vrijmaking in beeld gebracht 1944 - 1994. Barneveld : De Vuurbaak. p. 65 - 91.).

DOUMA, O.J. 1994. Zusterkerken in het buitenland. (In Deddens, D. en te Velde, M., red. Vrijmaking - Wederkeer : Vijftig jaar Vrijmaking in beeld gebracht 1944 - 1994. Barneveld : De Vuurbaak. p. 65 - 91.).

JANSEN, A. 1989. Die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1950-1989. *Die Goue Kandelaar*, (28):11-15.

JANSEN, A. 1994. Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria. (Kassetopname in besit van outeur).

JOOSTE. J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom : Potchefstroom Herald. 415p.

KRUGER, B.R. 1957. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria : V&R. 250p.

LOEDOLFF, J.F. 1959. Nederlandse immigrante : ‘n sosiologiese ondersoek van hul inskakeling in die gemeenskapslewe van Pretoria. Kaapstad : HAUM. 256p.

ROELEVELD, R. 1967. Prof. Dr. K. Schilder over de positie van Emigranten met betrekking tot bestaande Kerken. *In die Skriflig*: 34-49.

SCHILDER, K. 1950. Persschouw. *De Reformatie*, 26(4), Okt. 28.

SPOELSTRA, B. 1961. Die “Doppers” in Suid-Afrika 1760-1899. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D. Litt.) 484p.

SPOELSTRA, B. 1984. 125 jaar na Rustenburg 11 Februarie 1859. *In die Skriflig,* 18(69):1-8, Maart.

SPOELSTRA, B. 1989. Secession and the Reformed (`Dopper’) Churches in South Africa. *In die Skriflig,* 23(92):60-80, Desember.

TE VELDE, M. 1994. Kerkstrijd in oorlogstijd. (In Deddends, D. en Te Velde, M., red. Vrijmaking - Wederkeer : Vijftig jaar Vrijmaking in beeld gebracht 1944-1994. Barneveld : De Vuurbaak. p. 39-64.).

VAN DER KOOY, R. 1992. Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke. *Kerk en Woord*, 40(5):10-13, Mei.

VAN DER MERWE, P.J. 1972. Die bronnelys en voetnote. Kaapstad : Tafelberg.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Professor Dirk Postma 1818-1890. Potchef-stroom : Pro Rege. 499p.

VAN DER WAAL, C. s.j. Korte Overzicht van de Zuidafrikaanse kerkgeschiede-nis. Pretoria. 27p.

VEENHOF, C. 1949. Om de “unica catholica” : een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder de en over de synodocratie. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 446p.

VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. s.j. Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria. 9p.